



Wes-Kaapse
Regering

Kultuursake en Sport



Jaarverslag 2012/2013
Kultuursake en Sport

Departement van Kultuursake en Sport

Provinsie van die Wes-Kaap

Begrotingspos 13

Jaarverslag
2012/2013

INHOUD

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING	1
1 Algemene inligting vir Departement	1
2 Lys van afkortings/akronieme	1
3 Strategiese oorsig	4
3.1 Visie	4
3.2 Missie	4
3.3 Waardes.....	4
3.4 Strategiese uitkomsgerigte doelwitte	4
4 Wetgewende en ander mandate.....	12
5 Organisasie struktuur	13
6 Entiteite wat aan die LUR verslag doen	14
7 Voorwoord deur die LUR.....	
8 Rekenpligtige Beampte se oorsig	15
DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING	17
1 Verklaring van verantwoordelikheid vir prestasie-inligting	17
2 Ouditeur-Generaal se verslag: Voorafbepaalde doelstellings.....	18
3 Oorsig van departementele prestasie	18
3.1 Dienslewingsomgewing	19
3.2 Dienslewingsverbeteringsplan, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013.....	19
3.3 Organisasie omgewing	22
3.4 Hoofontwikkelings en wysigings van wetgewing	23
4 Strategiese uitkomsgerigte doelwitte	24
5 Prestasie-inligting volgens program	24
5.1 Program 1: Administrasie	24
5.2 Program 2: Kultuursake	27
5.3 Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste	40
5.4 Program 4: Sport en Ontspanning.....	46
6 Opsomming van finansiële inligting	55
6.1 Departementele kwitansies.....	55
6.2 Programbesteding.....	56
6.3 Oorplasingbetalings, openbare entiteite uitgesonderd	56
6.4 Openbare entiteite	77
6.5 Opbetaalde voorwaardelike toelaes en spesifieke betalings	78
6.6 Ontvangde voorwaardelike toelaes en spesifieke betalings	79
6.7 Gelde van donateurs	83
6.8 Kapitaalbelegging, instandhouding- en batebestuurplan	83

DEEL C: BESTUUR	84
1 Inleiding	84
2 Risikobestuur.....	84
3 Bedrog en korrupsie	84
4 Beperking van belangebotsings	85
5 Gedragskode	85
6 Gesondheids-, veiligheids- en omgewingskwessies	85
7 Interne beheereenheid.....	85
8 Verslag van ouditkomitee	85
DEEL D: MENSLIKE HULPBRONBESTUUR	88
1 Wetgewing wat menslike hulpbronbestuur reël	88
2 Inleiding	88
3 Toesighoudende statistiek vir menslike hulpbronne	91
3.1 Personeelverwante besteding.....	93
3.2 Indiensneming en vakatures	92
3.3 Werksevaluering.....	94
3.4 Veranderinge met indiensneming	96
3.5 Diensbillikheid.....	99
3.6 Ondertekening van Prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede.....	105
3.7 Vul van SBD-poste.....	106
3.8 Prestasie van werknemers	107
3.9 Buitelandse werkers.....	110
3.10 Verlofbenutting vir tydperk 1 Januarie 2012 tot 31 Desember 2012.....	111
3.11 MIV en VIGS en programme vir gesondheidsbevordering	113
3.12 Arbeidsverhoudinge	117
3.13 Ontwikkeling van vaardighede	119
3.14 Beserings in diens tyd	121
3.15 Gebruik van konsultante	121
DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING	123

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING

1 ALGEMENE INLIGTING VIR DEPARTEMENT

FISIEKE ADRES:	Protea Versekeringsgebou Groentemarkplein Kaapstad 8001
POSADRES	Privaatsak X9067 Kaapstad 8000
TELEFOONNOMMER	0860 142 142
FAKSNOMMER	021 483 9504
E-POSADRES	dcas.com@westerncape.gov.za
WEBTUISTE	www.westerncape.gov.za/dcas

2 LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

Absa KKNK	Absa Klein Karoo Nasionale Kunstefees
AERP	Algemeen Erkende Rekenkundige Praktyk
ASDBR	Algemene Staatsdienssektorbedingingsraad
BOASG	Beleid oor Ongeskiktheidsorg en Aftrede weens Swak Gesondheid
BRS	Basiese Rekenkundige Stelsel
BSB	Beroepsesifieke bedeling
DB	Diensbillikheid
DISWEK	Gestremdheid Wes-Kaap
DKES	Departement van Kultuursake en Sport
DKK	Departement van Kuns en Kultuur
DSA	Departement van Staatsdiens en -Administrasie
WGWP	Werknemergesondheids- en welstandsprogram
EWK	Erfenis Wes-Kaap
FEDANSA	Federasie vir Danssport Suid-Afrika
GG	Staatsmotorvervoer
GPT	Skolesport Gesamentlike Provinsiale Taakspan
HBI	Histories Benadeelde Indiwidu
HvD	Hoof van Departement
IPU	Internasionale Poppespeelunie
ISSWO	Interdissiplinêre Sentrum vir Sportwetenskap en -ontwikkeling, UWK
IKT	Inligting- en kommunikasietegnologie
IST	Interstreekstoernooi (Basketbal]
JFS	Jaarlikse Finansiële State
KDS	Korporatiewe Dienssentrum
King III	King-verslag oor Korporatiewe Bestuur, 2009
KOP	Klubontwikkelingsprogram

KBRSD	Koördinerende Bedingingsraad vir die Staatsdiens
LOGIS	Logistieke Inligtingstelsel
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
M en E	Monitering en Evaluering
MBT	MIV-berading en toetsing
MH	Menslike Hulpbronne
MIT	Munisipale Infrastruktuurtoelae
MGO	Massa-deelname; Geleentheid en toegang; Ontwikkeling- en groeisentrumprogram
MTBR	Mediumtermyn-bestedingsraamwerk
NAAIRS	Nasionale Geoutomatiseerde Argiefinligtingsnasporingstelsel
NER	Nasionale Erfenisraad
NKR	Nasionale Kunsteraad
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NPL	Netbal-premierliga
NSORP	Nasionale Sport- en Ontspanningsplan
NRO	Nie-regeringsorganisasie
OBAD	Onafhanklike Berading- en Adviesdienste
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBKOM	Ondernemingsrisikobestuurkomitee
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PERSAL	Personeelsalarisstelsel
PK	Provinsiale Kennisgewing
PPA	Programprestasie-aanwyser
PRAESA	Projek vir Alternatiewe Onderwys in Suid-Afrika
PSD	Provinsiale Strategiese Doelwit
PTF	Provinsiale Taalforum
PTK	Provinsiale Taalkomitee
PWMES	Provinsiewye Monitering- en evalueringstelsel
SA	Suid-Afrika/Suid-Afrikaanse
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap
SANW	Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag
SAOSA	Suid-Afrikaanse Oorplantingsportvereniging
SASKOK	Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee
SAGT	Suid-Afrikaanse Gebaretaal
SAVI	Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut
SBD	Senior Bestuursdiens
SDR	Staatsdiensregulasies
SGMDP	Siyadlala-gemeenskapsmassadeelnameprogram
SITA	Staatsinligtingstechnologie-agentskap
SK	Suid-Kaap

SKLVBHV	Suid-Kaapse Ligte Visvangboot-hengelvereniging
SKOOR	Staande Komitee op Openbare Rekeninge
SKGODU	Suid-Kaap Gemeenskapontwikkelings-domino-unie
SBIBS	SITA Biblioteekinligting-bestuurstelsel
SOI	Seksueel-oordraagbare infeksie
SOSA	Sport en Ontspanning Suid-Afrika
SSMDP	Skolesport-massadeelnameprogram
SWD	Suid-Westelike Distrikte
TB	Tuberkulose
TKEA	Toegang tot Kultuurerfenisargief
UNAIDS	Verenigde Nasies Program vir MIV en VIGS
UNESCO	Verenigde Nasies Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kultuurorganisasie
UOWP	Uitgebreide Openbare Werke-program
UWK	Universiteit van Wes-Kaapland
VBD	Voorafbepaalde doelwit
VBT	Vrywillige berading en toetsing
VGORG	Veiligheids-, Gesondheids-, Omgewings-, Risiko- en Gehaltebestuur
VOC	Vereenigde Oost-Indische Compagnie
VPFB	Verbeteringsplan vir Finansiële Bestuur
VPW	Vaardigheidsplan vir die Werkplek
WBP	Werknemerbystandsprogram
WK	Wes-Kaap
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
WKKMV	Wes-Kaapse Koormusiekvereniging
WPSR	Westelike Provinsie Sportraad
WKR	Wes-Kaapse Regering
WKTk	Wes-Kaapse Taalkomitee
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
WP	Westelike Provinsie
WSR	Weskus Sportraad
WVI	Wet op die Verdeling van Inkomste, 2012

3 STRATEGIESE OORSIG

3.1. Visie

Maatskaplik inklusiewe, skeppende en aktiewe Wes-Kaap.

3.2. Missie

Ons moedig uitnemendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur aan deur middel van die doeltreffende, toepaslike en volhoubare gebruik van ons hulpbronne, en ook deur middel van skeppende vennootskappe met ander. Op pad na uitnemendheid, skep ons die omstandighede vir toegang en massa-deelname, talent-identifisering en die ontwikkeling van vaardighede.

3.3. Waardes

Bevoegdheid, Verantwoordbaarheid, Integriteit, Responsiwiteit, Sorg.

3.4. Strategiese uitkomsgerigte doelwitte

Strategiese Doelwit 1	'n Doeltreffende, bevoegde, ekonomiese administratiewe diens
Strategiese Doelwit 2	Die bevordering, ontwikkeling en transformasie van alle kultuuraktiwiteite in die Wes-Kaap om by te dra tot nasiebou, goeie bestuur en die ontwikkeling van maatskaplike en menslike kapitaal, en om ook by te dra tot volhoubare ekonomiese groei en geleenthede
Strategiese Doelwit 3	Die ontwikkeling, transformasie en bevordering van volhoubare biblioteek-, transformasie- en argiefdienste
Strategiese Doelwit 4	Die onderneem van en steun aan maatskaplik inklusiewe sport- en ontspanningstrukture en -aktiwiteite

4 WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) beskou as bindend die wetgewende mandaat waarop sy omvattende funksionering gebaseer is, veral doeltreffende, billike en toeganklike dienslewering, gerugsteun deur die regering se Witskrif oor die transformasie van dienslewering in die Staatsdiens, "die Batho Pele-inisiatief".

Die Departement word binne die wetgewende en beleidsmandate wat hieronder uiteengesit word, bedryf.

Grondwetlike mandate

Afdeling	Beskrywing
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 6(3) en (4): Taal	Die Wes-Kaapse Regering moet, deur middel van wetgewende en ander maatreëls, die gebruik van amptelike tale bepaal en monitor. Alle amptelike tale moet gelyke status geniet en onpartydig behandel word. Die Wes-Kaapse Taalkomitee, in samewerking met die Departement van Kultuursake en Sport, het 'n verantwoordelikheid om die implementering van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalbeleid, wat in 2001 aangeneem is, te monitor en moet minstens een keer 'n jaar aan die Wes-Kaapse Provinsiale Wetgewer oor hierdie mandaat verslag doen.
Artikel 30: Taal en kultuur	Die Departement bied geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hulle taal- en kultuurregte deur die programme en projekte wat dit aanbied en ondersteun, uit te oefen.
Artikel 31: Kultuur, godsdienst- en taalgemeenskappe	Die Departement moet seker maak dat hul programme en projekte die kulturele diversiteit van die Wes-Kaapse bevolking respekteer.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregeringsverhoudings	Die Departement werk saam met alle regeringsfere. Ingevolge hul spesifieke mandate, werk die Departement nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en die nasionale Departement van Sport en Ontspanning, nasionale en provinsiale openbare entiteite, en munisipaliteite in die Wes-Kaap.

Afdeling	Beskrywing
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
<p>Artikel 156(4): Oordrag van bevoegdhede</p>	<p>Die Departement moet, op grond van konsensus en onderhewig aan enige voorwaardes, die administrasie van 'n saak, in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 gelys as 'n saak wat verband hou met plaaslike regering, aan 'n munisipaliteit oordra of delegeer, indien-</p> <ul style="list-style-type: none"> • daardie saak meer doeltreffend op die plaaslike vlak geadminestrer kan word; en • die munisipaliteit die bevoegdheid het om dit te administreer. <p>Die Departement fasiliteer die lewering van openbare biblioteekdienste, wat plaaslike regering as 'n onbefondsde mandaat beskou. Hierdie dienste word in samewerking met die Nasionale Tesourie en die nasionale Departement van Kuns en Kultuur deur die Voorwaardelike Toekenning vir Gemeenskapsbiblioteke gelewer, met verdere ondersteuning uit die Provinsiale Tesourie Munisipale Vervangingsfonds.</p>
<p>Bylae 4: Funksionele gebiede van gesamentlike Nasionale en Provinsiale wetgewende bevoegdheid</p>	<p>Kultuursake:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die Departement werk nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en verwante staatsorgane oor gesamentlike kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede. <p>Taalbeleid en die regulering van amptelike tale in die mate wat die bepalings van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegheid aan die Wes-Kaapse Provinsiale Wetgewer verleen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die Departement werk nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en verwante staatsorgane betreffende taalbeleidsake.
<p>Bylae 5: Funksionele gebiede van eksklusiewe Provinsiale wetgewende bevoegdheid</p>	<p>Argiefbewaarplesse wat nie deel vorm van die nasionale argiefbewaarplesse nie:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die Departement het 'n mandaat om provinsiale wetgewing betreffende argiefbewaarplesse, behalwe die nasionale argiefbewaarplesse, op te stel en die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die Provinsiale Argief- en Rekorddiens. <p>Biblioteke wat nie nasionale biblioteke is nie:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die Departement het 'n mandaat om provinsiale wetgewing vir biblioteke, wat nie nasionale biblioteke is nie, op te stel en die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir lewering van die Provinsiale Biblioteek- en Inligtingsdiens en vir noue samewerking met openbare biblioteekowerhede vir die lewering van 'n openbare biblioteekdiens. <p>Museums wat nie nasionale museums is nie:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die Departement het 'n mandaat om eksklusiewe provinsiale wetgewing vir museums, wat nie nasionale museums is nie, op te stel en die implementering daarvan te bestuur. Die departement is verantwoordelik vir lewering van die provinsiale Museumdiens en vir noue samewerking met geaffilieerde museums om hierdie museums te ondersteun. <p>Provinsiale kultuursake (waaronder erfenishulpbronbestuur en geografiese name):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die Departement verskaf personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe steun aan Erfenis Wes-Kaap om hul regsmandaat uit te oefen. Die Minister het ook bepaalde regsbevoegdhede en is die benoemde appèlowerheid ingevolge die wetgewing. <p>Die DKES bied professionele en ander steun aan die Wes-Kaapse Geografiese Namekomitee om openbare raadpleging te vergemaklik ten opsigte van die standaardisering van, en veranderinge aan, geografiese name en om aanbevelings aan die Suid-Afrikaanse Geografiese Nameraad te maak. Die Departement bied professionele en ander steun aan hierdie Komitee.</p> <p>Sport:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES het 'n mandaat om te help om 'n bemagtigende omgewing vir sport- en ontspanningsbedrywighede te skep.

Afdeling	Beskrywing
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat Publieke Administrasie reguleer.	Departementele amptenare is verantwoordelik vir voldoening aan die bepalings van artikel 195. Hierdie artikel omskryf die demokratiese waardes en beginsels wat staatsamptenare reguleer. Artikel 195(1) (b) vereis die doelmatige, ekonomiese en doeltreffende aanwending van hulpbronne. Dit behels dat programme wat in die regeringsektor onderneem word, die maksimum voordele teen die laags moontlike koste moet lewer.
Artikels 92 en 133	<p>Artikel 92 bepaal dat lede van die Kabinet gesamentlik en afsonderlik verantwoordbaar is vir die uitoefening van hul magte en die verrigting van hul funksies, en dat hulle die Parlement van volledige en gereelde verslae oor sake onder hul beheer moet voorsien.</p> <p>Artikel 133 bepaal dat LUR's van 'n provinsie gesamentlik en afsonderlik aan die Provinsiale Wetgewer verantwoordbaar is vir die uitoefening van hul magte en die verrigting van hul funksies, en dat hulle die Parlement van volledige en gereelde verslae oor sake onder hul beheer moet voorsien.</p>
Grondwet van die Wes-Kaap, 1997	
Artikel 5	<p>Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Regering:</p> <ul style="list-style-type: none"> • moet die amptelike tale Afrikaans, Engels en isiXhosa gebruik word; en • geniet hierdie tale gelyke status. <p>Die WKR moet, deur middel van wetgewende en ander maatreëls, hul gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa reguleer en monitor.</p> <p>Die WKR moet ook praktiese en positiewe maatreëls instel om die status te verhoog en gebruik te bevorder van die inheemse tale van die Wes-Kaap waarvan die status histories verminder is.</p>
Artikel 70	<p>Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die stigting en redelike befondsing, na gelang van die Wes-Kaapse Regering se beskikbare hulpbronne, van 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die provinsie wat 'n gesamentlike kultuur- en taalerfenis deel.</p> <p>Registrasie van en steun aan kultuurrade:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, een van die Provinsiale openbare entiteite waarvoor die Departement van Kultuursake en Sport verantwoordelik is, is verantwoordelik vir die registrasie van, en steun aan, geregistreerde kultuurrade.
Artikel 81	<p>Die Wes-Kaapse Regering moet beleidsrigtings aanvaar en aktief implementeer om die welsyn van die mense van die Wes-Kaap te bevorder en te handhaaf, insluitende beleidsrigtings gefokus op die verwesenliking van:</p> <ul style="list-style-type: none"> • bevordering van respek vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en • beskerming en bewaring van die natuurlike historiese, kulturele, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. <p>Die DKES stel spesifieke beleidsrigtings in werking om hierdie bepalings te steun.</p>
Artikel 82	Die voorskriftelike beginsels van provinsiale beleid in Hoofstuk 10 (artikel 81) verskaf riglyne aan die Wes-Kaapse Regering vir die opstel en toepassing van wette.

Wetgewende mandate

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Die Wet: <ul style="list-style-type: none"> • reguleer finansiële bestuur in nasionale en provinsiale regerings, gelyste openbare entiteite, grondwetlike instellings en provinsiale wetgewers • verseker dat alle inkomste, besteding, bates en laste doeltreffend en doelmatig bestuur word • definieer die verantwoordelikhede van persone wat verantwoordelik is vir finansiële bestuur in daardie liggame.
Staatsdienswet, 1994 (soos gewysig deur onder meer die Staatsdienswysigingswet	Proklamasie 103, Staatskoerant 15791, 3 Junie 1994 en Wet 30 van 2007	Hierdie Wet maak voorsiening vir die organiseer en administrasie van die DKES, die reguleer van die indiensnemingsvoorwaardes, dienstermynne, dissipline, affrede van lede van die staatsdiens en verwante sake.
Wet op die Verdeling van Inkomste, 2012	Wet 5 van 2012	Die DKES ontvang voorwaardelike toelaes ingevolge die Wet op die Verdeling van Inkomste en is verantwoordelik vir die bestuur van hierdie geld.
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet gee uitvoering aan die reg op toegang tot rekords wat deur die staat, staatsinstellings en privaatliggame gehou word. Onder meer moet die DKES en elke ander openbare entiteit: <ul style="list-style-type: none"> • 'n handboek saamstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek om toegang tot inligting wat in besit van daardie liggaam is, in te dien • 'n inligtingsbeampte aanstel om versoeke om toegang tot inligting wat in besit van daardie liggaam is, te oorweeg.
Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet: <ul style="list-style-type: none"> • bied 'n uiteensetting van die reëls en riglyne wat administrateurs moet volg wanneer hulle besluite neem • vereis dat administrateurs mense in kennis stel aangaande hul reg op hersiening of appèl en hul reg om redes te versoek • vereis dat administrateurs redes vir hul besluite verskaf • verleen aan lede van die publiek die reg om die besluite van administrateurs in die hof te betwis
Wet op Kultuurinstellings, 1998	Wet 119 van 1998	Hierdie wetgewing is spesifiek vir die Wes-Kaap en die DKES is verantwoordelik daarvoor dat die bepalings van die Wet nagekom word.
Wet op Kultuurbevordering, 1983	Wet 35 van 1983	Hierdie wetgewing is spesifiek vir die Wes-Kaap en die DKES is verantwoordelik daarvoor dat die bepalings van die Wet nagekom word.
Wet op Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996	Wet 43 van 1996	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger tot die Advieskomitee vir die Nasionale Argiewe. Die DKES is verantwoordelik vir voldoening aan die nasionale norme en standaarde wat deur hierdie wetgewing gestel word.

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997	Wet 56 van 1997	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse Provinsiale verteenwoordiger tot die Nasionale Kunsteraad, vir samewerking en skakeling met die Nasionale Kunsteraad en vir administrasie van Nasionale Kunsteraad-fondse vir die ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.
Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999	Wet 11 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse Provinsiale verteenwoordiger tot die Nasionale Erfenisraad (NER), vir samewerking met die NER, en koördinerende van aktiwiteite ten opsigte van befondsing en projekte van die NER in die Wes-Kaap.
Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	Die DKES verseker voldoening deur die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger, verkieslik 'n lid van die Erfenisraad, Wes-Kaap, tot die Raad van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA). Die DKES verseker voldoening aan die vereiste dat die Minister 'n Erfenisraad (Wes-Kaap) as die Wes-Kaapse provinsiale erfenisowerheid moet aanstel. Die Departement is daarvoor verantwoordelik om met SAEHA, Erfenis Wes-Kaap en munisipaliteite te skakel ten opsigte van die bestuur van erfenishulpbronne. Die DKES ondersteun die LUR wanneer daar 'n appel teen besluite van EWK by hom of haar ingedien is.
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995 (artikel 8(a))	Dit is die oogmerk van die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) om 'n provinsiale taalkomitee (PTK) in elke provinsie tot stand te bring. PanSAT het die mag om 'n bestaande PTK as die PTK vir PanSAT te erken indien sy van mening is dat die komitee die taalbelange van daardie provinsie voldoende verteenwoordig. PanSAT doen verslag oor die werk van die Wes-Kaapse Taalkomitee (WKTK).
Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998	Wet 118 van 1998	Die DKES is verantwoordelik daarvoor dat die bepalings van hierdie Wet nagekom word om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger te benoem om in die Suid-Afrikaanse Geografiese Nameraad te dien; om geografiese name in die Wes-Kaap na te vors; om standaardisering te verseker; en, waar nodig, om raadpleging ten opsigte van voorgestelde verandering van hierdie name te fasiliteer.
Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir voldoening aan die bepalings van hierdie Wet om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger aan te stel om op die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisadvieskomitee te dien. Die DKES is ook verantwoordelik vir voldoening aan die bepalings van die Wet en die Wêrelderfenisverdrag ten opsigte van die benoemings van potensiële terreine vir die Suid-Afrikaanse Voorlopige Lys en die benoemings van terreine op die Suid-Afrikaanse Voorlopige Lys vir oorweging deur UNESCO se Wêrelderfeniskomitee.
Wet op Nasionale Sport en Ontspanning, 1998	Wet 110 van 1998 (Wes-Kaap)	Hierdie Wet voorsien vir die bevordering en ontwikkeling van sport en ontspanning en koördinerende van verhoudings tussen SASKOK (die Suid-Afrikaanse Konfederasie en Olimpiese Komitee), SOSA, sportfederasies, sportrade en ander agentskappe. Die Wet voorsien maatreëls wat wanbalanse in sport en ontspanning moet herstel; gelykheid en demokrasie in sport en ontspanning moet bevorder; en dispuutresolusie-meganismes in sport en ontspanning moet voorsien.

Provinsiale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Wes-Kaapse Provinsiale Tale, 1998	Wet 13 van 1998 (Wes-Kaap)	Die Wes-Kaapse Taalkomitee wat deur hierdie Wet tot stand gebring word, moet onder andere: <ul style="list-style-type: none"> • die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur die Wes-Kaapse Regering monitor; • aanbevelings aan die LUR en die Provinsiale Parlement maak oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyk en beleid wat regstreeks of onregstreeks op taal in die Wes-Kaap betrekking het; • die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder; • die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder; • die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalsake in die provinsie van raad bedien • PanSAT oor taalsake in die Wes-Kaap van raad bedien Die DKES het toesig oor die WKTK en voorsien die Komitee van administratiewe en finansiële steun.
Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurraad, 1998	Wet 14 van 1998 (Wes-Kaap)	Hierdie Wet stel die Wes-Kaapse Kultuurkommissie aan om oorweging te skenk aan die registrasie en deregistrasie van kultuurrade wat gemeenskappe verteenwoordig wat 'n gesamentlike kultuur- en taalerfenis verteenwoordig. Die WKKK maak ook aanbevelings oor: <ul style="list-style-type: none"> • die visuele, uitvoerende en letterkundige kunste • die natuur- en menslike wetenskappe • kultuurgeskiedenis • die kulturbewustheid en kulturbetrokkenheid van die jeug. Die DKES het toesig oor die WKKK en voorsien die Kommissie van administratiewe en finansiële steun.
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies	PK 336 van 25 Oktober 2002	Die DKES het toesig oor Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenishulpbron. Die LUR is verantwoordelik vir die totstandkoming van die EWK en vir die aanstel van 'n Raad vir elke opeenvolgende diensteryn. Die DKES voorsien EWK van administratiewe en finansiële steun.
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies, 2003	PK 298 van 29 Augustus 2003	Die DKES het toesig oor Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenishulpbron. Die LUR is verantwoordelik vir die totstandkoms van die EWK en vir die aanstel van 'n Raad vir elke opeenvolgende diensteryn. Die DKES voorsien EWK van administratiewe en finansiële steun.
Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005	Wet 3 van 2005 (Wes-Kaap)	Die Wet bring die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap tot stand om openbare en nie-openbare rekords van blywende waarde vir gebruik deur die publiek en deur die staat te bewaar; om sodanige rekords toeganklik te maak en hul gebruik deur die publiek te bevorder.
Museumordonnansie, 1975	Ordonnansie 8 van 1975 (Kaap-provinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie waar van toepassing op provinsiale museums in die Wes-Kaap.
Oude Kerk Volksmuseum Van 't Land van Waveren (Tulbagh) Ordonnansie, 1979	Ordonnansie 11 van 1979 (Kaap-provinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie om die sake van die Oude Kerk Volksmuseum in Tulbagh te reël.
Provinsiale Biblioteekdiensordonnansie, 1981	Ordonnansie 16 van 1981 (Kaap-provinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie Ordonnansie ten opsigte van provinsiale biblioteke in die Wes-Kaap.

Beleidsmandate

Beleid	Beskrywing
Nasionale beleid	
Nasionale Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis (1996)	Die beleidskrif maak voorsiening vir 'n nasionale raamwerk vir 'n gesamentlike beleid vir beide die nasionale en al nege provinsiale departemente se beleid oor kuns, kultuur en erfenis en biblioteek- en argiefdienste ná omvattende openbare oorlegplegingsprosesse.
Nasionale Taalbeleidraamwerk (2003)	Hierdie dokument voorsien 'n nasionale raamwerk vir die toepassing van die bepalinge van die Grondwet en wetgewende mandate op alle staatsorgane, waaronder DKES. Dit detailleer ook die beginsels en implementeringstrategieë wat gevolg moet word.
Nasionale Rekordbestuursbeleid (Rekordbestuursbeleidhandleiding 2007)	Die beleid bepaal die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame moet funksioneer ten opsigte van hul rekordbestuur en hoe DKES oor die rekordbestuur van regeringsliggame in die Wes-Kaap toesig moet hou.
Bestuur van Elektroniese Rekords in Regeringsliggame: Beleid, Beginsels en Vereistes (2006)	Die beleid help regeringsliggame om as 'n integrale deel van rekordhulpbronbestuur aan wetgewende vereistes ten opsigte van elektroniese rekords te voldoen. Die Departement moet voldoen aan die voorgeskrewe nasionale en internasionale standaarde, waar toepaslik, op hardeware, sagteware en bewaringsmedia vir argiefbewaring.
Nasionale Sport- en Ontspanningsindaba-verklaring (2011)	Die DKES se hoofdoelstellings moet met die strategiese riglyn van die verklaring, wat die visie vir sport en ontspanning tot 2020 uiteensit, ooreenstem.
Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (2012)	Die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan bied 'n uiteensetting van die visie vir sport en ontspanning in Suid-Afrika tot 2020.
Nasionale Witskrif oor Sport en Ontspanning (2012)	Die beleid beklemtoon die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • Verhoging in vlakke van deelname aan sport en ontspanning; • Verhoging van sport se profiel te midde van botsende prioriteite; • Maksimalisering van die kanse op sukses by belangrike gebeurtenisse; en • Plasing van sport aan die voorpunt van pogings om misdadervlakke af te bring. Die volle verantwoordelikheid vir sport en ontspanning berus by Sport en Ontspanning Suid-Afrika.
Beleidsraamwerk vir die Regeringswye Moniterings- en Evalueringstelsel (2007)	Die doelwit van die regeringswye Moniterings- en Evalueringstelsel is om by te dra tot verbeterde bestuur en om die doeltreffendheid van organisasies en instellings in die openbare sektor te verbeter. Hierdie dokument bied die oorkoepelende beleidsraamwerk vir monitering en evaluering (M en E) in Suid-Afrika. Dit bevorder resultaatgebaseerde bestuur.
Groenskrif oor Prestasiebestuurmonitering en -evaluering (2009)	Hierdie dokument het ten doel om regeringsamptenare en hul uitvoerende gesag in staat te stel om op die verwesenliking van die uitkomst- en uitsetmaatreëls, vervat in die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTR), te fokus. Dit het ten doel om goeie departementele en individuele prestasie op alle vlakke te bevorder.
Riglyne vir Nasionale en Provinsiale Departemente vir die opstel van 'n M- en E-raamwerk.	Die riglyne maak voorsiening vir die ontwikkeling van 'n moniterings- en evalueringsraamwerk in alle regeringsinstellings sodat instellings hul vordering kan meet teen hul gemelde doelwitte en korrektiewe aksie kan neem waar nodig. Hierdie proses vereis dat departemente 'n omvattende begrip van alle administratiewe datastelsels, administratiewe datastelle en prestasie-aanduiders moet hê. Die aanduiders moet gekoppel word aan spesifieke beleidsopdragte en die stelde aanduiders moet ontleed word om enige oorsaak- en gevolgverhouding vas te stel.
Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP)	Die UOWP-sakeplanne vir die Maatskaplike Sektor (Sport) en Omgewings- en Kultuursektor (Kultuursake) voorsien 'n raamwerk vir die departement om openbare befondsing te benut vir die vermindering en verligting van werkloosheid.

Beleid	Beskrywing
Wes-Kaapse Taalbeleid (PK 369/2001, 27 November 2001)	Die DKES, tesame met al die ander provinsiale departemente, word verplig om die bepalings van die Wes-Kaapse Taalbeleid te implementeer. Die Departement moet ook deur 'n sentrale taaleenheid taaldienste aan die Wes-Kaapse Regering te verskaf.
Befondsingsbeleid vir Kuns en Kultuur (2009)	Hierdie dokument het betrekking op die toewysing van finansiële bystand aan kultuurorganisasies.
Sport- en Ontspannings-befondsingsriglyne (2012)	Hierdie dokument het betrekking op die toewysing van finansiële bystand aan sportorganisasies.
Konsepbeleid vir die Benoeming en Herbenoeming van Geografiese Kenmerke (2007)	Die konsepbeleid stipuleer die riglyne en prosesse wat deur die Departement en die Wes-Kaapse Geografiese Namekomitee gevolg moet word en prosesse wat gevolg moet word wanneer daar met belanghebbendes en gemeenskappe geraadpleeg word oor die standaardisering van, herbenoeming van, of veranderings aan, bestaande geografiese name. Hierdie liggame maak voorstelle aan die Suid-Afrikaanse Raad vir Geografiese Name en die nasionale Minister van Kuns en Kultuur.
Provinsiewye Monitoring- en Evalueringstelsel (2009)	Hierdie stel dokumente dien as 'n provinsiale respons op die regeringswye Monitoring- en Evalueringstelsel. Die doel is om bestuur en provinsiale bestuursverslaggewing te verbeter deur steun te verskaf aan: toenemend beter getuienisgebaseerde besluitneming; beleidsverbetering en doeltreffende hulpbrontoewysing.
Konsep- Wes-Kaapse Museumbeleid (2012)	Die konsepbeleid verskaf 'n grondslag vir individue en gemeenskappe om binne die bepalings van die Grondwet, museums in die Wes-Kaap te stig en te onderhou. Dit stel ook 'n raamwerk voor vir die voorgestelde nuwe Wes-Kaapse provinsiale museumwetgewing wat die verouderde Museumordonnansie(Kaapprovinsie) van 1975 sal vervang.

Strategieë	Beskrywing
Nasionale strategieë	
Voorwaardelike Toekenning: Biblioteek-Herkapitaliseringsprogram vir die verbetering van gemeenskapsbiblioteekdienste	Die DKES is verantwoordelik vir die geslaagde implementering en bestuur van die voorwaardelike toekenningsprojek in die Wes-Kaap.
Verwysingsraamwerk: Skoolsport Gesamentlike Provinsiale Taakspan (2012)	Die DKES het opdrag van SOSA en die nasionale Departement van Basiese Onderwys om 'n Skoolsport Gesamentlike Provinsiale Taakspan te stig om 'n skoolsportstrategie in werking te stel, dit te koördineer en dit te bestuur, en om deelname aan skoolsport te verseker.
Riglyne vir die Totstandbring van Kodekomitee om Skoolsport te Steun (2013)	SOSA en die nasionale Departement van Basiese Onderwys verskaf duidelike riglyne vir die stig van kode-spesifieke skoolsportkomitees op kring-, distriks- en provinsiale vlak. Die DKES is verantwoordelik vir die koördinering van skoolsport- verwante bedrywighede in die verskillende kodes. Kode-spesifieke koördineringskomitees moet aan die toepaslike sportfederasies verslag lewer.
Provinsiale strategieë	
Skoolsportriglyn (2013)	Hierdie DKES-dokument bied leiding aan belanghebbendes om aan die verskeie skoolsportbeleidsdokumente en die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan te voldoen.
Genre-ontwikkelingstrategie (2008)	Hierdie dokument bied 'n raamwerk vir die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kunsvorms in die Wes-Kaap.
Kultuurforumstrategie	Om samewerking tussen die Departement en gemeenskappe te verbeter deur die totstandbrenging en bemagtiging van kultuurforums.
Die Inisiasie-raamwerk en -protokol	Hierdie dokument is gerig op die bevordering en bewaring van die inisiasie-praktyk in die Provinsie en dit berus op 'n pre- en post-inisiasie-benadering om die veilige en higiëniese oorgangsfase na volwasseheid te verseker.

6 ENTITEITE WAT AAN DIE LUR VERSLAG DOEN

Drie entiteite doen verslag aan die LUR vir Kultuursake en Sport: die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, die Wes-Kaapse Taalkomitee en Erfenis Wes-Kaap.

Naam van Entiteit	Wetgewing	Finansiële Verhouding	Aard van Besigheid
Wes-Kaapse Kultuurkommissie	Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurraad (Wet 14 van 1998)	Die DKES is die primêre finansier van die WKKK. 'n Oorplasingbetaling word aan die Kommissie gemaak om hul ondernemings te finansier.	Die WKKK het regsverantwoordelikheid vir die registrasie en de-registrasie van kultuurrade. Hulle is ook verantwoordelik vir toesig oor die bestuur van sekere kultuurgeriewe wat die LUR onder hul beheer geplaas het.
Wes-Kaapse Taalkomitee	Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1988)	Die DKES is die primêre finansier van die WKTK. 'n Oorplasingbetaling word aan die Komitee gemaak om hul ondernemings te finansier.	Die WKTK is verantwoordelik vir die monitering van die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur die Wes-Kaapse regering; die maak van aanbevelings aan die LUR en Provinsiale Parlement; die aktiewe bevordering van veeltaligheid; die aktiewe bevordering van die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale; en raad aan die LUR en PanSAT oor taalsake in die Wes-Kaap.
Erfenis Wes-Kaap	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)	Die DKES is die primêre finansier van die EWK. 'n Oorplasingbetaling word aan die EWK gemaak om hul ondernemings te finansier.	As die provinsiale erfenishulpbrongesag vir die Wes-Kaap, het EWK spesifieke regsverantwoordelikhede ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999.

Die Wes-Kaapse regering is daartoe verbind om aktief maatskaplike verandering te bewerkstellig deur regstelling te help verwesenlik, versoening te bevorder, diversiteit te vier en voortdurend hul diensleweringsteikens na te kom. Gedurende die oorsigperiode het die Departement van Kultuursake en Sport hierdie verbintenis volvoer, en hul visie van 'n "maatskaplik-inklusiewe, skeppende en aktiewe Wes-Kaap" gestand gedoen.

Hoogtepunte van die jaar sluit in die verklaring van die Lwandle Trekarbeidmuseum as provinsie-gesteunde museum en die toewysing van provinsiale erfenisstatus aan twee betekenisvolle plekke – Ratelgat, die geestelike tuiste van die Griekwas, en De Hel in Constantia. Die vestiging van permanente uitstallings oor die swart en bruin townships, Nduli en Rooikamp, in Ceres se Togryersmuseum het aansienlik daartoe bygedra om versoening te bewerkstellig en die verdeeldheid van die verlede te genees.

Hierdie jaarverslag beklemtoon die waarde van die vennootskappe tussen die DKES en sy strategiese belanghebbendes, naamlik Sport en Ontspanning Suid-Afrika, die nasionale Departement van Kuns en Kultuur, sportfederasies en kultuurorganisasies, asook die uitwerking wat die Departement op dienslewering aan die mense van die Wes-Kaap het. 'n Belangrike stap vorentoe die afgelope jaar was die finalisering en aanvaarding van die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (NSOP). Die implementering van die NSOP sal groter ooreenstemming tussen die werk van die DKES in die Wes-Kaap en die beoogde sport- en ontspanningsuitkomstes vir Suid-Afrika as geheel meebring.

Ek betuig my dank teenoor die Premier en my kollegas in die Kabinet vir hul leierskap en steun, aan die Staande Komitee vir Kultuursake en Sport vir hul doeltreffende oorsigrol en leiding, en aan die belanghebbendes en strategiese vennote wat ons sukses moontlik gemaak het. Die drie openbare entiteite wat onder die DKES val – Erfenis Wes-Kaap, die Wes-Kaapse Taalkomitee en die Wes-Kaapse Kultuurkomitee – speel almal 'n uiters belangrike rol. Ek wil veral erkenning gee aan die Erfenisappèltribunaal vir die belangrike diens wat hulle lewer. Ek wil ook die Departement se senior bestuur en personeel bedank vir hul voortgesette toewyding tot gehalte dienslewering aan die mense van die Wes-Kaap.



Dr. Ivan Meyer

LUR vir Kultuursake en Sport

Augustus 2013

TOPBESTUUR SE PERSPEKTIEF OP DIE DEPARTEMENT

Die DKES het op sy strategiese beplanningssessie besluit om sy visieverklaring te bevestig, naamlik “ ‘n Maatskaplik inklusiewe, skeppende en aktiewe Wes-Kaap”. Die werk van die Departement het impak dwarsoor die demografiese en geografiese verspreiding van die Wes-Kaap. Die denkrigting waardeur die bestuur gelei word, is dat dienste binne ‘n raamwerk van goeie bestuur gelewer moet word, maar, belangrik, dat reëls en regulasies nie as ‘n gerieflike verskoning vir nie-lowering gebruik mag word nie. Hierdie benadering het ‘n prestasievlak in die boekjaar 2012/13 tot gevolg gehad.

PRESTASIES GEDURENDE DIE JAAR

Van die 137 programprestasie-aanduiders (PPA's) wat van toepassing is op die oorsigjaar, is 134 ten volle bereik. Die Departement se hoofprestasies het ingesluit:

- die voorsiening van steun aan 110 sportorganisasies in die streke Westelike Provinsie, Boland, Suid-Westelike Distrikte en Weskus
- die voorsiening van steun aan 57 kultuurorganisasies wat aktief betrokke is by dans, musiek, skone kunste, drama en letterkunde
- die ondersteuning van 347 biblioteeksentrums om ‘n biblioteekdiens te lewer en ‘n kultuur van lees en leer te bevorder
- die beskikbaarstelling van die Massa-deelname; Geleentheid en toegang; Ontwikkeling en Groei-(MGO-) sentrumprogram by 181 terreine om jongmense in staat te stel om ná skool aan sport, kuns en kultuurbedrywighede deel te neem
- die uitbreiding van die landelike biblioteekverbindingsprojek na 347 landelike gemeenskappe in die Wes-Kaap
- die uitbrei van die omvang van die “boekwaentjie” mobiele biblioteke om toegang tot biblioteekdienste in landelike gebiede met ‘n gebrek aan dienste te voorsien
- die vaartbelyning van die befondsingsproses van kultuurorganisasies en van sportfederasies en -klubs
- die stimuleer van werkskepping in die sport- en ontspanningsbedryf deur middel van die MGO-sentrumprogram
- die smee van verskillende vennootskappe met ander regeringsfere en met organisasies in die burgerlike samelewing.

UITDAGINGS GEDURENDE DIE JAAR

Die Departement het ‘n wye mandaat en ‘n breë stel verantwoordelikhede, wat strek van sport en ontspanning tot by die kunste, kultuur, taal, geografiese plekname, biblioteke, museums, erfenis en argiewe.

Daarbenewens is die DKES struktureel gekoppel aan twee nasionale departemente – Sport en Ontspanning Suid-Afrika en die Departement van Kuns en Kultuur. Voorts word daar van die Departement verlang om administratiewe en finansiële steun aan drie openbare entiteite te verleen. Die DKES moet gevolglik verseker dat dit vertikaal voldoen aan die nasionale uitkomst en horisontaal voldoen aan die provinsiale visie van “ ‘n oop geleentheidsamelewing vir almal” en aan Provinsiale Strategiese Doelstelling 8: “Die bevordering van maatskaplike inklusiwiteit en die verligting van armoede”.

Die lowering van dienste oor ‘n wye spektrum bedryfsgebiede, gekombineer met die verslaggewing aan meer as een bestuursvlak, maak dienslowering in die DKES meer kompleks as in sommige ander departemente.

Die Grondwet voorsien dat biblioteke wat nie nasionale biblioteke is nie, ‘n gebied van uitsluitlik provinsiale

wetgewende bevoegdheid is. Histories en regsplegend het munisipaliteite die biblioteekfunksie volvoer, maar hierdie mandaat is tans onbefonds.


Die DKES het beplan om die onbefondste biblioteekmandaat stap-vir-stap aan te pak. In 2011/12 is die eerste stappe geneem om hierdie saak te besleg deur middel van gedeeltelike befondsing en die uitvoerende toewysing van die biblioteekfunksie aan die Wes-Kaap se 15 Kategorie-B3 (finansieel-geknelde) munisipaliteite. Die projek is in die oorsigjaar voortgesit. Die toewysing van die uitvoerende opdrag van die biblioteekfunksie aan die ander munisipaliteite in die provinsie sal bykomende kapasiteit en finansiële bronne benodig. Hoewel beide nasionale en provinsiale regerings bykomende bronne bygedra het om hierdie saak aan te spreek, is daar nog nie voldoende befondsing om die probleem volledig op te los nie. Die saak van die onbefondste biblioteekmandaat sal in die buitenste jaar van die MRBR-periode verdere aandag vereis.

TOEKOMSPLANNE EN -HANDELINGE

Die DKES het weer getoon dat doeltreffendheidswinste ten opsigte van teikens in die Jaarlikse Prestasieplan bewerkstellig kan word, hoë gehalte-dienste aan die publiek gelewer kan word, besteding binne die begroting gehou kan word, die mandaat binne die bestuursraamwerk uitgevoer word en die beplande uitsette oor die MTBR-tydperk gelewer word.

Hierdie jaarverslag demonstreer die Departement se vertikale ooreenstemming met nasionale uitkomste en aanduiders, en die horisontale ooreenstemming met provinsiale strategiese doelstellings en aanduiders. Dit plaas die Departement op 'n meetbare groeikurwe op beide die kultuursake- en sportgebiede.

Die Departement het ten doel om die MGO-sentrumprogram te verbeter en deelname te verhoog deur die vaartbelyning van die programme en die inskakeling van jeugverwante funksies van die provinsie en ander regeringsfere. Die MGO-sentrumprogramme bied die beste geleentheid aan jongmense in armer gemeenskappe om hul lewensmoontlikhede te verbeter en te verseker dat die Wes-Kaap inderdaad 'n maatskaplik inklusiewe, aktiewe en skeppende provinsie van Suid-Afrika is.



Brent Walters

Rekenpligtige Beampte

Departement van Kultuursake en Sport

Augustus 2013

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING

1 VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID VIR PRESTASIE-INLIGTING

Verklaring van Verantwoordelikheid vir Prestasie-inligting vir die jaar tot op 31 Maart 2013

Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding van die Departement se prestasie-inligting en vir die beslissings wat in hierdie inligting verstrekkend word.

Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die vestiging en implementering van 'n stelsel van interne beheer wat ontwerp is om redelike versekering ten opsigte van die integriteit en betroubaarheid van prestasie-inligting te verskaf.

Ek beskou die die prestasie-inligting as 'n billike weergawe van die wesenlike prestasies teenoor beplande doelstellings, aanduiders en teikens vervat in die strategiese en Jaarlikse Prestasieplan van die Departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2013.



Brent Walters

Rekenpligtige Beampste

Departement van Kultuursake en Sport

Augustus 2013

2 OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAALE DOELSTELLINGS

Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) verrig tans die nodige ouditprosedures ten opsigte van die prestasie-inligting om redelike versekering in die vorm van 'n ouditgevolgtrekking te voorsien. Die ouditgevolgtrekking oor die prestasie teenoor voorafbepaalde doelstellings word by die verslag aan die bestuur ingesluit, met materiële bevindings wat onder die hofie Voorafbepaalde Doelstellings in die afdeling Verslag oor ander wetlike en regulatoriese vereistes in die ouditeur se verslag vervat word.

Verwys na blady 132 van die Verslag van die Ouditeur-generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële Inligting.

3 OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE

3.1. Diensleweringomgewing

Program 2: Kultuursake

Tydens die oorsigjaar het die DKES 'n totaal van R4 miljoen ontvang om as deel van die Uitgebreide Openbare Werke Program (UOWP), werkseleenthede vir jongmense te skep. Die 119 werkseleenthede wissel van vennootskappe met geaffilieerde museums vir die oudit en digitalisering van museumversamelings tot die aanbied van kuns- en kultuurgebeure soos die Absa Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK).

Die programme wat deur die kuns- en kultuurkomponent van die DKES aangebied word, dra daartoe by om organisasies te vestig en kunstenaars te ondersteun met die produksie van innoverende werke en om by te dra tot wêreldgehalte geleenthede wat deelname aan alle fasette van die kunste aanmoedig. Die komponent het daarin geslaag om programme te desentraliseer en prosesse te vestig deur nouer samewerking met munisipaliteite en professionele kuns- en kultuurinstellings.

Gedurende 2012/13 was die finalisering van die gesagsoordrag aan die Stad Kaapstad 'n betekenisvolle ontwikkeling vir die Erfeniseenheid. Dit behels dat Erfenis Wes-Kaap die Stad erken as bevoeg om die erfenishulpbronne onder hul jurisdiksie te bestuur. Die eenheid, wat jare lank gesukkel het met onvoldoende personeel om hul sleutelfunksies te verrig, sal nou oor meer tyd en ruimte beskik om die aandag te vestig op verwaarloosde gebiede, byvoorbeeld erfenisbewaringsveldtogte.

Talldiens het verskeie projekte geloods om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te bevorder en het voortgegaan om vertaal-, redigeer- en tolkdienste aan departemente van die Wes-Kaapse regering te lewer. Die vertaling van regstekste na Afrikaans en isiXhosa bly egter 'n probleem. Sulke tekste word gewoonlik aan spesialis-vryskutvertalers uitbestee. Die DKES spreek hierdie saak aan deur opleidingskursusse en werksessies om WKR-taalpraktisyns te bemagtig sodat hierdie werk doeltreffend gedoen kan word.

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Gedurende die oorsigboekjaar het die Biblioteekdiens die aantal biblioteekdienspunte in die Wes-Kaap van 343 tot 347 verhoog.

Die Munisipale Vervangingsbefondsingsprogram het steeds die 15 Kategorie B3- (finansiële sukkelende) munisipaliteite van finansiële steun voorsien om uitgawes met betrekking tot die voorsiening van openbare biblioteekdienste te vervang. Altesaam R43 403 000 is aan hierdie munisipaliteite oorgedra. Hierdie inisiatief verlig gedeeltelik die finansiële las van onbefondste openbare biblioteekdienste op plaaslike regerings en dit verhoog die gehalte van openbare biblioteekdienste in die Wes-Kaap.

Die voorwaardelike toelaagbefondsing ten bedrae van R46 914 666 is vir die biblioteekfunksie oorgedra. Altesaam R8 miljoen van hierdie bedrag is toegewys vir die bou van nuwe biblioteke – R2 miljoen aan die Langeberg-munisipaliteit vir 'n bouprojek in Nkqubela, en R6 miljoen aan die Mosselbaai-munisipaliteit vir 'n projek in KwaNonqaba.

Die Wes-Kaapse Biblioteekdiens moes 'n landwye ondersoek na die onbefondste biblioteekmandaat lei. Die Nasionale Tesourie het op die ondersoek se bevindings gereageer deur aan te kondig dat met ingang van die boekjaar 2014/15 voorwaardelike toelaes aansienlik verhoog sou word.

Die elektroniese OpenText-rekordbestuurstelsel is by die Argiefbewaarplek in werking gestel, sodat die personeel 'n beter diens aan kliënte kan verskaf. Die Argiefdiens het ook 'n gespesialiseerde oorhoofse skandeerder verkry om argiefdokumente toegankliker te maak en beter te bewaar.

Die Argiefadvieskomitee, wat die LUR van raad voorsien oor sake wat betrekking het op argief- en rekordbestuur, is gedurende die verslagjaar aangestel.

Program 4: Sport en Ontspanning

Die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan is gedurende die oorsigjaar in werking gestel. Die plan baan die weg vir sport en ontspanning in Suid-Afrika tot 2020. Die jaar 2012/13 is aan skoolsport toegewys, en die hoogtepunt was die Suid-Afrikaanse Nasionale Skolekampioenskap in Pretoria in Desember 2012.

Die Siyadlala-gemeenskapsmassadeelnameprogram berus op 'n voorwaardelike toelae vir sport en ontspanning wat die DKES se Ontspanningskomponent in staat stel om hul program te loods. Mense wat nie aan positiewe ontspanningsgeleenthede blootgestel word nie, is meer vatbaar vir misdaad, dwelms en bende-aktiwiteite. Deur kinders en jongmense vroeg in hul lewens aan ontspanningsgeleenthede bloot te stel, ondersteun die program hulle met die bewuswording van die belangrikheid en lewenslange voordele van betrokkenheid by positiewe ontspanningsaktiwiteite.

Die Skoolsportmassadeelnameprogram, befonds deur 'n voorwaardelike toelae, stel die DKES se Skoolsportkomponent in staat om hul program te implementeer. Kinders wat nie geleenthede kry om by sport betrokke te wees nie, kan makliker 'n lae selfbeeld en swak gesondheid ontwikkel. Die skolesportprogram stel kinders in staat om fisieke vaardighede te ontwikkel en op 'n hoër vlak te presteer as wat andersins die geval sou wees. Die program identifiseer individuele atlete met talent en voorsien hulle van bykomende geleenthede om hul vaardighede te ontwikkel. Die mees belowende van hierdie kinders kan, met die regte ondersteuning, 'n loopbaan in sport begin, en so hul sportpotensiaal verwesenlik.

Daar is 'n groot behoefte aan die verbetering van toegang tot sportgeleenthede in die Wes-Kaap. Federasies en klubs benodig bystand om toegang tot geleenthede vir hulspelers te skep. Die DKES verskaf steun aan sportfederasies en klubs deur toelaagbefondsing. Die Klubontwikkelingsprogram wat deur 'n voorwaardelike toelaag befonds word, is nog 'n belangrike bron van steun vir verbeterde toegang tot sport- en ontspanningsgeleenthede.

Die DKES het baie gunstige kommentaar ontvang oor die wyse waarop hul fasilitering van sportfederasiebefondsing tydens die oorsigjaar verbeter het. Die Departement het by al 30 die munisipaliteite van die Wes-Kaap betrokke geraak, na afloop van die Wes-Kaapse Munisipale Sport- en Ontspanningsberaad wat in Maart 2012 in Worcester aangebied is.

Die Departement het in 2012/13 R1 400 000 miljoen bestee om sportfederasies te help om groot byeenkomste in al vier streke van die Wes-Kaap aan te bied.

3.2. Dienslewingsverbeteringsplan, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Die Departement het 'n dienslewingsverbeteringsplan voltooi. Die tabel hieronder beklemtoon die dienslewingsplan en die prestasies dusver.

Hoofdiense en diensstandaarde verskaf

Hoofdiense	Werklike kliënte	Potensiële kliënte	Diensstandaarde	Werklike prestasie teen standaard
Inwerkingstelling van Wes-Kaapse Taalbeleid	Ekstern: Wes-Kaapse gemeenskap Intern: Taalpraktisyns van alle provinsiale departemente	Munisipaliteite Nasionale staatsdepartemente Vryskuttaalpraktisyns	6 Provinsiale Taalforum- (PTF-) vergaderings (elke tweede maand)	6 PTF-vergaderings het plaasgevind (elke tweede maand)
			14 departemente verteenwoordig op PTF-vergaderings	9 departemente was by PTF-vergaderings verteenwoordig
			6 regerings-terminologie-ontwikkelingsessies	6 regerings-terminologie-ontwikkelingsessies is gehou
			Databasis is opgedateer vir gedefinieerde terminologie	Terminologie-databasis is op datum gehou

Hoofdiense en diensstandaarde verskaf (voortgesit)

Hoofdiense	Werklike kliënte	Potensiële kliënte	Diensstandaarde	Werklike prestasie teen standaard
Fasilitering van toegang tot argief en inligting deur gebruikers met navorserskaartjies/toegangskarte te registreer	Navorsers en die breë publiek wat die Argief gebruik	Staatsliggame in die Wes-Kaap en streekkantore van nasionale staatsdepartemente	100%-registrasie van alle aansoeke wat ontvang is (nuwe aansoeke en aansoeke om herregistrasie)	Altesaam 158 navorsers en lede van die publiek is geregistreer
			Registrasieverwerking en uitreik van navorserskaartjies/toegangskarte	158 registrasieverwerkings en uitreik van navorserskaartjies/toegangskarte het plaasgevind
			100% van navorsers en lede is op 'n elektroniese register aangeteken	Al 158 die navorsers en lede is op die elektroniese register aangeteken

Konsultasieëlings met kliënte

Werklike kliënte	Potensiële kliënte	Werklike prestasie teen standaard
Inwerkingstelling van die Wes-Kaapse Taalbeleid		
Ekstern: Wes-Kaapse gemeenskap Intern: Taalpraktisyns van alle provinsiale departemente	Munisipaliteite Nasionale staatsdepartemente Vryskut-taalpraktisyns	6 Provinsiale Taalforumvergaderings is gehou 6 regeringsterminologiesessies is gehou e-pos- en telefoniese kontakte is behou Implementeringsvraelyste is aan twee provinsiale departemente gerig 'n Oudit is gehou Verslae oor werksessies en konferensies is opgestel Voorleggings is gedoen
Navorsers en die algemene publiek wat die Argiewe gebruik	Regeringsliggame in die Wes-Kaap en streekkantore van die nasionale regeringsdepartemente	Dienslewingsvraelyste is aan kliënte uitgedeel. Altesaam 117 vraelyste is voltooi en 158 inskrywings is in die terugvoeringsregister gemaak. Alle inwoners van die Wes-Kaap is uitgenodig om die Argiefweekgeleenthede by te woon: uitnodigings is aan individue, tersiëre inrigtings, skole, provinsiale en plaaslike regeringskantore en streekkantore van nasionale regeringsdepartemente gerig.

Diensleweringstoegangstrategie

Toegangstrategie	Wesenlike prestasies
Implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid	
Implementeringsdienste verskaf deur Hoofkantoor, Protea Versekeringsgebou, Groentemarkplein, Kaapstad	Alle implementeringsdienste is suksesvol voorsien deur die Hoofkantoor, Protea Versekeringsgebou, Groentemarkplein, Kaapstad
Die fasiliteer van toegang tot argiewe en inligting deur kliënte met navorserskaartjie/toegangskarte te registreer	
Die bekom en bewaring van waardevolle rekords om toegang tot die inligting te vergemaklik	Alle aansoeke om registrasie as navorsers is aanvaar en kaartjies is uitgereik

Diensinligtingsinstrument

Tipe inligtingsinstrument	Werklike prestasies
Implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid	
6 PTF-vergaderings (elke tweede maand)	6 PTF-vergaderings (elke tweede maand) het plaasgevind
6 regeringsterminologie-ontwikkelingsessies	6 regeringsterminologie-ontwikkelingsessies het plaasgevind
e-pos- en telefoniese kontakte	e-pos- en telefoniese kontak met kliënte is behou
Vraelyste	Implementeringsouditvraelyste is saamgestel vir gebruik in twee provinsiale departemente
Oudit	'n Implementeringsoudit is in twee provinsiale departemente uitgevoer
Departementele webwerf	Op datum gehou
Verslae oor werksessies en konferensies	Verslae oor werksessies en konferensies is opgestel
Cape Gateway	Die Cape Gateway-webwerf lei nou na DKES-webwerf
Voorleggings	Voorleggings is gemaak
Jaarverslag	Taalbeleidsinligting is voorsien vir die DKES- en WTK-jaarverslae
Notule	Notules van toepaslike vergaderings is beskikbaar gestel
Publikasies	Verslae is geskryf
Fasilitering van toegang tot argiewe en inligting deur kliënte met navorsingskaartjies en toegangskarte te registreer	
Jaarverslae word uitgestuur	Geen jaarverslae is uitgestuur nie, want dit is beskikbaar op die DKES-webwerf
Beleidsrigting, kennisgewings, standaarde, reëls en regulasies word gereeld per e-pos aan alle kliënte versend	e-pos-kennisgewings is aan kliënte gestuur oor sluitings vir rookbehandeling, sluitingstye gedurende die Desember-feesseisoen, 'n middagete-aanbieding, Argiefweek en benoeming vir die Wes-Kaapse Argief-Advieskomitee

Klagtemeganisme

Klagtemeganisme	Werklike prestasies
Implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid	
Wes-Kaapse Taalkomitee	Geen formele dienslewingsklagtes is ontvang nie.
Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad	Geen formele dienslewingsklagtes is ontvang nie.
Goedgekeurde Taalgedragkode vir regeringsamptenare	Geen formele dienslewingsklagtes is ontvang nie.
Die vergemaklik van toegang tot argief en inligting deur kliënte met navorserskaartjies/toegangskarte te registreer	
Dienslewingsvraelyste	Dienslewingsvraelyste is hersien en aan kliënte gestuur
Kontak met senior bestuurders	Senior bestuurders se kontakbesonderhede is beskikbaar en kliënte word aangemoedig om met hulle in verbinding te tree wanneer nodig. 'n Paar formele klagtes is ontvang en onmiddellik gehanteer.
Toepaslike terugvoering per e-pos of op ander wyses gekommunikeer toe klagtes van gereelde kliënte ontvang is	'n Paar formele klagtes is ontvang en onmiddellik hanteer
Voorstelhouer	Kliënte is aangemoedig om die voorstelhouer te gebruik
Terugvoeringsregister	'n Paar formele klagtes is ontvang en onmiddellik hanteer

3.3. Organisasoriese omgewing

Program 2: Kultuursake

Die vraag na kunste en kultuur en hulpbronne is heelwat groter as wat deur die komponent voorsien word. Dit vereis innoverende beplanning met duidelike uitkomst en die verstewiging van bestaande pogings om 'n goeie mate van sukses te verseker. Die komponent het opdrag gegee vir die hersiening van sy genrestategie om te verseker dat beplanning en praktyk toepaslik en in tred met die veranderende milieu bly. Dit sal verseker dat geleenthede aan kunstenaars uit elke agtergrond en dissipline gebied word om hulle te help om hul skeppende potensiaal te verweselik.

Gedurende hierdie tydperk het die Museumdiens hul Adjunk-direkteur en Assistent-direkteur: Steundienste verloor, wat noodwendig 'n uitdaging op bestuursvlak tot gevolg gehad het. Twee amptenare is gesekeundeer om in hierdie poste waar te neem terwyl die nodige werwingsprosesse geskied.

Die goedkeuring van die nuwe mikrostruktuur vir die Departement het nie die mikrostruktuur vir die Erfenishulpbronbestuurskomponent ingesluit nie, aangesien 'n transversale hersiening tussen die Departement van die Staatsdiens en Administrasie en provinsiale regerings tot 'n werkevalueringsondersoek gelei het.

Die doel van die subprogram is om professionele en administratiewe steun aan Erfenis Wes-Kaap te voorsien, 'n openbare entiteit onder die jurisdiksie van die DKES. Vir besonderhede omtrent hierdie entiteit se bedrywighede word lesers na EWK se Jaarverslag verwys.

In die oorsigjaar het die Taaldiens steeds 'n hoë omset van ervare taalpraktisyns, geskool in vertaling, redigering, tolking en proeflees, beleef. Ondanks die omset het die komponent hul mandaat volvoer deur personeel op kontrak aan te stel en van vryskutdiensverskaffers gebruik te maak.

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

In 2012/13 het 'n afname in die aantal beskikbare gekwalifiseerde bibliotekaris, argivarisse en rekordbestuurders, asook nie-mededingende salarislakke, steeds 'n uitwerking gehad op die werwing van geskikte kandidate vir spesifieke poste in die Direkoraat.

'n Ondersoek na die organisatoriese struktuur en poste van die eenhede vir die Voorwaardelike Toelaag- en Munisipale Vervangingsbefondsing in die Direkoraat is afgehandel. 'n Nuwe eenheid bekend as Munisipale Steundienste is in die Departement tot stand gebring. Hierdie eenheid sal uit twee afdelings bestaan, naamlik Munisipale Befondsing en Bevordering van Openbare Biblioteke.

Program 4: Sport en Ontspanning

Uitdagings vir Program 4 in die oorsigtyd was:

- die implementering van die vasgestelde federasiegrense; en
- die vereiste dat die aankoop van toerusting en klerasie deur 'n nasionale transversale tender moet plaasvind.

Sport en Ontspanning was egter in staat om sukses met hul mandaat te behaal, waaronder:

- vier jeugkampe vir jongmense uit die provinsie
- tweede plek by die SA Nasionale Skoolkampioenskap
- 'n gesamentlike provinsiale taakspan vir skool sport
- twee streekakademies vir sport

3.4 Kernontwikkelings en wetgewende veranderinge

Program 1: Administrasie

Die Nasionale Tesourie se gewysigde riglyne oor verrekening van biblioteekmateriaal as bates is in Maart 2012 uitgereik vir implementering deur die toepaslike departemente vanaf 1 April 2012. Die verandering in die rekeningkunderaamwerk het die DKES genoodsaak om 'n batebestuursbeleid en prosedures vir die versekering van voldoening aan die rekeningkunderaamwerk op te stel. Die nuwe rekenkunderaamwerk had 'n groot invloed op die prestasie-omgewing van die Biblioteekdienste, omdat die benadering tot die bestuur van werkvloei ten opsigte van biblioteekmateriaal dwarsdeur die proses, vanaf verkryging tot verspreiding, moes verander.

Program 2: Kultuursake

Museums van die provinsiale regering word ingevolge die Ordonnansie op Museums, 1975, bestuur. Werk aan 'n konsepwetsontwerp oor Wes-Kaapse museums, gebaseer op die konsep-Museumbeleid, het begin.

Gedurende die oorsigjaar is 'n aantal beleidstukke en prosedures namens Erfenis Wes-Kaap ontwikkel. 'n Gedetailleerde verslag hieroor verskyn in die jaarverslag van EWK vir 2012/13.

Die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012, vereis van elke nasionale departement, nasionale openbare entiteit en nasionale openbare onderneming om 'n konsepbeleid op te stel oor hoe hul in minstens drie amptelike tale hul dienste sal lewer; om aan te dui hoe hul sal kommunikeer met mense wat amptelike tale praat wat nie die tale is wat nie ingevolge die beleid gekies is nie; hoe hulle Suid-Afrikaanse Gebaretaal sal aanwend; en om 'n taaleenheid tot stand te bring of 'n senior amptenaar aan te stel om die beleid in werking te stel. Die effek van hierdie nasionale Wet op die gebruik van amptelike tale in die provinsies sal waarskynlik in die komende boekjaar duidelik word.

Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Die Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek- en Inligtingsdienste was in die oorsigjaar steeds onder bespreking. Die beleid oor die bestuur en verkryging van nie-openbare rekords is goedgekeur, terwyl die konsepbeleid oor digitalisering afgehandel is.

Program 4: Sport en Ontspanning

Die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan, wat deel van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) vorm, is gerig op die lewering en die toekoms van sport in Suid-Afrika. Die DKES se MGO-sentrumprogram is as een van vier NOP-loodsprojekte aangebied. Die noodsaaklike elemente van die MGO-program skakel as volg met die NOP se ses onderling verbonde prioriteite:

- Dit verenig mense rondom 'n gemeenskaplike program.

- Dit bevorder aktiewe burgerskap
- Dit ondersteun werkskepping.
- Dit fokus op die kernvaardighede van mense.
- Dit bou 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat
- Dit moedig sterk leierskap aan.

4 STRATEGIESE UITKOMSGERIGTE DOELWITTE

Strategiese Doelwit 1	'n Doeltreffende, doelmatige, ekonomiese administratiewe diens
Strategiese Doelwit 2	Die bevordering, ontwikkeling en transformasie van alle kulturele bedrywighede in die Wes-Kaap om by te dra tot nasiebou, goeie bestuur, maatskaplike en menslike kapitaal-ontwikkeling, en om by te dra tot volhoubare ekonomiese groei en geleenthede
Strategiese Doelwit 3	Die ontwikkeling, transformasie en bevordering van volhoubare biblioteek-, inligtings- en argiefdienste
Strategiese Doelwit 4	Die onderneem van en steun aan maatskaplik inklusiewe sport- en ontspanningstrukture en -aktiwiteite

Deur middel van die kuns- en kultuurprogram het die DKES hul impak in die landelike gebiede verstewig en komponentpersoneel het tydens die oorsigjaar die strategiese aksies van die Departement volvoer. Betekenisvolle vennootskappe is met 'n aantal ander organisasies gesmee sodat die DKES se invloed onder gemeenskappe versterk is. Die DKES het hul mandaat ten opsigte van die Wes-Kaapse Taalbeleid uitgevoer deur te verseker dat hul programme veeltaligheid en die verwerwing van Suid-Afrikaanse Gebaretaal bevorder het.

In 2012/13 het die Biblioteek- en Argiefdiens reëlmatig biblioteek-, inligtings- en argiefdienste verskaf. Die Biblioteekdiens het die aantal diensleweringpunte tot 347 verhoog en die Argiefdiens het argief- en rekordbestuursdienste van gehalte gelever.

Sport en Ontspanning het voortdurend steun verskaf aan sport- en ontspanningstrukture, -bedrywighede en -gebeure. Wisselwerking met vyf sportrade en 110 sportfederasies het verseker dat maatskaplik inklusiewe sport en ontspanningsbedrywighede voortdurend bevorder is. Die DKES se programme vir massadeelname, skool sport en klubontwikkeling het bygedra tot verskillende aspekte van die beplande nasionale uitkomstevir sport en ontspanning.

5 PRESTASIE-INLIGTING VOLGENS PROGRAM

5.1 Program 1: Administrasie

Doel: Om die oorhoofse bestuurs- en administratiewe steun van die Departement uit te voer.

Ontleding per subprogram

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

Om administratiewe, kliëntondersteunings- en steundienste aan die LUR te verskaf.

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste

Om 'n omvattende steundiens aan die Departement te verskaf, wat finansiële bestuursdienste aan die openbare entiteite insluit.

Subprogram 1.3: Bestuursdienste

Om 'n administratiewe steunfunksie aan die Hoof van die Departement te bied deur 'n doeltreffende kommunikasiediens te verskaf; om 'n strategiese en operasionele steundiens te verskaf, wat 'n moniterings-

en evalueringsdiens insluit; om inisiatiewe vir dienslewingsverbetering te implementeer; en om binne sy begrotingsvermoë voorsiening te maak vir instandhoudings- en akkommodasiebehoefes.

Strategiese doelstellings, prestasie-aanduiders, beplande teikens en wesentliche prestasies

Strategiese doelstellings

- Om sekretariële, logistieke, administratiewe/kantoor- en parlementêre skakelingsteun te bied
- Om 'n doeltreffende program vir Finansiële Bestuursverbetering te vestig
- Om beleidsrigtings en prioriteite te bestuur en te verwerk na strategieë in die Departement van Kultuursake en Sport.

Program 1: Administrasie					
Strategiese Doelstellings	Wesentliche Prestasie 2011/12	Beplande Teiken 2012/13	Wesentliche Prestasie 2012/13	Afwyking van Beplande Prestasies vir 2012/13	Kommentaar op Afwykings
Om sekretariële, logistieke, administratiewe/kantoor- en parlementêre skakelingsteun te bied	-	2	2	-	-
Om 'n program vir doeltreffende Finansiële Bestuursverbetering in bedryf te bring	Die personeelkapasiteits-raamwerk vir finansies is gehandhaaf	Hersiening en handhawing van personeelkapasiteits-raamwerk vir finansies	1	-	-
Om beleid en prioriteite in strategieë binne die Departement van Kultuursake en Sport om te sit	9	16	16	-	-

Prestasie-aanduiders

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR					
Prestasie-aanduiders	Wesentliche Prestasie 2011/12	Beplande Teiken 2012/13	Wesentliche Prestasie 2012/13	Afwyking van Beplande Teiken tot Wesentliche Prestasie vir 2012/13	Kommentaar op Afwykings
Opstel en inwerkingstelling van 'n lêerplan vir die Ministerie	-	1 konseplêerplan opgestel	1	-	-
Opstel van 'n tribunaalprosedure-dokument om ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) appèlle aan	-	1 tribunaal-prosedure-dokument opgestel en geïmplementeer	1	-	-

Subprogram 1.2: Finansiële bestuursdienste					
Prestasie-aanduider	Wesentliche Prestasie 2011/12	Beplande Teiken 2012/13	Wesentliche Prestasie 2012/13	Afwyking van Beplande Teiken tot Wesentliche Prestasie vir 2012/13	Kommentaar op Afwykings
Ontwikkel/ implementeer/ onderhou 'n personeelkapasiteitsraamwerk vir finansies	-	Hersien en onderhou	1	-	-

Subprogram 1.3: Bestuursdienste					
Prestasie-aanduider	Wesentliche Prestasie 2011/12	Beplande Teiken vir 2012/13	Wesentliche Prestasie 2012/13	Afwyking van Beplande Teiken vir Wesentliche Prestasie vir 2012/13	Kommentaar op Afwykings
Implementering van dienslewering-sinisiatiewe ooreenkomstig Batho Pele	6	2	2	-	-
Aantal evalueringe wat verrig is (Monitering- en Evaluering-verwant)	3	2	2	-	-
Aantal kommunikasieplanne wat opgestel en in werking gestel is	-	12	12	-	-

Strategie om gebiede van onderprestasie te bowe te kom

Program 1 het al sy teikens, soos uiteengesit in die Jaarlikse Prestasieplan aan die begin van die boekjaar, bereik.

Veranderings aan beplande teikens

Daar was geen verandering aan beplande teikens in die oorsigjaar nie.

Subprogrambesteding

Naam van Subprogram	2012/2013			2011/2012		
	Finale Aanwending	Wesentliche Besteding	(Oor-)/Onderbesteding	Finale Aanwending	Wesentliche Besteding	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Kantoor van die LUR	5 540	5 540	-	4 709	4 694	15
Finansiële Bestuursdienste	20 088	20 084	4	18 874	18 873	1
Bestuursdienste	14 266	13 992	274	13 006	12 674	332
Totaal	39 894	39 616	278	36 589	36 241	348

5.2 Program 2: Kultuursake

Doel: Om kuns en kultuur-, museum-, erfenis- en taalverwante dienste aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer.

Ontleding per subprogram

Subprogram 2.1: Bestuur

Om strategiese bestuursteun aan die Hoofdirektoraat van Kultuursake te verskaf.

Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur

Om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te fasiliteer deur middel van doeltreffende en lewenskragtige, aktiewe kuns- en kultuurverwante strukture, aktiwiteite en milieus, en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie te ondersteun en te help met die uitvoering van hul wetgewende mandaat.

Subprogram 2.3: Museumdienste

Om erfenis deur middel van museumdienste en -organisasies te bevorder; om voorsiening te maak vir die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kultuur en erfenis; en om geaffilieerde museums te ondersteun deur die implementering van die Ordonnansie op Museums, 1975 (Kaapprovinsie).

Subprogram 2.4: Erfenishulpbrondienste

Om voorsiening te maak vir die bewaring, bevordering en ontwikkeling van erfenishulpbronne; om prosesse vir die standaardisering van, of, waar nodig, wysiging aan, geografiese name te fasiliteer; om sake met betrekking tot wêrelderfenis in die Wes-Kaap te fasiliteer; en om bystand te verleen met die bestuur van erfenishulpbronne deur die implementering van die nasionale mandate van die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998, die Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999, en die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999.

Subprogram 2.5: Taaldiens

Om veeltaligheid te bevorder, die taalkundige wanbalanse van die verlede aan te spreek, en voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal aktief te ontwikkel.

Strategiese doelstellinge, prestasie-aanduiders, beplande teikens en wesenlike prestasies

Strategiese doelstellings

- Om kunsverwante dissiplines en kultuurbedrywighede tot haalbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap te bevorder
- Om doeltreffende en doelmatige professionele en administratiewe steun aan drie openbare entiteite en 29 staatsorgane (museums) te gee en hierdie instellings se uitsette te monitor en te evalueer
- Om die transformasie van die Wes-Kaap se erfenislandskap te versnel deur verskillende dienste te bied vir die bewaring, ontwikkeling en bevordering van die erfenis van die Wes-Kaap deur middel van die geaffilieerde museumdiens en geaffilieerde erfenisinstellings
- Om veeltaligheid te bevorder, die linguïstieke wanbalanse van die verlede reg te stel en die ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde tale asook SA Gebaretaal te bevorder deur die inwerkingstelling van die Wes-Kaapse Taalbeleid te steun, die werk van die Wes-Kaapse Taalkomitee te ondersteun en taalsteundienste aan die Wes-Kaapse Regering te verskaf
- Om aktiwiteite wat nasiebou en transformasie bevorder, aan te bied.

Kuns en Kultuur

Die werk van die kuns- en kultuurkomponent vir die jaar 2012/13 is gegrond op die aanname dat kuns en kultuur veel meer as net kunsvorme behels. Programme spreek die "siel" van gemeenskappe aan, om sodoende die fisieke, maatskaplike, intellektuele en ekonomiese aspekte van mense se lewens te integreer. Die begrip dat kuns en kultuur integraal aan ontwikkeling is, het 'n voortgesette proses van nabetraging en ontleding ontlok wat gerig word deur duidelike doelstellings vir die komponent. Om hierdie doel te bereik, het die komponent 'n oorsig van hul genre-ontwikkelingstrategie aangevra.

Om die komponent in staat te stel om sy doel te bereik en 'n wyer gehoor met minder hulpbronne te bereik, het samewerking en vennootskappe 'n uiters belangrike aspek van alle fasette van die werk geword. In die verslagjaar het die DKES se drama-ontwikkelingsprogram in twee distrikte plaasgevind – die Weskus en Eden. Die program het in statuur gegroei, met die Baxter Teater en munisipaliteite as integrale deel van die inwerkingstelling en sukses daarvan. Draaiboekskrywing, stemopleiding en 'n verskeidenheid ander ingrypings het die ontwikkeling van jeugdrama bewerkstellig sodat die beste deelnemers by die Zabalaza-fees, Die Burger Suidoosterfees en die Absa KKNK opgetree het. Die beste akteur en aktrise is ook die geleentheid gegun om een dag op die stel saam met die rolverdeling van die reeks 7de Laan te ervaar en het op 18 April 2013 in een aflewering verskyn. Die ontvanger van die toekenning vir beste akteur van die vorige jaar se program, William Michaels, het sedertdien in verskillende programme op kykNET asook in 'n plaaslik vervaardigde film opgetree. Hierdie beste praktyk-model word nou deur die Baxter Teater aangewend vir hul landelike ontwikkelingsprogramme.

Die samewerking met munisipaliteite en professionele kunstepraktisyne (in verskillende kunsvorme) het professionele maatskappye se skakeling met landelike gemeenskappe in die Kaapse Wynland-distrik vergemaklik, sodat die stedelike-landelike verdeling daardeur opgehef is. 'n Skouspel wat op 20 Oktober 2012 in Ashton aangebied is, was 'n historiese gebeurtenis op 'n plattelandse dorp. Die Kaapse Stadsballet, Kaapstadse Opera, Baxter Teater, Zip Zap Sirkus, Dance for All, Wes-Kaapse Koormusiekvereniging, College of Magic en Jazzart het almal onder een dak opgetree. Dit het die weg gebaan vir die koppeling van organisasies wat oor goeie hulpbronne beskik met organisasies wat finansiële behoefte het, sodat landelike organisasies die nodige hulp kon kry en stedelike organisasies die geleentheid kon kry om in landelike gemeenskappe te werk.

Van 1 tot 5 Oktober 2012 het Kunsteweek in Saldanha plaasgevind. Hierdie geleentheid het die klem geplaas op die potensiaal van die kunste as instrument vir maatskaplike inklusiwiteit en die verstewiging van gemeenskappe. Dit het organisasies en individue wat nie voorheen saamgewerk het nie, suksesvol met mekaar in verbinding gebring. Die week het getoon dat vaardighede en kennis nie slegs deur middel van werkbyeenkomste en opleiding verkry word nie, maar ook deur interaksie en die uitruil van idees en ervarings deur stories.

'n Opleidingsinstrument-CD oor die Nasionale Volkslied is bekend gestel om tydens opleidingsessies in die boekjaar 2013/14 gebruik te word. Weens die verhoogde vlak van belangstelling en bewustheid het verskillende gemeenskapsvertegenwoordigers die totstandkoming van 'n interaktiewe groep versoek om die interaksie tussen plaaslike en provinsiale regering en die breër kunstegemeenskap te bewerkstellig.

Die musiekontwikkelingsprogram het die groei van musiekopleiding op verskillende vlakke beleef. In Langa is daar 'n program wat berus op samewerking met Kaapstad Opera. Hier word jongmense die vaardigheid geleer om musiek te lees en verskillende musiekinstrumente te bespeel, waaronder die viool.

Die departement ontgin voorts nuwe musiektendense. Dit skakel met persone in die digitale elektroniese musiekbedryf om uit te vind hoe die DKES met hulle in hul ontwikkelingsprogramme kan saamwerk en hoe jongmense aan hierdie soort kunsuitdrukking blootgestel kan word.

Op Jeugdag in Junie 2012 het meesterklasse met Franse musici wat deel was van die Franse Seisoen in Kaapstad by die Kunstekaap plaasgevind. Dit het plaaslike jongmense die geleentheid gebied om hul talente te vergelyk met dié van kunstenaars wat gereeld voor gehore in ander lande optree. Jaarlikse befondsing en verskillende opleidingsvlakke is aan gemeenskapsorkeste verskaf; steun aan die Stellenzicht Musiekprojek het byvoorbeeld hierdie groep in staat gestel om spelers vir 'n ensemble te identifiseer. Die uitkoms van die Jazz-legendes Program was 'n muurskildery by Kunstekaap waarop beroemde plaaslike kunstenaars uitgebeeld word. Tydens Jeugmaand 2013 sal 'n boekie oor die muurskildery uitgegee word.

Die jaarlikse befondsingsprogram het toelae aan 57 organisasies verskaf. Befondsing is ook aan die Klopse, Kersfeeskore en Maleierorkeste verskaf vir hul jaareindvieringe en kompetisies.

Letterkundige programme is by MGO-sentrums gehou, wat afgesluit is met 'n digkunsessie van drie dae by die Groot Drakenstein kultuursentrum. Dit het jongmense die geleentheid gebied om met mekaar in wisselwerking te tree en om digkuns oor hul ervarings voor te dra.

Daar was toenemend versoeke van gemeenskappe vir die daarstelling van strukture vir tradisionele inisiasie, want dit ondersteun gesinne tydens die vooraf- en post-inisiasiefase. Die DKES het, in samewerking met die Departement van Gesondheid, bygedra tot die opleiding van versorgers en snydokters, sodat besnydenispraktyke veiliger en meer higiënies kan wees. Die Wes-Kaapse inisiasie-raamwerk is beskikbaar in isiXhosa, Engels en Afrikaans.

Gedurende die boekjaar 2011/12 het die departement vier UOWP-programme beplan en geïmplementeer, en die programme word voortgesit in die oorsigjaar. Jongmense is blootgestel aan feesbeplanning en vier begunstigdes van die Kultuurgesprekke-projek het geakkrediteerde opleiding in die bestuur van gemeenskapskunste by Noordwes Universiteit ontvang. Ontvangers van sowel die inheemse Musiek- as Kultuurgesprekkeprogram is by

MGO-sentrums uitgeplaas en word aan kunsopvoedingsprogramme blootgestel. Die UOWP-inisiasieprogram was baie suksesvol in die Plettenbergbaai- en Knysna-streke.

Die departement is by 'n magdom programme en bedrywighede betrokke aangesien die kunste op alle aspekte van ons samelewing betrekking het en 'n integrale deel van ons maatskaplike en ekonomiese lewe uitmaak, om sodoende gemeenskapsbou, maatskaplike samehorigheid en volhoubare ontwikkeling te bevorder. Deur middel van suksesvolle vennootskappe en samewerking het die DKES meer bereik as wat beoog is. Hierdie samewerkingsprojekte het die kunste op verskillende vlakke bevorder en meer jongmense aangespoor om aan die kunste deel te neem en daarby betrokke te raak.

Museumdiens

'n Paar voortreflike prestasies van die Museumdienste gedurende die oorsigjaar word hieronder beskryf

- Navorsing wat gedurende die jaar onderneem is, sal lei tot nuwe uitstallings in Oudtshoorn, Paarl, Stellenbosch en George.
- 'n Interessante verskynsel is dat daar 'n toenemende en konstante stroom van plaaslike besoekers na museums was.
- Die opgradering en uitbreiding van die Togryersmuseum in Ceres sal bydra tot nasiebou, maatskaplike insluiting en ekonomiese ontwikkeling in die Witzenberg-streek. Die vorige suksesvolle aansoek by die Nasionale Lotery Verspreidingstrustfonds ten bedrae van R2 miljoen is aangevul deur 'n toelae van die DKES ten bedrae van R557 000. Die hele gebou sal opgegradeer word en 'n opvoedkundige sentrum sal gebou word wat ook as 'n konferensiesentrum sal dien.
- Die benutting van UOWP-begunstigdes het 'n besliste voordelige uitwerking op dienslewering by verskillende museums gehad. Die UOWP-program het 'n projek ingesluit waarin 21 werknemers suksesvol as terrein-spesifieke gidse opgelei is.

Uitstallings

- Op 11 Februarie 2013 is die nuwe rondreisende uitstalling "Karoo-kombuis", gebaseer op 'n kookboek deur Sydda Essop, amptelik bekend gestel tydens die Kultuurtoekeningoorhandigingseremonie. Die LUR vir Kultuursake en Sport, dr. Ivan Meyer, het die uitstalling geopen en het ook in sy begrotingsrede daarna verwys.
- Kunswerk uit die Biblioteekdiens se versameling word in die Sayers-saal in die George-museum uitgestal. Dit is op 28 Februarie 2013 geopen en sal tot die einde van die jaar uitgestal word.
- Die CP Nel Museum in Oudtshoorn het as hooftema die volstruisbedryf en natuur- en kultuurskatte uit die volstruisveerbloeytyd (c. 1880 tot 1920) word uitgestal. Die Volstruisaal in die CP Nel Museum is opgeknep en dit huisves 'n nuwe permanente uitstalling bekend as "Oudtshoorn en volstruise".
- Die permanente uitstalling "Die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (VGK) en die geskiedenis van die dorp Moorreesburg" word in die Koringbedryfmuseum in die dorp gehuisves.
- Die rondreisende uitstalling "Beaufort-Wes se terreine van herinnering en geskiedkundige bewustheid" is op 21 Maart 2013 amptelik in die Beaufort-Wes Museum geopen. Die projek is deur die Nasionale Erfenisraad befonds.
- Op 20 Maart 2013 is die uitstalling "Onthou die sport uit die 'struggle'-tyd: 'n Perspektief op menseregte", aangebied deur Sport en Ontspanning Suid-Afrika en die DKES, in die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) se sportstadium geopen.

Digitalisering van Robbeneiland se Sporterfenisprojek

Die DKES bevorder sporterfenis deur dit vir die publiek toeganklik te maak. Op 20 September 2012 is die digitalisering van Robbeneiland se Sporterfenisprojek amptelik by die Universiteit van Wes-Kaapland geloods. Die projek berus op samewerking tussen die DKES, UWK se Interdisiplinêre Sentrum vir Sportwetenskap en -ontwikkeling (ISSWO) en die Mayibuye Sentrum op Robbeneiland.

Museumdiens se opvoedkundige ontwikkeling

Opvoedkundige materiaal is aan skoolvakke verbind en veranderinge in die kurrikulum het in DKES-programme neerslag gevind. Museum personeel gemoeid met opvoedkundige bedrywighede, het toepaslike opleiding ontvang. 'n Hegter werkverhouding met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is gevestig en vir die eerste keer het die Museumdiens leerkragte opgelei hoe om museums as ko-kurrikulêre aktiwiteit tot die klaskamer en die leerproses te gebruik.

Die CP Nel, Houtbaai en Bartolomeu Dias Museums, asook die gemeenskap van Beaufort-Wes, het by hierdie inlypings baat gevind.

Versamelingbeleid is opgestel of hersien en by al 28 museums geïmplementeer, en voorkomende bewaringsplanne is ook deur elke museum goedgekeur.

KZN-Museumdiens se skakelings- en uitruilprogram-besoek

In die week van 13 tot 16 November 2012 het 'n afvaardiging van die KwaZulu-Natalse (KZN) Museumdiens die Wes-Kaapse Museums besoek. Die DKES se bestuurder van versamelings het die KZN se versamelingsbestuurder na die Drostyd, Wellington en Stellenbosch Museums vergesel. Die DKES se konservator het die KZN se konservator na die Drostyd Museum, SA Visserye Museum en die Iziko Museum van Suid-Afrika vergesel. Die besoek het 'n inspirerende en produktiewe uitruil van idees behels.

UOWP-projek om museumversamelings te oudit en te digitaliseer

Hierdie projek is daarop gerig om museums by te staan met die oudit van hul versamelings deur menslike en tegniese steun te verskaf en hulle te help met die digitalisering van hul versamelings.

Die doelstelling van die UOWP is om openbare sektor-begrotings te benut om werkloosheid te verminder deur werksgeleenthede te skep en die vermoë van begunstigdes te verbeter om na afloop van die program 'n bestaan te kan voer, hetsy in die arbeidsmark of deur middel van entrepreneurs- of koöperatiewe projekte.

Nege-en-twintig jong volwassenes met matriek is by nege museums in diens geneem om 'n oudit te voltooi en met die digitalisering van die museumversamelings te begin.

Die versamelingbestuurder het opleiding aan die museums verskaf. Leerlingwerkers het 'n inleidende WKR-kursus van twee dae oor kantoorbestuur bygewoon en opleiding in die gebruik van Microsoft Word en Excel ontvang.

Instandhouding en restourasie van historiese museumgeboue en -tuine

Ses leerlingwerkers met matriek is by die Worcester-museum in diens geneem om die tuine en gronde in stand te hou. Hulle het die "Outreach Greening Training Intervention" van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitinstituut by Kirstenbosch bygewoon. Hulle het ook opleiding ten opsigte van tydsbenutting, werk met toerusting en produktiwiteit ontvang.

Op 21 Februarie 2013 het die projekbestuurder 'n vorderingsverslag tydens die kwartaallike UOWP-Omgewings- en Kultuursektorvergadering in die Worcester-museum voorgelê.

Taaldiens

Die Taaldiens bevorder veeltaligheid, skenk aandag aan die linguïstieke wanbalanse van die verlede, en ontwikkel aktief die voorheen gemarginaliseerde tale en SA Gebaretaal in die Wes-Kaap. Dit geskied deur: 1) steun aan die Wes-Kaapse Taalkomitee; 2) die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid deur middel van die Provinsiale Taalforum (PTF) en steun aan 'n verskeidenheid taalprojekte; en deur 3) taalsteundienste – vertaling, redigering en tolking – in Afrikaans, Engels en isiXhosa – aan alle departemente van die Wes-Kaapse Regering te verskaf.

Die Wes-Kaapse Taalkomitee

Die Taaldiens het verseker dat oorplasingsbetalings aan die WKTK gemak is en dat die Komitee die nodige administratiewe steun ontvang het om sy mandaat ingevolge die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, uit te voer.

Projekte ter bevordering van veeltaligheid

Die Provinsiale Taalforum is in 2006 gestig as 'n forum vir taalpraktisyns wat gereeld vergader om sake van gemeenskaplike belang te bespreek; terminologie te ontwikkel; en professionele ontwikkelingsaktiwiteite soos opleiding aan te bied. Lede is taalpraktisyns uit die meeste provinsiale regeringsdepartemente, die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, die Stad Kaapstad, asook die provinsiale en Nasionale Parlement.

In die oorsigjaar het ses PTF-vergaderings plaasgevind asook ses isiXhosa terminologie-ontwikkelingsessies.

Die PTF het met die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut saamgewerk om op 23 November 2012 'n werksessie oor kapasiteitsontwikkeling vir terminologie-ontwikkeling aan te bied.

Aandag aan die linguïstieke wanbalanse van die verlede

Die DKES het sy samewerking met Ikamva Labantu voortgesit ('n NRO wat behoeftiges in swak voorsiene township-gemeenskappe steun) om die leeskuilte onder isiXhosa-sprekende senior burgers te bevorder. Die doel is om deur die voorbeeld van die ouer gemeenskapslede jongmense aan te moedig om hulle leesvermoë te ontwikkel. Die uitkoms is 16 suksesvolle boekklubs wat daartoe bydra om waardigheid, trots en hernieude trots onder isiXhosa-sprekers te vestig.

Die Taaldiens het gedurende Nasionale Boekweek met die Biblioteekdiens saamgewerk om onderwysers uit Zwelihle (Hermanus) op te lei om isiXhosa-boekklubs in hul skole te stig. As deel van die uitreikprogram het die boekklub vir senior burgers aan die Kaapse Boekeskou 2012 deelgeneem deur leeshoekies, boekresensies en aktiewe storievertelsessies aan te bied.

Op Internasionale Moedertaaldag het die DKES met die XhosAfrika Netwerk en PRAESA saamgewerk om die lewe en werk van die ontslape taalstryder, dr. Neville Alexander, te vier.

Aktiewe ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde tale

Die DKES het met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement saamgewerk om basiese SAGT-opleidingsessies aan te bied vir die ouers en voogde van leerders van die Noluthando Skool vir Dowes in Khayelitsha. Agtien deelnemers het op 28 Februarie 2013 bywoningertifikaat ontvang.

'n Kantooverlag van die Nama-taalbewustheidsprogram wat van 2000 tot 2010 plaasgevind het, is voltooi. Die kundigheid wat die DKES oor die jare ingewin het, sal op versoek beskikbaar gestel word. Die Departement sal ook voortgaan om waar moontlik steun aan Nama-taalorganisasies te verleen.

Vertaling, redigering en tolking

Gedurende die oorsigjaar is 813 dokumente in Afrikaans, Engels en isiXhosa – die drie amptelike tale van die Wes-Kaap – vertaal en/of geredigeer. Die departement het ook by 14 geleenthede tolksteundienste verleen.

2012/2013 Jaarlikse Kuns-, Kultuur-, Erfenis-, Museum-, Geografiese Naam-, Biblioteek- en Argieftoekennings

Op 11 Februarie 2011 het die LUR en die departement die Jaarlikse Kuns-, Kultuur-, Erfenis-, Museum-, Geografiese Naam-, Biblioteek- en Argieftoekenningsseremonie in die historiese Kaapstad-Stadsaal aangebied.

'n Totaal van 23 toekennings is oorhandig, onder andere vier spesiale ministeriële toekennings.

Toekening	Ontvanger
Ministeriële Toekening: Lewensprestasie in Kuns, Kultuur, Erfenis, Museums, Geografiese Name, Biblioteke en Argiewe	Prof. Jakes Gerwel (postuum) vir sy bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans
Ministeriële Toekening: Nasionale en Internasionale Bydrae in Kuns, Kultuur, Erfenis, Museums, Geografiese Name, Biblioteke en Argiewe	Khayelitsha Distrikshospitaal vir die implementering van die elektroniese Open Text Records Management-stelsel
Ministeriële Toekening: Buitengewone prestasie van vroue in Kuns, Kultuur, Erfenis, Museums, Geografiese Name, Biblioteke en Argiewe	Me. Sydda Essop for her book Karoo Kitchen
Ministeriële Toekening: Buitengewone prestasie van jeug in Kuns, Kultuur, Erfenis, Museums, Geografiese Name, Biblioteke en Argiewe	Stellenberg Meisiekoor vir hul prestasie by die 7de Wêreldkoorspele in Cincinnati, Ohio
Beboude Omgewing- en Kultuurlandskapprojek van die Jaar	Sacks Futera Fugard Teaterkompleks en Rennie, Scurr en Adendorff Argitekte
Argeologiese, Paleontologiese of Meteorietprojek van die Jaar (waaronder Rotskunsbestuur)	Weskus Fossielpark: Pippa Haarhoff
Beste Erfenis-impakassessering van die Jaar	Ilze Wolff en Ashley Lillie: Rex Trueform-terrein
Mees aktiewe en objektiewe Bewaringsliggaam of munisipaliteit van die Jaar	Ebedag, Elandsbaai

Toekenning	Ontvanger
Bydrae tot die standaardisering en openbare bewustheid oor geografiese name in die Wes-Kaap	Prof. Bertie Neethling
Beste Museum van die Jaar	Piketberg Museum
Beste nuwe museumprojek	Iziko Museums van Suid-Afrika: Departement Maatskaplike Geskiedenis: Keramiek
Museumvrywilliger van die Jaar	Sona Buys, Stellenbosch Museum
Beste Openbare Biblioteek	Franschhoek Biblioteek
Beste Kinderdienste in 'n Openbare Biblioteek	Seepunt Biblioteek, Stad Kaapstad
Bydrae tot die bemerking van argiefdienste en -hulpbronne	Kaapse Familiegeskiedenis en Erfenisnavorsingsforum
Mees aktiewe rekordbestuurder van die Jaar	Me. Maryke Kotze, Weskus Distriksmunisipaliteit
Bydrae tot visuele kuns	Lionel Smit
Bydrae tot uitvoerende kunste: Dans	Baxter Dansfees
Bydrae tot uitvoerende kunste: Drama	Magnet Teater Opvoedkundige Trust
Bydrae tot uitvoerende kunste: Musiek	Leon André Hartshorne (postuum), Direkteur van die Hugo Lambrechts Musieksentrum, Parow
Bewaring en bevordering van 'n inheemse kunsvorm	Neil Carelse
Die Neville Alexander-toekenning vir Veeltaligheid	Prof. Sandile Gxilishe
Bydrae tot Taalontwikkeling	Mnr. Mhlobo Jadezweni

Program 2: Kultuursake					
Strategiese Doelstellings	Wesentliche Prestasie 2011/12	Beplande Teiken 2012/13	Wesentliche Prestasie 2012/13	Afwyking van Beplande Teiken tot Wesentliche Prestasie 2012/13	Kommentaar op Afwykings
Om kunsdissiplines en kultuuraktiwiteite tot haalbare geleenthede vir gemeenskappe in die Wes-Kaap te bevorder	65	57	57	-	-
Om doeltreffende en bevoegde professionele en administratiewe steun aan 31 openbare entiteite en staatsorgane (onderskeidelik 3 en 28) te verskaf waaroor die DKES toesig hou en om die uitset van hierdie inrigtings te monitor en te evalueer	31	32	32	-	-

Program 2: Kultuursake (voortgesit)					
Strategiese Doelstellings	Weselijke Prestasie 2011/12	Beplande Teiken 2012/13	Weselijke Prestasie 2012/13	Afwyking van Beplande Teiken tot Weselijke Prestasie 2012/13	Kommentaar op Afwykings
Om die transformasie van die Wes-Kaapse erfenislandskappe te versnel deur verskillende dienste te verskaf vir die bewaring, ontwikkeling en bevordering van die Wes-Kaapse erfenis deur middel van die museumdienste en geaffilieerde erfenisinstellings	28	29	'n Wye verskeidenheid opvoedkundige, versamelingsbestuur-, bewarings-, opleidings-, uitstillings-, bemarkings- en finansiële en menslike hulpbronnediens is aan 29 museums verskaf	Sommige teikens is oorskryf, waarvan die mees noemenswaardige besoekerstatistiek, wat vir die eerste keer 400 000 oorskryf het	Voortgesette groei in die toerismebedryf op vlakke wat heelwat hoër as dié van die ekonomie in die algemeen is bepaal dat museums in groter aanvraag is as toerisbestemmings
Om veeltaligheid te bevorder, linguïstieke wanbalanse reg te stel en die ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde tale asook SA Gebaretaal in die Wes-Kaap te bevorder	7	6	6	-	-
Om bedrywighede te bevorder wat tot nasiebou en transformasie sou kon bydra	3	3	3	-	-

Prestasie-aanduiders

Subprogram 2.1: Bestuur					
Prestasie-aanduiders	Weselijke Prestasie 2011/12	Beplande Teiken 2012/13	Weselijke Prestasie 2012/13	Afwyking van Beplande Teiken tot Weselijke Prestasie 2012/13	Kommentaar op Afwykings
Aantal UOWP-werkgeleenthede geskep	152	100	119	19	Vanweë vertragings met die finalisering van voltydse werk vir UOWP-begunstigdes deur die Departement van die Premier vir 12 maande is meer korttermyn-werkgeleenthede gedurende die oorsigjaar geskep

Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur					
Prestasie-aanduider	Wesenlike Prestasie 2011/12	Bepalende Teiken 2012/13	Wesenlike Prestasie 2012/13	Afwyking van Bepalende Teiken tot Wesenlike Prestasie 2012/13	Kommentaar op Afwykings
Aantal strukture ondersteun	5	5	6	1	Daar was 'n groter vraag vanuit landelike gemeenskappe as wat verwag was
Aantal belangrike dae wat in die almanak aangebied is	2	2	3	1	Nasionale Menseregtedag 2013 is in die Wes-Kaap aangebied
Aantal kunstenaars wat opgelei is	102	85	119	34	Vennootskappe is gesmee, wat meer opleidingsgeleenthede vir jongmense gebied het.
Oorplasingbetaling aan die WKKK om daaraan kapasiteit te gee om hul regsmandaat uit te voer	R150 000	R200 000	R200 000	-	-
Aantal kuns- en kultuurorganisasies wat deur middel van oorplasingbetaling gesteen word	65	50	70	20	Die aantal aansoeke hang af van die reaksie op die geadverteerde openbare beroep om aansoeke en die gehalte van voorstelle. 'n Onafhanklike paneel beoordeel alle aansoeke wat ontvang is.
Aantal ooreenkomste met vennote vir die ontwikkeling van kuns en kultuur	3	10	10	-	-
Aantal mentorskapprogramme gerig op die ontwikkeling van die kunste onder organisasies	3	12	12	-	-

Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur (voortgesit)					
Prestasie-aanduider	Wesenlike Prestasie 2011/12	Beplande Teiken 2012/13	Wesenlike Prestasie 2012/13	Afwyking van Beplande Teiken tot Wesenlike Prestasie 2012/13	Kommentaar op Afwykings
Aantal projekte gereël vir die ontwikkeling en bevordering van kultuur	40	20	26	6	Samewerking met feeste en organisasies het beamptes in staat gestel om bykomende projekte binne die genres te bewerkstellig, bv. Absa KKNK en Zabalaza.
Aantal deelnemers wat die kunste- en kultuuraktiwiteite bygewoon het	3 656	3 200	4 645	1 445	Samewerking het beteken dat meer deelnemers by die komponent se kuns- en kultuurinisiatiewe betrokke geraak het, en die aard van bedrywighede het groter belangstelling uit gemeenskappe ontlok as wat verwag is.

Subprogram 2.3: Museumdienste					
Prestasie-aanduider	Wesenlike Prestasie 2011/12	Beplande Teiken 2012/13	Wesenlike Prestasie 2012/13	Afwyking van Beplande Teiken tot Wesenlike Prestasie 2012/13	Kommentaar op Afwykings
Aantal mense wat die inrigtings besoek het	368 332	400 000	456 890	56 890	Daar was 'n toename in die aantal toeriste wat die Wes-Kaap besoek het, en die aantal museums wat by die Museumdiens geaffilieer is, het van 28 tot 29 gestyg
Aantal brosjures en publikasies wat versprei is	1	1	1	-	-

Subprogram 2.3: Museumdienste (voortgesit)					
Prestasie-aanduider	Wesentliche Prestasie 2011/12	Bepalende Teiken 2012/13	Wesentliche Prestasie 2012/13	Afwyking van Bepalende Teiken tot Wesentliche Prestasie 2012/13	Kommentaar op Afwykings
Aantal oordrag-betalings aan geaffilieerde museums	22	23	23	-	-
Aantal bestuursliggame wat deur die Museumdiens aangestel en van kapasiteit voorsien is	25	28	28	-	-
Aantal geaffilieerde museums wat bygestaan is met die hersiening, inwerkingstelling en monitering van versamelingsbeleid	12	28	28	-	-
Aantal geaffilieerde museums wat bygestaan is met die hersiening, inwerkingstelling en monitering van voorkomende bewaringsplanne	12	28	28	-	-
Aantal museum-artefakte en -versamelings wat deur geaffilieerde museums verkry is	-	80	723	643	Die Kaapse Mediese Museum het 'n onverwagse skenking van 600 artefakte vir sy versameling ontvang, en by die Dias Museum het die verkryging van skulpe danksy die bystand van UOWP-begunstigdes vinniger as wat verwag is, verloop
Aantal rondreisende uitstallings aangebied deur geaffilieerde museums	-	17	19	2	Deur middel van vennootskappe en geleenthede wat ontstaan het, was museums in staat om meer te doen as waarvoor hulle beplan het.
Aantal permanente uitstallings deur die Museumdiens by geaffilieerde museums ingerig	-	4	4	-	-

Subprogram 2.3: Museumdienste (voortgesit)

Prestasie-aanduider	Wesentliche Prestasie 2011/12	Bepalende Teiken 2012/13	Wesentliche Prestasie 2012/13	Afwyking van Bepalende Teiken tot Wesentliche Prestasie 2012/13	Kommentaar op Afwykings
Aantal historiese navorsingsprojekte wat deur die Museumdiens gelewer is	3	4	4	-	-
Werkverwante gesondheids- en veiligheidsvergaderings word kwartaalliks op topbestuursvlak gehou om gesondheids-, veiligheids- en omgewingsake te bespreek.

Die aanbod van jaarlikse gesondheids- en veiligheidsbewustheidsprogramme het die vlak van bewustheid in die DKES aansienlik verhoog.

Die Departement het 'n afvalbestuursprogram in werking gestel. Afvalpapier word versamel en maandeliks verwyder.

7 INTERNE BEHEERENHEID

Dit is die verantwoordelikheid van die Rekenpligtige Gesag om voortdurend interne beheermaatreëls te bepaal en te evalueer om te verseker dat die heersende beheeraktiwiteite doeltreffend, bevoeg en deursigtig aangewend word en dat hulle waar nodig, verbeter word. Om dit te verwesenlik, is kwartaallikse kernbeheervergaderings met die Ouditeur-generaal, Departementele programbestuurders en die LUR gehou. Dit is 'n voortgesette proses om te verseker dat die DKES skoon oudits ontvang.

8 VERSLAG VAN OUDITKOMITEE

Dit is met genoeg dat ons die verslag vir die boekjaar tot op 31 Maart 2013 voorlê.

Ouditkomiteelede en bywoning

Ingevolge Kabinetsbesluit 55/2007 word die Wes-Kaapse Taalkomitee deur die Maatskaplike Kluster-ouditkomitee bedien. Die Ouditkomitee bestaan uit lede wat hieronder aangedui word, en dit word van hulle verwag om ten minste vier keer per jaar te vergader soos deur hul goedgekeurde verwysingsraamwerk vereis. Gedurende die oorsigjaar is agt vergaderings gehou.

Naam van Lid	Aantal vergaderings bygewoon
Mnr. R Kingwill (Voorsitter)	8
Mnr. Z Hoosain (het op 30 November 2012 bedank)	6
Mnr. M Burton	8
Mnr. L van der Merwe	8
Me. J Gunther (aangestel 1 Januarie 2013)	2
Mnr. F Barnard (aangestel 1 Januarie 2013)	2

Ouditkomitee se verantwoordelikheid

Die Ouditkomitee berig dat hulle hul verantwoordelikheid ingevolge artikel 38(1)(a)(ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1.13 nagekom het. Die Ouditkomitee berig voorts dat hulle 'n toepaslike formele verwysingsraamwerk as hul Ouditkomiteehandves aanvaar het, hul sake ter nakoming van hierdie handves gereguleer het en al hul verantwoordelikhede soos daarin vervat afgehandel het, behalwe dat veranderings in rekenkundige beleid en praktyk nie hersien is nie.

Die doeltreffendheid van interne beheer

Ons het die verslae van die Interne Ouditeurs, die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarstate en die Bestuursverslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) bestudeer en gelet op die beduidende beheertekortkominge wat in die interne auditverslag oor erfenishulpbronbestuur beklemtoon is.

Ons het voorheen genoem dat die Departement volledige verantwoordelikheid en eienaarskap vir die implementering van die Ondernemingwye Risikobestuur (ORB) metodologie en funksie aanvaar het. Dit bly 'n uitdaging om ORB regdeur die organisasie te institusioneel. Die Ouditkomitee het 'n aantal opkomende risiko's gemerk en sal dit op 'n gereelde basis monitor.

Ons dra kennis van en stem saam met die bestuur se aanvaarding van die OGSA se bestuursverslag. Ons kan bevestig dat daar geen onopgeloste sake is nie.

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaalverslae voorgelê ten opsigte van in-jaarbestuur en kwartaalprestatie en gedurende die oorsigjaar ingevolge die WOFB en die Wet op die Verdeling van Inkomste deur die Rekenpligtige Beampte van die Departement voorberei en uitgereik.

Ons het met betrekking tot die finansiële jaarstate ons mandaat uitgevoer, soos hieronder genoem.

Evaluering van finansiële state

Die ouditkomitee het:

- die geouditeerde Finansiële Jaarstate wat in die Jaarverslag sal verskyn, met die OGSA en die Rekenpligtige Beampte bestudeer en bespreek;

- die OGSA se Bestuursverslag en die bestuur se respons daarop bespreek;
- die veranderinge met betrekking tot rekeningkundige beleidsrigtings en praktyke soos in die Finansiële Jaarstate berig, bestudeer;
- die Departement se prosesse vir voldoening aan regs- en regulatoriese bepalings bestudeer;
- die inligting oor voorafbepaalde doelwitte soos berig in die Jaarverslag bestudeer;
- die materiële aanpassings wat voortspruit uit die Departement se audit, bestudeer;
- die interim finansiële state soos ingedien deur die Departement vir die ses maande eindigend 30 September 2012, bestudeer en waar toepaslik veranderinge voorgestel

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die OGSA se bevinding ten opsigte van die Finansiële Jaarstate en stel voor dat die Geouditeerde Finansiële State aanvaar en saam met die OGSA se verslag gelees word.

Interne Oudit

In ooreenstemming met die WOFB en die vereistes van die King III Verslag oor Korporatiewe Bestuur, voorsien Interne Oudit die Ouditkomitee en bestuur met die redelike versekering dat die interne beheermaatreëls voldoende en doeltreffend is. Dit word verwesenlik deur 'n risikogebaseerde interne auditplan, interne audit wat assesseer of die risikobeperkende beheermaatreëls voldoende is, en ook deur die monitering van die Ouditkomitee se implementering van regstellende optrede.

Die volgende interne audits is goedgekeur en gedurende die oorsigjaar voltooi:

- Rekordbestuur
- Erfenishulpbronbestuur
- Voorsieningsketteringbestuur
- Oordragbetalings

Die Ouditkomitee bly bekommerd dat verdere auditdekking nodig is om 'n beduidende persentasie hoë-risikogebiede te dek. Die Ouditkomitee sal groter versekering oor beduidende risiko's aanmoedig deur die implementering van gekombineerde versekeringsbeginsels te bestuur.

Ouditeur-Generaal se Verslag

Ons het die Departement se implementeringsplan vir auditsake wat in die voorafgaande jaar op 'n kwartaallikse basis vermeld is, bestudeer. Die Ouditkomitee het die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika ontmoet om te verseker dat daar geen onopgeloste sake is wat uit die regulatoriese audit voortspruit nie. Regstellende optrede gebaseer op die gedetailleerde bevindinge wat uit die regulatoriese audit voortspruit, sal op 'n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemoniteer word.

Waardering

Die Ouditkomitee wil graag hul waardering uitspreek teenoor die Departementsbestuur, die Ouditeur-Generaal Suid-Afrika, Provinsiale Risikobestuurseenheid, Forensiese Eenheid en die Interne Ouditeeenheid vir hul samewerking en die inligting wat hulle voorsien het om ons in staat te stel om hierdie verslag saam te stel.



Mr R Kingwill

Voorsitter van die Maatskaplike Kluster Ouditkomitee

Augustus 2013

DEEL D: MENSLIKE HULPBRONBESTUUR

1 WETGEWING WAT MENSLIKE HULPBRONBESTUUR REËL

Die inligting wat in hierdie deel voorsien word, word voorgeskryf deur die Staatsdiensregulasies, (hoofstuk 1, deel III 1.3 en 1.4).

Afgesien van die Staatsdiensregulasies, 2001 (soos gewysig op 30 Julie 2012) lei die voorskrifte hieronder menslike hulpbronbestuur in die Staatsdiens.

Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)

Om voorsiening te maak vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van persone ten opsigte van die gebruik van toerusting en masjinerie; die beskerming van persone anders as persone by die werk teen gesondheids- en veiligheidsgevaare wat voortspruit uit of te doen het met die aktiwiteite van werkers; die instel van 'n adviesraad vir beroepsgesondheid en -veiligheid; en voorsiening vir verwante sake.

Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), soos gewysig deur Wet 30 van 2007

Om voorsiening te maak vir die organisasie en administrasie van die Staatsdiens van die Republiek; die regulering van die werksomstandighede; dienstermyn, dissipline; aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens; en verwante sake.

Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995)

Om die werkgewer te reguleer en te rig op die erkenning en verwesenliking van die werkgewersrol in die vestiging van arbeidsvrede en die demokratisering van die werkplek.

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)

Om gestalte te gee aan die reg op billike arbeidspraktyke waarna daar in artikel 23(1) van die Grondwet verwys word deur die regulering van basiese werksomstandighede in te stel en daarvoor voorsiening te maak, en sodoende die verpligtinge van die Republiek as lidstaat van die Internasionale Arbeidsorganisasie na te kom; en om vir verwante sake voorsiening te maak.

Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)

Om voorsiening te maak vir 'n institusionele raamwerk wat nasionale, sektorale en werksplekstrategieë in werking stel vir die ontwikkeling en verbetering van die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werksmag; om hierdie strategieë binne die Nasionale Kwalifikasiesraamwerk wat vermeld word in die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid, 1995, te integreer; om voorsiening te maak vir leerderskappe wat aanleiding gee tot erkende beroepskwalifikasies; om voorsiening te maak vir die befondsing van vaardigheidsontwikkeling deur middel van 'n heffingtoelaagstelsel en 'n Nasionale Vaardigheidsfonds; om voorsiening te maak vir werksdienste en dit te reguleer; en om vir verwante sake voorsiening te maak.

Wet op Billike Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)

Om billikheid te bevorder, van onregverdige diskriminasie in werksituasies ontslae te raak en te verseker dat diensbillikheidsmaatreëls ingestel word om die gevolge van diskriminasie reg te stel; en om 'n diverse en doeltreffende werksmag te behaal wat grotendeels verteenwoordigend van die provinsiese demografie is.

Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)

Om finansiële bestuur in die nasionale regering en provinsiale regerings te reguleer; om te verseker dat alle inkomste, besteding, bates en laste van daardie regerings bevoeg en doeltreffend bestuur word; om voorsiening te maak vir die verantwoordelikhede van persone wat met finansiële bestuur in daardie regerings toevertrou is; en om vir verwante sake voorsiening te maak.

Wet op Vaardigheidsontwikkelingstoelaag, 1999 (Wet 9 van 1999)

Om enige staatsdienswerknemer in die nasionale of provinsiale regeringsfeer van vrywaring te voorsien ten opsigte van die betaal van 'n vaardigheidsontwikkelingsheffing; en van vrywaring van verwante sake.

Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000)

Om gestalte te gee aan die grondwetlike reg op toegang tot enige inligting wat deur die Staat gehou word en enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vereis word vir die beoefening of beskerming van enige regte; en om vir verwante sake voorsiening te maak.

Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtheid, 2000 (Wet 3 van 2000)

Om gestalte te gee aan die reg op administratiewe optrede wat wettig, verantwoordelik en prosedureel billik is en aan die reg op skriftelike redes vir administratiewe handeling soos vermeld in artikel 33 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996; en om vir verwante sake te voorsien.

2 INLEIDING

Die waarde van menslike kapitaal in die Departement

Die mense van die Departement dra die meeste by tot die prestasies van die DKES en die suksesse van die Wes-Kaapse Regering. Uitstekende dienslewering berus op die dinamika van die organisasie en sy mense. Gevolglik word:

- mense wat met integriteit optree en betrokke, besorgd, bevoeg, verantwoordbaar en responsief is, gewaardeer
- die bestuur van mense as almal se verantwoordelikheid gesien
- die bestuur van die mense in die Departement gevestig op die beginsels van waardigheid, respek, deursigtigheid en billikheid
- word die mense in die Departement gekoester, ontwikkel, bemagtig en in staat gestel om hul volle potensiaal te bereik en te benut
- word diversiteit ten volle aanvaar en 'n diepgaande respek vir mekaar se kultuur, individualiteit, taal, waardes en oortuigings gevestig

Oorsig van menslike hulpbronnkwessies

Mense is 'n sleutelelement in die nastreef van die strategiese doelwitte van die Departement. Gevolglik streef Menslike Hulpbronbeplanning daarna om te verseker dat die DKES voortdurend oor die regte mense, met die regte vaardighede, op die regte plek en die regte tyd beskik.

Dit is binne hierdie konteks dat die Departement se strategiese MH-plan vir die tydperk 1 April 2010 tot 31 Maart 2014 ontwerp en geïmplementeer is. Die MH-plan is hersien om te bepaal of die strategiese doelwitte ten opsigte van menslike hulpbronne steeds geldig is en of hulle erkenning gee aan die Departement se MH-prioriteite. Tweejaarlikse vorderingsverslae het die inwerkingstelling van die sleutelbedrywighede vervat binne die MH-plan gemoniteer, en dit is, soos vereis, aan die Departement van die Staatsdiens en Administrasie voorgelê.

Deur middel van werksmagbeplanning het die Departement die huidige en toekomstige menslike hulpbron-behoefes geïdentifiseer en die potensiële uitdagings aangedui wat die DKES se strategiese doelwitte kan beïnvloed.

Menslike hulpbronneprioriteite vir die oorsigjaar en die impak van hierdie prioriteite

Nadat die huidige profiel van die werksmag en die toekomstige vraag ontleed is, is die MH-prioriteite hieronder geïdentifiseer:

Nr	MH-prioriteit	Uitwerking
1	Werwing van talent en skaars vaardighede vir die Departement	Optimale aanwending van internskap- en eksterne beursprogramme
2	Opleiding en ontwikkeling	Implementering, gereelde monitering en verslaggewing oor werkplekvaardighedsplan en geteikende werwing, met inbegrip van beurs- en internskapstrategieë
3	Diensbillikheid	Alle diensbillikheidsteikens wat in die DKES se Diensbillikheidsplan beskryf word, word nagekom om 'n volledig verteenwoordigende werksmag te verseker.
4	Werksevaluering en normstelling	Alle poste word korrek met mekaar vergelyk en doeltreffende normstelling word uitgevoer.
5	Arbeidsverhoudinge	Toepaslike en doeltreffende opleidingsingrypings word gereël om die bestuurders te bemagtig om beter betrokkenheid te by doeltreffende arbeidsverhoudinge bewerkstellig.
6	Prestasiebestuur	Toesighouers en bestuurders word voldoende opgelei en ontwikkel.
7	Korporatisering van die MH-funksie aan die Departement van die Premier	Lynbestuurders word toepaslik bemagtig oor tersaaklike prosedures en steun wat binne die lynfunksie geskep is om MH-funksies doeltreffend in werking te stel.

Werksmagraamwerk en sleutelstrategieë om 'n kundige en bekwame werksmag aan te trek

Sonder mense kan die Departement nie 'n optimale diens lewer nie en sonder 'n toereikende begroting kan hy nie mense wat nodig is om optimale dienste te lewer werf, ontwikkel of behou nie.

Die uitdagings waarmee die DKES te doen het, is geïdentifiseer. Hierdie uitdaging het aandag ontvang deur die identifisering van sleutelaktiwiteite wat by die aksieplan ingelyf is.

Hieronder volg die sleutelaktiwiteite soos uiteengesit in die aksieplan:

Nr	Sleutelbedrywighede
1	Om te verseker dat bestuurders en MH in die werwings- en keuringsproses bevoegdheidsgebaseerde vrae en praktiese oefeninge gebruik
2	Om die Werkplekvaardighedsplan in werking te stel en toepaslike opleiding vir werknemers te verskaf
3	Om die Diensbillikheidsplan te hersien en die plan aan alle werknemers en georganiseerde arbeid bekend te maak
4	Om diensbillikheidsteikens wat vir die Departement en bestuurders gestel is om opvolgingsbeplanning te doen 100% na te kom
5	Om lynbestuurders bekend te stel met en deur die toepaslike kennis en vaardighede te bemagtig

Daar word verwag dat die DKES-bestuur en die Korporatiewe Dienstesentrum in die Departement van die Premier gesamentlike verantwoordelikheid vir die uitvoering van die aksieplanne, asook eienaarskap vir die lewering van die vereiste uitkoms, sal aanvaar.

Werknemerprestasie-bestuursraamwerk

Een van die hoekstene van die Personeelprestasiestelsel is die basiese vereiste dat alle werknemers verplig is om te doen wat van hulle verlang word. Hierdie verwagtinge en die vereiste prestasiestandaarde vind neerslag in werksomskrywings, prestasie-ooreenkomste, sakeplanne en/of diensvlak-ooreenkomste. Belonings en aansporings word dus slegs toegestaan vir werk wat kwalitatief en kwantitatief die verwagte prestasie oortref.

Werknemers wat vir prestasiebonusse benoem word, word deur moderasiepanele benoem, wat dan die getuienis van bo-gemiddelde prestasie ondersoek. Van onderpresterende personeellede word vereis om die take wat deur 'n Prestasieverbeteringsplan bepaal word, te voltooi. Hulle word streng gemoniteer om absolute nakoming van aanvaarbare prestasiestandaarde te verseker.

Hierdie stelsel verteenwoordig 'n meer billike, regverdige en oop proses. Bowendien, dit bepaal die raamwerk waarvolgens beide die werkgewer en die werknemer hul doelstellinge en doelwitte kan verwesenlik.

Werknemerswelstand

Die ontwikkeling van 'n welstandskultuur in die DKES is van strategiese belang om te verseker dat werknemers optimale prestasievlakke bereik terwyl hulle voel dat hulle binne die werksverband sorg en steun ontvang. Die WKR se transversale Werknemersgesondheids- en Welstandsprogram volg 'n holistiese benadering tot werknemerswelstand en is grotendeels voorkomend van aard deur primêre dienste (24/7/365- telefoniese beradingsdiens, aanlyn- e-Sorgdiens en rapportering) asook sekondêre dienste (berading van persoon tot persoon, trauma- en kritieke voorvalle, opleiding en geteikende ingryping, uitvoerende afrigting en voorspraak) aan te bied. 'n Kwartaalverslag word deur die KDS se Direktoraat: Organisatoriese Gedrag voorberei wat 'n tendensontleding bied van benutting, risiko-identifisering en die uitwerking op produktiwiteit. Voorts is voortdurende verslaglewering aan die Departement van die Staatsdiens en Administrasie 'n vereiste en sodanige verslaglewering fokus op vier hoofgebiede, naamlik MIV en VIGS, Gesondheid en Produktiwiteit, Welstandsbestuur en Veiligheids-, Gesondheids-, Omgewings-, Risiko- en Gehaltebestuur.

Beleidsontwikkeling

Die provinsiale beleidsrigtings hieronder is gedurende die oorsigjaar aanvaar:

- Beleid op spesiale verlof.** Dit bepaal transversale standaarde en omstandighede vir verlofkategorieë wat nie in die nasionale Bepaling van Afwesighedsverlof (Augustus 2012) gereguleer word nie. Hierdie kategorieë sluit in studieverlof, verlof vir die behandeling van dwelmmisbruik, verlof vir deelname aan sportgebeure, ens.

2. **Beleid op besoldigde werk buite die Staatsdiens.** Dit bestuur en reguleer die omstandighede waaronder die werkgewer magtiging aan werknemers sal bied om besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig.
3. **Beleid op sekondering van werknemers.** Dit voorsien riglyne en algemene maatreëls vir die voorskryf van eenvormige omstandighede vir sekondering.

3 TOESIGHOUDEnde STATISTIEK VIR MENSlike HULPBRONNE

3.1 Personeelverwante besteding

Die tabelle hieronder bied 'n opsomming van die finale geouditeerde besteding volgens program (Tabel 3.1.1) en volgens salarisskaal (Tabel 3.1.2). Dit verskaf spesifiek 'n aanduiding van die bedrag wat aan personeel bestee is ten opsigte van elk van die programme of salarisskale in die Departement.

Die syfers in Tabel 3.1.1 is afkomstig uit die Basiese Rekenkundige Stelsel (BAS) en die syfers in Tabel 3.1.2 is afkomstig uit PERSAL (die personeelsalarisstelsel). Die twee stelsels is nie gesinkroniseer vir salariserugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en bedankings en/of oorplasinge na en van ander departemente betref nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan bestaan ten opsigte van die totale besteding in hierdie stelsels weergegee.

Program	Programnaam
Program 1	Administrasie
Program 2	Kultuursake
Program 3	Biblioteek- en Inligtingsdienste
Program 4	Sport en Ontspanning

Tabel 3.1.1: Personeeluitgawe volgens program, 2012/13

Program	Totale uitgawe (R'000)	Personeel-uitgawe (R'000)	Opleidings-uitgawe (R'000)	Goedere en dienste (R'000)	Personeel-uitgawe as % van totale	Gemiddelde personeel-uitgawe per werknemer (R'000)	Aantal werknemers
Program 1	39 615	28 792	248	8 602	72.7	204	141
Program 2	79 521	45 080	523	9 049	56.7	179	252
Program 3	182 058	42 552	678	45 299	23.4	173	246
Program 4	89 356	20 802	645	51 469	23.3	353	59
Totaal	390 550	137 226	2 094	114 419	35.1	197	698

Let wel: Die aantal werknemers verwys na alle individue, behalwe die LUR, wat gedurende die verslagtyd besoldig is.

Tabel 3.1.2: Personeeluitgawe volgens salarisskale, 2012/13

Salarisskale	Personeeluitgawe (R'000)	% van totale personeeluitgawe	Gemiddelde personeeluitgawe per werknemer (R'000)	Aantal werknemers
Laer geskool (Vlakke 1-2)	31 738	20.1	40	785
Geskool (Vlakke 3-5)	31 640	20.0	130	244
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	59 537	37.7	231	258
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	25 225	16.0	382	66
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	9 808	6.2	892	11
Totaal	157 948	100.0	116	1 364

Let wel: Die aantal werknemers verwys na alle individue, behalwe die LUR, wat gedurende die verslagtyd besoldig is.

Die tabelle hieronder verskaf 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisskale (Tabel 3.1.4) van uitgawes wat geskied het as gevolg van salarisse, oortyd, behuisingsstoelae en mediese bystand. In elke geval verskaf die tabel 'n aanduiding van die persentasie van die personeelbegroting wat vir hierdie items aangewend is.

Tabel 3.1.3: Salarisse, oortyd, behuisingsstoelae en mediese hulp volgens program, 2012/13

Program	Salarisse		Oortyd		Behuisingsstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as % van personeeluitgawe	Bedrag (R'000)	Behuisingsstoelae as % van personeeluitgawe	Bedrag (R'000)	Behuisingsstoelae as % van personeeluitgawe	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as % van personeeluitgawe
Program 1	19 245	14.5	100	0.1	609	0.5	1 176	0.9
Program 2	32 052	24.1	214	0.2	1 637	1.2	2 850	2.1
Program 3	29 935	22.5	473	0.4	1 837	1.4	2 763	2.1
Program 4	11 879	8.9	144	0.1	335	0.3	773	0.6
Totaal	93 111	70	931	0.8	4 418	3.3	7 562	5.7

Let wel: Salarisse, oortyd, behuisingsstoelae en mediese hulp word bereken as 'n % van die totale personeeluitgawe wat in Tabel 3.1.2 hierbo verskyn.

Tabel 3.1.4: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese hulp volgens program, 2012/13

Salarisskale	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as % van personeel-uitgawe	Bedrag (R'000)	Behuisingstoelae as % van personeel-uitgawe	Bedrag (R'000)	Behuisingstoelae as % van personeel-uitgawe	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as % van personeel-uitgawe
Laer geskool (Vlakke 1-2)	7 466	5.6	167	0.1	629	0.5	972	0.7
Geskool (Vlakke 3-5)	19 693	14.8	313	0.2	1 647	1.2	2 669	2.0
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	41 428	31.2	391	0.3	1 786	1.3	2 859	2.2
Hoogs geskoolde toesighou-ding (Vlakke 9-12)	18 201	13.7	61	0	357	0.3	926	0.7
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	6 325	4.8	0	0	0	0	137	0.1
Totaal	93 113	70	932	0.7	4 419	3.3	7 563	5.7

Let wel: Die totale in Tabelle 3.1.3 en 3.1.4 is presies dieselfde. Vanweë die feit dat die data volgens óf program óf salarisskaal gegroepeer word en vanweë afronding tot duisende, kan hulle egter verskil.

3.2 Indiensneming en vakatures

Die volgende tabelle bied 'n opsomming van die aantal poste in die diensstaat, die aantal werknemers, die persentasie vakante poste, en of daar enige personeellede is wat bykomend tot die diensstaat is. Hierdie inligting word aangebied ingevolge drie kernveranderlikes: program (Tabel 3.2.1), salarisskaal (Tabel 3.2.2) en kritieke beroepe (Tabel 3.2.3). Departemente het kritieke beroepe geïdentifiseer wat gemoniteer moet word. Tabel 3.2.3 verskaf diensstaat- en vakature-inligting vir die kernkritieke beroepe van die Departement.

Tabel 3.2.1: Werksgleenthede en vakatures volgens program, soos op 31 Maart 2013

Program	Aantal befondste poste	Aantal poste gevul	Vakaturekoers %	Aantal persone aanvullend tot die diensstaat	Vakaturekoers met inagneming van bykomende personeel
Program 1	103	86	16.5	2	14.6
Program 2	266	224	15.8	1	15.4
Program 3	243	215	11.5	11	7
Program 4	68	53	22.1	3	17.6
Totaal	680	578	15.0	17	12.5

Tabel 3.2.2: Werkseleenthede en vakatures volgens salarisskale, soos op 31 Maart 2013

Salarisskale	Aantal befondste Poste	Aantal poste gevul	Vakaturekoers %	Aantal persone aanvullend tot die diensstaat	Vakaturekoers met inagneming van bykomende personeel
Laer geskool (Vlakke 1-2)	132	123	6.8	9	0
Geskool (Vlakke 3-5)	215	194	9.8	5	7.4
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	227	187	17.6	3	16.3
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	94	63	33	0	33
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	12	11	8.3	0	8.3
Totaal	680	578	15	17	12.5

Let wel: Die inligting dui in elke opsig die situasie aan soos op 31 Maart 2013. Vir 'n aanduiding van veranderinge in indiensnemingspatrone in die oorsigjaar, raadpleeg asseblief afdeling 3.4 van hierdie verslag.

Tabel 3.2.3: Werkseleenthede en vakatures volgens kritieke beroep, soos op 31 Maart 2013

Kritieke Beroep	Aantal befondste poste	Aantal poste gevul	Vakaturekoers %	Aantal persone bykomend tot die diensstaat	Vakaturekoers, met inagneming van bykomende personeel
Argivaris	18	15	16.7	0	16.7
Kultuurbeampte	9	9	0	0	0
Erfenisbeampte	10	7	30	0	30
Taalpraktisyn	6	5	16.7	0	16.7
Bibliotekaris	30	30	0	0	0
Museum: Menslike Wetenskaplike	12	11	8.3	0	8.3
Sportbevorderingsbeampte	30	26	13.3	0	13.3
Totaal	115	103	10.4	0	10.4

3.3 Werksevaluering

Die Staatsdiensregulasies, 2001, soos gewysig, het werksevaluering ingestel as 'n manier om te verseker dat werk van gelyke waarde op gelyke vlak besoldig word. Binne 'n nasionaal bepaalde raamwerk kan die uitvoerende gesag enige pos in hul organisasies herevalueer.

Tabel 3.3.1 bied 'n opsomming van die aantal poste wat gedurende die oorsigjaar geëvalueer is. Die tabel bied ook statistiek oor die aantal poste wat opgegradeer of afgegradeer is.

Tabel 3.3.1: Werksevaluering, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Salarisskaal	Totale aantal poste	Aantal poste geëvalueer	% poste geëvalueer	Poste opgegradeer		Poste afgegradeer	
				Aantal	% van aantal poste	Aantal	% van aantal poste
Laer geskool (Vlakke 1-2)	132	0	0	0	0	0	0
Geskool (Vlakke 3-5)	215	1	0.1	0	0	0	0
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	227	92	13.8	0	0	0	0
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	94	10	1.5	0	0	0	0
Senior Bestuursdiens Stroom A (Vlak 13)	9	0	0	0	0	0	0
Senior Bestuursdiens Stroom B (Vlak 14)	2	0	0	0	0	0	0
Senior Bestuursdiens Stroom C (Vlak 15)	1	0	0	0	0	0	0
Totaal	680	103	15.1	0	0	0	0

Let wel: Bestaande Staatsdiensbeleid vereis dat alle departemente spesifiek-geïdentifiseerde poste (Opvoeder- en BSB- [beroep-spesifieke bedeling] poste uitgesonderd) aan 'n formele werksevalueringproses onderwerp. Dit sluit in nuutgeskepte poste asook poste waar die werksinhoud betekenisvol verander het (geaffekteerde poste). Hierdie werksevalueringproses bepaal die gradering en salarislak van 'n pos.

Tabel 3.3.2: Profiel van werknemers wie se salarisposisies opgegradeer is vanweë die opgradering van hul poste, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Totale aantal werknemers wie se salarisposisies opgegradeer is vanweë die feit dat hul poste opgegradeer is	Geen
---	------

Tabel 3.3.3: Werknemers wat hoër salarisse ontvang het as dié wat per rasgroep deur werksevaluering bepaal is, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Totale aantal werknemers wie se salarisse in 2012/13 die vlak oorskry het wat deur werksevaluering bepaal is (met inbegrip van hoër kerwe).	Geen
---	------

3.4 Indiensnemingsveranderinge


Omsetkoerse verskaf 'n aanduiding van tendense in die Departement se werksprofiel gedurende die oorsigjaar. Die volgende tabelle bied 'n opsomming van omsetkoerse volgens salarisskaal (Tabel 3.4.1) en volgens kritieke beroepe (Tabel 3.4.2).

Tabel 3.4.1: Jaarlikse omsetkoerse volgens salarisskaal, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013


Salarisskaal	Aantal werknemers per skaal soos op 31 Maart 2012	Omsetkoers 2011/12 volgens salarisskaal	Aanstellings in die departement	Oorplasinge na die departement	Diensbeëindigings uit die departement	Oorplasinge uit die departement	Omsetkoers 2012/13 volgens salarisskaal
Laer geskool (Vlakke 1-2)	91	6	22	0	6	0	6.6
Geskool (Vlakke 3-5)	213	8	24	2	23	4	12.7
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	230	12.3	20	1	25	4	12.6
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	59	8.5	6	1	5	0	8.5
Senior Bestuursdiens Stroom A (Vlak 13)	8	0	0	0	0	0	0
Senior Bestuursdiens Stroom B (Vlak 14)	2	0	0	0	0	0	0
Senior Bestuursdiens Stroom C (Vlak 15)	1	0	0	0	0	0	0
Totaal	604	9.3	72	4	59	8	11.1
			76		67		

Let wel: 'n Oorplasing vind plaas wanneer 'n staatsamptenaar op dieselfde salarissvlak van een departement na 'n ander departement oorbeweeg.

Aanstelling versus bedanking



Oorplasinge in versus oorplasinge uit



Tabel 3.4.2: Jaarlikse omsetkoerse volgens kritieke posbekleding, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Kritieke posbekleding	Aantal werknemers per skaal 31 Maart 2012	Omsetkoerse 2011/12 volgens salaris-skaal	Aanstelling in die departement	Oorplasinge na die departement	Diensbeëindigings uit die departement	Oorplasinge uit die departement	Omsetkoerse 2012/13 volgens salaris-skaal
Argivaris	17	16.7	3	0	3	0	17.6
Kultuurbe-ampte	9	10	0	0	1	0	11.1
Erfenis-beampte	7	25.0	1	0	1	0	14.3
Taalpraktisyn	6	33.3	2	0	1	0	16.7
Bibliotekaris	30	9.7	5	0	2	0	6.7
Museum: Menslike Wetenskaplike	12	0	1	0	2	0	16.7
Sport-bevorde-ringsbeampte	31	6.5	2	0	1	0	3.2
Totaal	112	11.2	14	0	11	0	9.8
			14		11		


Tabel 3.4.3: Personeel wat die diens van die Departement verlaat het, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Diensverlatings-kategorie	Aantal	% van totale diensverlatings	Aantal diensverlatings as % van totale aantal werknemers soos op 31 Maart 2012
Dood	3	4.5	0.5
Bedanking*	23	34.3	3.8
Verstryking van kontrak	22	32.8	3.6
Afdanking – operasionele veranderings	0	0	0
Afdanking – wangedrag	4	6.0	0.7
Afdanking – onbekwaamheid	0	0	0
Uit diens gestel weens swak gesondheid	2	3.0	0.3
Aftrede	5	7.5	0.8
Uittredingpakket deur werknemers geïnisieer	0	0	0
Oorplasinge na statutêre liggame	0	0	0
Oorplasinge na ander staatsdepartemente	8	11.9	1.3
Totaal	67	100.0	11.1

Let wel: Tabel 3.4.3 identifiseer die verskillende diensverlatingskategorieë vir daardie personeellede wat die diens van die Departement verlaat het.

* Bedankings word in tabelle 3.4.4 en 3.4.5 verder bespreek.

Personeel wat die diens van die Departement verlaat




Tabel 3.4.4: Redes waarom personeel bedank het, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Rede vir Bedanking	Aantal	% van totale bedankings
Beter besoldiging	10	43.5
Bedanking uit posisie	12	52.2
Geen rede verskaf nie	1	4.3
Totaal	23	100

Tabel 3.4.5: Verskillende ouderdomsgroepe van personeel wat bedank het, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Ouderdomsgroep	Aantal	% van totale bedankings
Ouderdom <19	0	0
Ouderdomme 20 tot 24	0	0
Ouderdomme 25 tot 29	4	17.4
Ouderdomme 30 tot 34	6	26.1
Ouderdomme 35 tot 39	7	30.4
Ouderdomme 40 tot 44	4	17.4
Ouderdomme 45 tot 49	2	8.7
Ouderdomme 50 tot 54	0	0
Ouderdomme 55 tot 59	0	0
Ouderdomme 60 tot 64	0	0
Ouderdomme 65 >	0	0
Totaal	23	100

Personeel wat die Departement verlaat het



Tabel 3.4.6 Totale aantal werknemer-geïnisieerde uittredingspakkette

Totale Aantal werknemer-geïnisieerde uittredingspakkette in 2012/13	Geen
---	------

Tabel 3.4.7: Bevorderings volgens salarisskaal, 1 April 2011 tot 31 Maart 2012

Salarisskaal	Werkgewers soos op 31 Maart 2012	Bevorderings na 'n ander salarisvlak	Bevorderings as % van werknemers volgens salarisskaal	Progressies tot 'n ander kerf binne 'n salarisvlak	Kerfprogressies as % van werknemers volgens salarisskaal
Laer geskool (Vlakke 1-2)	91	1	1.1	67	73.6
Geskool (Vlakke 3-5)	213	2	0.9	154	72.3
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	230	3	1.3	145	63
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	59	4	6.8	44	74.6
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	11	0	0	10	90.9
Totaal	604	10	1.7	420	69.5

Tabel 3.4.8: Bevorderings volgens kritieke posbekleding, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Kritieke beroep	Werkgewers soos op 31 Maart 2012	Bevorderings na 'n ander salarisvlak	Bevorderings as % van werknemers volgens salarisskaal	Progressies tot 'n ander kerf binne 'n salarisvlak	Kerfprogressies as % van werknemers volgens salarisskaal
Argivaris	17	2	11.8	6	35.3
Kultuurbeampte	9	0	0	7	77.8
Erfenisbeampte	7	0	0	5	71.4
Taalpraktisyn	6	0	0	3	50
Bibliotekaris	30	0	0	18	60
Museum: Menslike Wetenskaplike	12	0	0	6	50
Sportbevoor- ringsbeampte	31	0	0	19	61.3
Totaal	112	2	1.8	64	57.1

3.5 Diensbillikheid

Die inligting wat in hierdie afdeling verskaf word, dui die Departement se demografiewe samestelling volgens ras, geslag en gestremdheid aan, soos deur die Wet op Indiensnemingsbillikheid, en die Departement van Staatsdiens en Administrasie vereis. Poste op die werknemerslys vereis verskillende akademiese kwalifikasies, soos 'n Senior Sertifikaat, tegniese kwalifikasie of graad en nagraadse kwalifikasie, asook sekere vaardigheidsvlakke. Die Wet op Indiensnemingsbillikheid stel dit wanneer bepaal word of aangewese groepe billik verteenwoordig is binne 'n beroepskategorie en vlak van 'n werkgewer se werksmag, daar 'n aantal faktore in ag geneem moet word, waaronder die groep mense met geskikte kwalifikasies uit aangewese groepe waaruit die werkgewer billikerwys verwag kan word om werknemers te bevorder of aan te stel. Die syfers in hierdie afdeling neem nie

hierdie faktore in ag nie en weerspieël nie die feit dat die bevolkingstatistiek van die 2011-Sensus, aandui dat 'n baie klein persentasie van die Wes-Kaapse bevolking oor matriek en tersiêre kwalifikasies beskik nie. Dit is wat die groep "mense met geskikte kwalifikasies" behels waaruit die Wes-Kaapse Regering personeel kan aanstel (soos bepaal deur die Wet op Billike Indiensneming en Staatsdiensregulasies). Die Departement belê steeds in maatreëls om die groep mense met geskikte kwalifikasies wat kan meeding om geleenthede, kan vergroot om billike verteenwoordiging in alle beroepskategorieë en op alle vlakke in die werksplek te verbreed.

Tabel 3.5.1: Totale aantal werknemers (met inbegrip van werknemers met gestremdhede) op elke beroepsvlak, soos op 31 Maart 2013

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Buitelanders		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (Vlakke 15-16)	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Senior bestuur (Vlakke 13-14)	1	3	0	2	1	2	0	1	0	0	10
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlakke 9-12)	9	18	0	10	6	12	0	8	0	0	63
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en -vroue, en superintendente (Vlakke 6-8)	30	40	1	22	20	53	0	51	0	0	217
Semi-gekoolde en diskresionêre besluitneming (Vlakke 3-5)	25	67	0	0	32	63	1	13	0	0	201
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitneming (Vlakke 1-2)	23	33	1	1	19	26	0	0	0	0	103
Totaal	88	162	2	35	78	156	1	73	0	0	595
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groottotaal	88	162	2	35	78	156	1	73	0	0	595

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Die syfers wat per beroepsvlak aangedui word, sluit alle permanente, deelydse en kontrakwerknemers in. Daarbenewens word die inligting volgens salarissvlak en nie volgens posvlak aangebied nie.

Vir die aantal werknemers met gestremdhede, verwys na tabel 3.5.2.

Tydlike werknemers verwys na werkers wat vir drie opeenvolgende maande of minder in diens geneem word.

Tabel 3.5.2: Totale aantal werknemers (slegs diegene met gestremdhede) in elke beroepsvlak, soos op 31 Maart 2013

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Buitelanders		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (Vlakke 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (Vlakke 13-14)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlakke 9-12)	0	1	0	0	0	0	0	1	0	0	2
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en -vroue, en superintendente (Vlakke 6-8)	0	0	0	1	0	2	0	1	0	0	4
Semi-gekoolde en diskresionêre besluitneming (Vlakke 3-5)	0	2	0	0	0	1	0	1	0	0	4
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitneming (Vlakke 1-2)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Totaal	0	3	0	1	0	3	0	3	0	0	10
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groototaal	0	3	0	1	0	3	0	3	0	0	10

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Die syfers wat per beroepsvlak weergegee word, dui alle permanente, deeltydse en kontrak-werknemers aan. Voorts word die inligting volgens salarisvlak aangebied en nie volgens posvlak nie.

Tabel 3.5.3: Werwing, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Beroepsvlak	Manlik			Vroulik					Buitelanders		Totaal
	S	B	I	S	B	I	S	B	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (Vlakke 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (Vlakke 13-14)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlakke 9-12)	0	4	0	3	0	0	0	0	0	0	7
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en -vroue, en superintendente (Vlakke 6-8)	3	3	0	2	3	4	0	6	0	0	21
Semi-gekoolde en diskresionêre besluitneming (Vlakke 3-5)	4	3	0	0	5	11	0	3	0	0	26
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitneming (Vlakke 1-2)	5	2	0	0	7	8	0	0	0	0	22
Totaal	12	12	0	5	15	23	0	9	0	0	76
Tydelike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groototaal	12	12	0	5	15	23	0	9	0	0	76

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Werwing verwys na nuwe werknemers, met inbegrip van oorplasings na die Departement, soos per Tabel 3.4.1.

Tabel 3.5.4: Bevorderings, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Beroepsvlak	Manlik			Vroulik					Buitelanders		Totaal
	S	B	I	S	B	I	S	B	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (Vlakke 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (Vlakke 13-14)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlakke 9-12)	2	0	0	0	0	2	0	0	0	0	4
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en -vroue, en superintendente (Vlakke 6-8)	0	1	0	1	1	0	0	0	0	0	3
Semi-gekoolde en diskresionêre besluitneming (Vlakke 3-5)	1	0	0	0	0	1	0	0	0	0	2
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitneming (Vlakke 1-2)	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Totaal	4	1	0	1	1	3	0	0	0	0	10
Tydelike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groototaal	4	1	0	1	1	3	0	0	0	0	10

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let Wel: Bevorderings verwys na die totale aantal werknemers wat binne die Departement aangestel is, soos in tabel 3.4.7.

Tabel 3.5.5: Beëindigings, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Beroepsvlak	Manlik			Vroulik					Buitelanders		Totaal
	S	B	I	S	B	I	S	B	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (Vlakke 15 – 16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior Bestuur (Vlakke 13 – 14)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlakke 9 – 12)	2	0	0	2	1	0	0	0	0	0	5
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en -vroue, en superintendente (Vlakke 6 – 8)	6	4	0	3	9	4	0	3	0	0	29
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (Vlakke 3 – 5)	3	5	1	0	6	8	0	4	0	0	27
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitneming (Vlakke 1 – 2)	5	1	0	0	0	0	0	0	0	0	6
Totaal	16	10	1	5	16	12	0	7	0	0	67
Tydelike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groottotaal	16	10	1	5	16	12	0	7	0	0	67

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Beëindigings verwys na daardie werknemers wat die diens van die Department verlaat het, met inbegrip van oorplasing na ander departemente, soos per Tabel 3.4.3.

Tabel 3.5.6: Dissiplinêre optrede, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Beroepsvlak	Manlik			Vroulik					Buitelanders		Totaal
	S	B	I	S	B	I	S	B	Manlik	Vroulik	
Afdanking/drostring	0	3	0	0	1	0	0	0	0	0	4
Groottotaal	0	3	0	0	1	0	0	0	0	0	4

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let Wel: Die totaal vir dissiplinêre optrede verwys slegs na formele uitkomst, nie na 'n gewone somtotaal nie. Vir verdere inligting oor die uitkomst van die dissiplinêre verhore en tipes wangedrag wat op dissiplinêre verhore beoordeel is, verwys asseblief na tabelle 3.12.2 en 3.12.3.

Tabel 3.5.7: Vaardigheidsontwikkeling, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	
Topbestuur (Vlakke 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (Vlakke 13-14)	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlakke 9-12)	0	1	0	0	0	0	0	0	1
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en -vroue, en superintendente (Vlakke 6-8)	1	6	0	0	0	2	0	1	10
Semi-gekolde en diskresionêre besluitneming (Vlakke 3-5)	13	20	0	1	16	27	0	5	82
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitneming (Vlakke 1-2)	1	0	0	0	1	4	0	0	6
Totaal	15	27	0	1	17	33	0	6	99
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groototaal	15	27	0	1	17	33	0	6	99

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit

3.6 Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede

Tabel 3.6.1: Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede, soos op 31 Mei 2012

SBD-vlak	Aantal befondste SBD-poste per vlak	Aantal SBD-lede per vlak	Aantal ondertekende prestasie-ooreenkomste per vlak	Ondertekende prestasie-ooreenkomste as % van SBD-lede per vlak
Direkteur-generaal/ Hoof van Departement	1	1	1	100
Salarisvlak 16, maar nie HVD nie	0	0	0	0
Salarisvlak 15	0	0	0	0
Salarisvlak 14	2	2	2	100
Salarisvlak 13	8	8	8	100
Totaal	11	11	11	100

Let Wel: Die toeken van prestasieverwante belonings (kontantbonus) vir Senior Bestuursdienslede word later in die verslag behandel. Verwys asseblief na Tabel 3.8.5.

Tabel 3.6.2: Redes waarom prestasie-ooreenkomste nie met alle SBD-lede op 31 Mei 2012 voltooi is nie

Redes waarom Prestasie-ooreenkomste nie met alle SBD-lede voltooi is nie	Nie van toepassing nie
--	------------------------

Tabel 3.6.3: Dissiplinêre stappe wat teen SBD-lede gedoen is omdat prestasie-ooreenkomste nie op 31 Mei 2012 voltooi is nie

Dissiplinê stappe wat teen SBD-lede gedoen is omdat hulle nie prestasie-ooreenkomste voltooi het nie	Nie van toepassing nie
--	------------------------

3.7 Vul van SBD-poste

Tabel 3.7.1: SBD-posinligting, soos op 30 September 2012

SBD-vlak	Aantal befondste SBD-poste per vlak	Aantal SBD-poste per vlak gevul	% SBD- poste per vlak gevul	Aantal SBD-poste vakant per vlak	% van SBD-poste vakant per vlak
Direkteur-generaal/ Hoof van Departement	1	1	100	0	0
Salarisvlak 16, maar nie Hvd nie	0	0	0	0	0
Salarisvlak 15	0	0	0	0	0
Salarisvlak 14	2	2	100	0	0
Salarisvlak 13	8	8	100	0	0
Totaal	11	11	100	0	0

Tabel 3.7.2: SBD-posinligting, soos op 31 Maart 2013

SBD-vlak	Aantal befondste SBD-poste per vlak	Aantal SBD-poste per vlak gevul	% SBD- poste per vlak gevul	Aantal SBD-poste vakant per vlak	% van SBD-poste vakant per vlak
Direkteur-generaal/ Hoof van Departement	1	1	100	0	0
Salarisvlak 16, maar nie HVD nie	0	0	0	0	0
Salarisvlak 15	0	0	0	0	0
Salarisvlak 14	2	2	100	0	0
Salarisvlak 13	9	8	89	1	11
Totaal	12	11	92	1	11

Tabel 3.7.3: Adverteer en vul van SBD-poste, soos op 31 Maart 2013

SBD-vlak	Adverteer	Vul van Poste	
	Aantal vakatures per vlak binne 6 maande na vakature ontstaan het	Aantal vakatures per vlak gevul binne 6 maande na vakature ontstaan het	Aantal vakatures per vlak nie binne 6 maande gevul nie maar wel binne 12 maande
Direkteur-generaal/ Hoof van Departement	0	0	0
Salarisvlak 16, maar nie HvD nie	0	0	0
Salarisvlak 15	0	0	0
Salarisvlak 14	0	0	0
Salarisvlak 13	0	0	0
Totaal	0	0	0

Tabel 3.7.4: Redes dat die vul van vakante SBD-poste nie nagekom is nie – binne 6 maande geadverteer en binne 12 maande gevul nadat dit vakant geword het

SBD-vlak I	Redes vir nie-nakoming
Direkteur-Generaal/ Hoof van Departement	None
Salarisvlak 16, maar nie HvD nie	None
Salarisvlak 15	None
Salarisvlak 14	None
Salarisvlak 13	None

Tabel 3.7.5: Dissiplinêre stappe geneem omdat die voorgeskrewe tydsraamwerke vir die vul van SBD-poste binne 12 maande nie nagekom is nie

Dissiplinêre stappe wat geneem is omdat die voorgeskrewe tydsraamwerke vir die vul van SBD-poste binne 12 maande nie nagekom is nie	Geen
---	------

3.8 Prestasie van werknemers

Om goeie prestasie aan te moedig, het die Departement prestasiebelonings vir die tydperk 2011/12 toegeken, maar dit eers in die boekjaar 2012/13 betaal. Die inligting word volgens ras, geslag en gestremdheid (tabel 3.8.3), salarisskaal (tabelle 3.8.4 en 3.8.5) en kritieke beroepe (tabel 3.8.6) aangebied.

Tabel 3.8.1: Kerfprogressies volgens salarisskaal, 1 April 2011 tot 31 Maart 2012

Salarisskaal	Werknemers soos op 31 Maart 2012	Progressies na 'n ander kerf binne 'n salarisvlak	Kerfprogressie as % van werknemers volgens salarisskaal
Laer geskool (Vlakke 1-2)	91	67	73.6
Geskool (Vlakke 3-5)	213	154	72.3
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6 tot 8)	230	145	63
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	59	44	74.6
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	11	11	100
Totaal	604	421	69.9

Tabel 3.8.2: Kerfprogressie volgens kritieke posbekleding, 1 April 2011 tot 31 Maart 2012


Kritieke posbekleding	Werknemers soos op 31 Maart 2012	Progressies na 'n ander kerf binne 'n salarisvlak	Kerfprogressie as % van werknemers volgens salariskerf
Argivaris	17	6	35.3
Kultuurbeampte	9	7	77.8
Erfenisbeampte	7	5	71.4
Taalpraktisyn	6	3	50
Bibliotekaris	30	18	60
Museum: Menslike Wetenskaplike	12	6	50
Sportbevoor- deringsbeampte	31	19	61.3
Totaal	112	64	57.1

Tabel 3.8.3: Prestasiebelonings volgens ras, geslag en gestremdheid, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Ras en geslag	Profiel van Begunstigdes			Koste	
	Aantal begunstigdes	Totale aantal werknemers in groep soos op 31 Maart 2012	% van totaal binne groep	Koste (R'000)	Gemiddelde koste per begunstigde
Swart	32	176	18.2	369	11 515
Manlik	18	98	18.4	150	8 332
Vroulik	14	78	17.9	219	15 607
Bruin	78	315	24.8	1 107	14 201
Manlik	35	164	21.3	609	17 410
Vroulik	43	151	28.5	498	11 589
Indiër	0	3	0	0	0
Manlik	0	2	0	0	0
Vroulik	0	1	0	0	0
Wit	36	108	33.3	568	15 779
Manlik	12	37	32.4	247	20 621
Vroulik	24	71	33.8	321	13 358
Werknemers met 'n gestremdheid	2	2	100	23	11 325
Totaal	148	604	24.5	2 067	13 965

Let Wel: Die tabel hierbo het betrekking op die prestasiebelonings vir die prestasiejaar 2011/12 en betaling wat in die verslagtydperk 2012/13 gemaak is

Verspreiding volgens ras van bevoorreedes wat prestasie-toekennings ontvang het



Tabel 3.8.4: Prestasiebelonings volgens salarisskale vir personeel onder senior bestuursdiensvlak, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Salarisskale	Profiel van Begunstigdes			Koste		
	Aantal begunstigdes	Totale aantal werknemers in groep soos op 31 Maart 2012	% van total binne salarisskaal	Koste (R'000)	Gemiddelde koste per begunstigde	Koste as % van totale personeelbesteding
Laer geskool (Vlakke 1-2)	14	91	15.4	68	4 876	0
Geskool (Vlakke 3-5)	28	213	13.1	193	6 891	0.1
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	82	230	35.7	1 042	12 712	0.7
Hoogs geskoolde toesig-houding (Vlakke 9-12)	16	59	27.1	409	25 547	0.3
Totaal	140	593	23.6	1 712	12 231	1.2

Let wel: Die totale koste van prestasiebelonings aan werknemers op salarissvlakke 1 tot 12 betaal word bereken as 'n persentasie van die personeeluitgawe van die personeel op salarissvlakke 1 tot 12, nie die totale personeeluitgawe nie.

Tabel 3.8.5: Prestasiebelonings (kontantbonus), volgens salarisskaal, vir senior bestuursdiensvlak, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Salarisskale	Profiel van begunstigdes			Koste		
	Aantal begunstigdes	Totale aantal werknemers in groep soos op 31 Maart 2012	% van totale binne salarisskaal	Koste (R'000)	Gemiddelde koste per begunstigde (R)	Koste as % van totale personeelbesteding
Senior Bestuurskaal A (Vlak 13)	5	8	62.5	193	38 513	2
Senior Bestuurskaal B (Vlak 14)	1	2	50	43	43 394	0.4
Senior Bestuurskaal C (Vlak 15)	1	1	100	119	118 550*	1.2
Senior Bestuurskaal D (Vlak 16)	0	0	0	0	0	0
Totaal	7	11	63.6	355	50 644	3.6

Let wel: Die totale koste van prestasiebelonings aan werknemers op salarissvlakke 13 tot 16 betaal word bereken as 'n persentasie van die personeeluitgawe van die personeel op salarissvlakke 13 tot 16, nie die totale personeeluitgawe nie.

*Die bedrag gee prestasiebonus weer vir die 2010/11 en 2011/12-jare, omdat uitgawe in die verslagperiode was.

Tabel 3.8.6: Prestasiebelonings volgens kritieke beroepe, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Kritieke beroep	Profiel van Begunstigdes			Koste		
	Aantal begunstigdes	Totale aantal werknemers in groep soos op 31 Maart 2012	% van totaal in salarisskaal	Koste (R'000)	Gemiddelde koste per begunstigde (R)	Koste as % van totale personeelbesteding
Argivaris	3	17	17.6	44	14 760	0
Kultuurbe-ampte	5	9	55.6	72	14 400	0
Erfenisbe-ampte	4	7	57.1	48	11 927	0
Taalpraktisyn	0	6	0	0	0	0
Bibliotekaris	13	30	43.3	189	14 516	0.1
Museum: Menslike Wetenskaplike	1	12	8.3	14	13 816	0
Sportbevoorderingsbe-ampte	4	31	12.9	46	11 520	0
Totaal	30	112	26.8	413	13 753	0.3

3.9 Buitelandse werkers

Die tabelle hieronder bied 'n opsomming van die indiensneming van buitelanders in die Departement volgens salarisskaal en volgens hoofberoep. Die tabelle bied ook 'n opsomming van veranderinge in die totale aantal buitelandse werkers in elke salarisskaal en volgens elke hoofberoep.

Tabel 3.9.1: Buitelandse werkers volgens salarisskaal, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Salarisskaal	1 April 2012		31 Maart 2013		Verandering	
	Aantal	% verandering	Aantal	% verandering	Aantal	% verandering
Laer geskool (Vlakke 1-2)	0	0	0	0	0	0
Geskool (Vlakke 3-5)	0	0	0	0	0	0
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	0	0	0	0	0	0
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	0	0	0	0	0	0
Totaal	0	0	0	0	0	0

Let wel: Die tabel hierbo sluit nie-burgers met permanente verblyf in die Republiek van Suid-Afrika uit.

Tabel 3.9.2: Buitelandse werkers volgens hoofberoep, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Hoofberoep	1 April 2012		31 Maart 2013		Verandering	
	Aantal	% verandering	Aantal	% verandering	Aantal	% verandering
Geen						
Totaal	0	0	0	0	0	0

Let Wel: Die tabel hierbo sluit nie-burgers met permanente verblyf in die Republiek van Suid-Afrika uit..

3.10 Verlofbenutting vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 2012

Die Staatsdienskommissie het die behoefte geïdentifiseer om siekteverlof binne die staatsdiens te monitor. Die tabelle hieronder verskaf 'n aanduiding van die benutting van siekteverlof (tabel 3.10.1) en ongeskiktheidsverlof (tabel 3.10.2). In beide gevalle word die geraamde koste van die verlof ook voorsien.

Tabel 3.10.1: Siekteverlof, 1 Januarie 2012 tot 31 Desember 2012

Salarisskaal	Totale dae	% dae met mediese sertifikaat	Aantal werknemers wat siekteverlof gebruik het	Totale aantal werknemers	% van alle werknemers wat siekteverlof gebruik het	Gemiddelde dae per werknemer	Geskatte koste (R'000)
Laer geskool (Vlakke 1-2)	568	77.6	81	108	75	7	149
Geskool (Vlakke 3-5)	1 107	23.6	166	227	73.1	7	408
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	1 397	4.5	187	244	76.6	7	981
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	333	237.5	50	66	75.8	7	380
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	74	1 389.2	10	11	90.9	7	190
Totaal	3 479	74.3	494	656	75.3	7	2 108

Let wel: Die driejaar-siekteverlofsiklus het in Januarie 2010 begin. In elke geval weerspieël die inligting die totale, waarby die hoeveelheid ongeskiktheidsverlof deur werknemers geneem is, nie ingesluit is nie. Vir 'n aanduiding van die ongeskiktheidsverlof wat geneem is, raadpleeg asseblief tabel 3.10.22.

Tabel 3.10.2: Ongeskiktheidsverlof, 1 Januarie 2012 tot 31 Desember 2012

Salarisskaal	Totale dae	% dae met mediese sertifikaat	Aantal werknemers wat ongeskiktheidsverlof gebruik het	Totale Aantal werknemers	% van alle werknemers wat ongeskiktheidsverlof gebruik het	Gemiddelde dae per werknemer	Geskatte koste (R'000)
Laer geskool (Vlakke 1-2)	206	100	8	108	7.4	26	56
Geskool (Vlakke 3-5)	298	100	9	227	4	33	95
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	195	100	9	244	3.7	22	121
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	60	100	2	66	3	30	68
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	0	0	0	11	0	0	0
Totaal	759	100	28	656	4.3	27	340

Let Wel: Die verlofbedeling, soos deur die Verlofbepaling bepaal, gelees saam met die toepaslike kollektiewe ooreenkomste, voorsien vir normale siekteverlof van 36 werksdae in 'n siekteverlofsiklus van drie jaar. Indien 'n werknemer sy of hul normale siekteverlof opgebruik het, moet die werkgewer 'n ondersoek na die aard en omvang van die werknemer se ongesteldheid onderneem. Sodanige ondersoek word uitgevoer ingevolge item 10(1) van Skedule 8 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995.

Ongeskiktheidsverlof is nie 'n onbeperkte hoeveelheid bykomende siekteverlof tot beskikking van 'n werknemer nie. Ongeskiktheidsverlof is bykomende siekteverlof wat voorwaardelik na die werkgewer se diskresie toegestaan word, soos bepaal deur die Verlofbepaling en Beleid op ongeskiktheidsverlof en die Beleid op aftrede weens swak gesondheid.

Tabel 3.10.3 bied 'n opsomming van die benutting van jaarlikse verlof. Die loonooreenkoms wat in 2000 deur vakunies en die Staatsdienskommissie se Bedingingsraad bereik is, maak dit nodig dat diegene wat jaarlikse verlof bestuur, moet voorkom dat 'n groot aantal dae opgeloopte verlof met die beëindiging van diens uitbetaal moet word.

Tabel 3.10.3: Jaarlikse verlof, 1 Januarie 2012 tot 31 Desember 2012

Salarisskaal	Aantal dae wat geneem is	Totale aantal werknemers wat jaarlikse verlof gebruik het	Gemiddelde dae per werknemer
Laer geskool (Vlakke 1-2)	1 960	106	18
Geskool (Vlakke 3-5)	4 124	212	19
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	5 071	238	21
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	1 306	63	21
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	236	11	21
Totaal	12 697	630	20

Tabel 3.10.4: Beperkte verlof, 1 Januarie 2012 tot 31 Desember 2012

Salarisskaal	Totaal van beperkte verlof beskikbaar soos op 31 Des. 2011	Aantal dae beperkte verlof geneem	Aantal werknemers wat beperkte verlof gebruik het	Gemiddelde aantal dae geneem per werknemer	Aantal werknemers met beperkte verlof soos op 31 Des. 2012	Aantal dae beperkte verlof beskikbaar soos op 31 Des. 2012
Laer geskool (Vlakke 1-2)	509	0	0	0	21	460
Geskool (Vlakke 3-5)	2 871	22	7	3	68	2 464
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	3 135	59	11	5	87	2 872
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	1 239	5	1	5	26	1 199
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	409	0	0	0	6	398
Totaal	8 163	86	19	5	208	7 393

Let Wel: Dit is moontlik dat die totale aantal beperkte verlofdae verhoog kan word omdat werknemers wat in die departement bevorder of hierheen oorgeplaas is, hul beperkte verlofkrediete behou, wat deel vorm van daardie spesifieke salarisskaal en uiteindelik van die departement se totaal.

Tabel 3.10.5 bied 'n opsomming van betalings wat aan werknemers gemaak is as gevolg van verlof wat nie geneem is nie.

Tabel 3.10.5: Verlofuitbetalings, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Rede	Totale Bedrag (R'000)	Aantal voorvalle per werknemer	Gemiddelde betaling per werknemer
Verlofuitbetalings vir 2012/13 vanweë nie-benutting van verlof van die vorige siklus	0	0	0
Uitbetalings vir beperkte verlof by beëindiging van diens vir 2012/13	217	7	30 961
Bestaande verlofuitbetalings by beëindiging van diens vir 2012/13	51	8	6 352
Totaal	268	15	17 836

3.11 MIV en VIGS en programme vir gesondheidsbevordering

Tabel 3.11.1: Stappe gedoen om risiko van beroepsblootstelling te verminder, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Eenhede/ kategorieë werknemers geïdentifiseer as hoë-risiko om MIV en verwante slettes (indien enige) op te doen	Sleutelstappe wat gedoen is om die risiko te verminder
Die aard van die DKES se werk stel werknemers nie bloot aan 'n groot risiko om MIV en VIGS op te doen nie. Ten spyte van lae beroepsrisiko, is alle werknemers op alle vlakke binne die Departement geteiken.	'n Aantal MIV en VIGS-beradings en toetsings en welstandsassesserings het plaasgevind. Die uitbestede gesondheids- en welstandskontrak vir die Werknemergesondheids- en Welstandsprogram voorsien werknemers en hul onmiddellike familieledede (met ander woorde, die gade of lewensmaat van 'n werknemer of kinders wat by 'n werknemer woon) van 'n reeks dienste. Hierdie dienste sluit in: <ul style="list-style-type: none"> • 24/7/365-telefoonberading • persoon-tot-persoon-berading (6 + 2-sessiemodel) • trauma- en kritieke voorvalberading • opleiding, afrigting en geteikende ingrypings waar dit vereis word

Tabel 3.11.2: Besonderhede van gesondheidsbevordering en van MIV- en VIGS-programme, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Vraag	Ja	Nee	Besonderhede, indien ja
1. Het die Departement 'n lid van die SBD aangewys om die bepalings vervat in deel VI E hoofstuk 1 van die Staatsdiensregulasies, 2001, in werking te stel? Indien wel, verskaf sy/haar naam en posisie.	✓		Vanweë die sentralisering van die werknemergesondheids- en welheidsfunksie, het die Waarnemende Direkteur: Organisasoriese Gedrag, Departement van die Premier, hierdie rol vervul.
2. Beskik die Departement oor 'n toegewyde eenheid of is spesifieke personeel aangewys om die gesondheid en welsyn van werknemers te bevorder? Indien wel, dui die aantal werknemers aan wat betrokke is by hierdie taak en die jaarlikse begroting wat vir hierdie doel beskikbaar is.	✓		Die Korporatiewe Dienstesentrum binne die Departement van die Premier verskaf 'n transversale diens aan 11 deelnemende departemente, waaronder die DKES. 'n Aangewese Werknemersgesondheids- en Welstandseenheid in die Direktoraat: Organisasoriese Gedrag en die Hoofdirektoraat: Organisasoriese Ontwikkeling dien om die gesondheid en welstand van werknemers in die 11 departemente te bevorder. Die eenheid bestaan uit 'n Adjunk-direkteur, drie Assistent-direkteure, vier spanlede en een intern, wat in die vierde kwartaal die Direktoraat: Organisasoriese Gedrag verlaat het om haar studies voort te sit. Begroting: R2 500 000
3. Het die Departement 'n Werknemersbystand- of Gesondheidsbevorderings-program vir werknemers ingestel? Indien wel, dui die sleutelemente/-dienste van hierdie program aan	✓		Die Departement het 'n diensvlakooreenkoms met 'n onafhanklike diensverskaffer, Independent Counselling and Advisory Services (ICAS), aangegaan vir die lewering van 'n werknemers-welstandsdienste aan die 11 departemente wat deur die Korporatiewe Dienstesentrum bedien word. Die DKES het ingrypings uitgevoer, wat onder meer bestuurdersinlywing, werknemersinlywing, stresbestuur, mishandeling en seksuele gesondheidsbewustheid, professionele balans, werknemervoorspraakbewustheid, persoonlike finansies, bestuursverwysing, middelmisbruik, finansiële welstand en afrigting vir werknemers ingesluit het. Hierdie ingrypings is beplan op die grondslag van tendense wat kwartaalliks deur middel van die Werknemergesondheids- en Welstandsprogram-verslae wat deur die diensverskaffer, ICAS, vir die tydperk 2012/13 verskaf is, gerapporteer is. Werknemergesondheids- en Welstandsdienste en -bestuursinligting is gebruik om geteikende en toepaslike ingrypings te identifiseer om aandag aan dringende behoeftes te gee. Die geteikende ingrypings is daarop gerig om werknemerbetrokkenheid deur middel van bewusmaking en opvoedkundige ingrypings wat gesonde leefwyses en lewensvaardighede bevorder, te verbeter. Dit behels voorleggings wat bewusmaking skep en werknemers aanmoedig om 'n proaktiewe benadering te openbaar om die uitwerking van hierdie probleme in die werkplek te beperk. Die bovermelde ingrypings is vir die geteikende departemente, met inbegrip van bestuurders en toesighouers, uitgevoer. Die DKES het ook inligtingsessies aangebied om werknemers in te lig oor die WGW-diens en hoe om met die Werknemer- Gesondheids- en Welstandsprogram in verbinding te tree. Promosionele materiaal soos pamflette, plakkate en brosjures is versprei.

Tabel 3.11.2: Besonderhede van gesondheidsbevordering en van MIV- en VIGS-programme, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013 (voortgesit)

Vraag	Ja	Nee	Besonderhede, indien ja
4. Het die Departement ('n) komitee(s) soos genoem in deel VI E.5(e) van Hoofstuk 1 van die Staatsdiensregulasies, 2001, oorweeg? Indien wel, verskaf asseblief die name van die lede van die komitee en die belanghebbendes(s) wat hulle verteenwoordig.	✓		'n Nuwe Gesondheids- en Welstandsdagbestuur is verkies met lede wat deur elke departement benoem is. Die DKES-verteenwoordigers op die Komitee is S Julie en D Flandorp.
5. Het die Departement die indiensnemingsbeleid en -praktyke hersien om te verseker dat daar nie onbillik gediskrimineer word teen werknemers op grond van hul MIV-status nie? Indien wel, maak 'n lys van indiensnemingsbeleid/-praktyke wat hersien gaan word.	✓		Die Transversale Bestuursraamwerk vir Werknemergesondheids- en -Welstandsprogramme in die Wes-Kaapse Regering word toegepas en is op 10 Augustus 2005 bekragtig deur die Koördinerende Kamer van die Staatsdiens- Koördinerende Bedingingsraad vir die Wes-Kaap. Die Departement vir die Staatsdiens en Administrasie het in 2007/08 etlike nasionale beleidsdokumente opgestel wat werknemergesondheid en -welstand in die staatsdiens reël en wat die programme en dienste op 'n uniforme wyse koördineer. In hierdie verband maak alle diensbeleid voorsiening van billike praktyke, ongeag die MIV-status van personeel of aansoekers. Gedurende die diensydperk het die Departement van die Premier 'n transversale Werknemergesondheids- en Welstandsbeleid opgestel. Konsultasies vind plaas ten opsigte van die konsepdokument sodat dit bekragtig kan word. Daarbenewens het die Departement van Gesondheid die Transversale MIV- en VIGS/SOI-Werkplekbeleid en -program goedgekeur wat van toepassing sal wees op alle departemente van die Wes-Kaapse Regering. Die dokument stem ooreen met die vier pilare van die WGW- Strategiese Raamwerk, 2008.
6. Het die Departement maatreëls ingestel om MIV-positiewe werknemers of diegene wat beskou word as MIV-positief teen diskriminasie te beskerm? Indien wel, maak 'n lys van die sleutelemente van daardie maatreëls.			Die Departement het bestaande wetgewende en beleidsraamwerke ingestel asook moniterings- en evalueringsriglyne wat deur die Departement van die Staatsdiens en Administrasie opgestel is. Die oorkoepelende doelwit van hierdie raamwerke is om MIV-positiewe werknemers te beskerm deur voorspraak te maak vir die inwerkingstelling van die "Drie Zero's" van die Gesamentlike VN HIV en VIGS-program (UNAIDS). Dit is opvoedkundige programme en inligtingsessies wat opgestel is om stigma en diskriminasie uit die weg te ruim en om bewustheid te verhoog deur middel van: <ul style="list-style-type: none"> • geen (zero) nuwe MIV-, SOI- en TB-infeksies • geen (zero) sterftes verwant aan MIV en TB • geen (zero) diskriminasie. Die DKES voer GBT- en welstandsondersoeke uit om te verseker dat elke werknemer van die Wes-Kaapse Regering minstens elke jaar vir MIV getoets en vir TB ondersoek word: <ul style="list-style-type: none"> • diskriminasie teen MIV en TB in die werkplek te verminder. Dit het veldtogte teen onbillike diskriminasie en die bemagtiging van werknemers ingesluit.

Vraag	Ja	Nee	Besonderhede, indien ja
	✓		<ul style="list-style-type: none"> • onbillike diskriminasie op toegang tot dienste te verminder. Dit sluit in die versekering dat die Werknemerverhoudingsdirekoraat aandag gee aan klagtes of griewe en opleiding aan werknemers verskaf. • ander kernelemente waardeur aandag geskenk is aan die bestryding van diskriminasie teen MIV en VIGS: welstandsondersoeke op spesifieke versoek van departemente is uitgevoer, plakkate en pamflette is versprei, MIV en VIGS-berading en TB-toetsing is uitgevoer, kondoomprogramme en kort aanbiedinge, waaronder die MIV en VIGS 'Speak out'-program, is gelewer.
7. Moedig die Departement sy werknemers aan om vrywillige berading en toetsing te ondergaan? Indien wel, maak 'n lys van die resultate wat behaal is.	✓		<p>MIV-berading en toetsing (MBT-) sessies</p> <p>Ondersoeksessies is uitgevoer met betrekking tot bloeddruk, glukose, cholesterol, TB en LMI (liggaamsmassa-indeks), en 'n aantal kort aanbiedings het plaasgevind.</p> <p>Die DKES het aan 16 GBT- en welstandsondersoeke deelgeneem.</p> <ul style="list-style-type: none"> • 206 werknemers is getoets en het berading ontvang vir MIV, tuberkulose en seksuele oordraaglike infeksies (SOI's). • Daar was vyf kliniese verwysings vir TB, MIV en ander SOI's.
8. Het die Departement maatreëls/ aanduiders opgestel om die uitwerking van die gesondheidsbevorderings-program te monitor en te evalueer? Indien wel, maak 'n lys van hierdie maatreëls/aanduiders.	✓		<p>Die uitwerking van gesondheidsbevorderingsprogramme word aangedui deur middel van inligting wat verskaf word deur die Werknemersgesondheids- en Welstandskontrak (diensverskaffer: Eksterne Werknemerbystandsprogram).</p> <p>Die Werknemersgesondheids- en Welstandsprogram word deur middel van kwartaalike en jaarlikse verslaglewering gemoniteer. Hierdie verslaglewering word deur die eksterne diensverskaffer voorsien. Die mees onlangse jaarlikse gesondheidshersieningstydperk was 1 April 2012 tot 31 Maart 2013.</p> <p>Die kwartaalike en jaarlikse hersiening verskaf 'n uiteensetting van die WGWP se menslike kapitaaldemografie, dit wil sê ouderdom, geslag, duur van diensyd, gebruik deur afhanklikes, taalgebruik, werknemer- versus bestuurder-benutting en aantal gevalle.</p> <p>Die hersiening bied ook, onder meer, inligting oor diensaanwending, probleemprofielering en -tendense, evaluering van werknemer- en organisatoriese risiko en die uitwerking hiervan op individuele prestasie in die werkplek.</p>

3.12 Arbeidsverhoudinge

Geen gesamentlike ooreenkomste is in die oorsigjaar binne die Departement met vakunies aangegaan nie.

Tabel 3.12.1: Kollektiewe ooreenkomste, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Aantal kollektiewe ooreenkomste	Geen
---------------------------------	------

Tabel 3.12.2: Wangedrag en dissiplinêre verhore afgehandel, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Uitkoms van dissiplinêre verhore	Aantal	% van totaal
Korrektiewe berading	0	0
Mondelinge waarskuwing	0	0
Skriftelike waarskuwing	0	0
Finale skriftelike waarskuwing	0	0
Afdanking sonder betaling	0	0
Boete	0	0
Demosie	0	0
Afdanking/drostring	4	100.0
Nie skuldig nie	0	0
Saak teruggetrek	0	0
Totaal	4	100
Persentasie van totale indiensneming		0.4

Let Wel: Uitkoms van dissiplinêre verhore verwys slegs na amptelike gevalle.

Tydens die oorsigtydperk het twee werknemers gedros en hierdie gevalle is outomaties as drostring geklassifiseer. Dit was nie nodig vir 'n formele dissiplinêre verhoor nie.

Tabel 3.12.3: Tipes wangedrag wat op dissiplinêre verhore aangespreek is, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Tipe wangedrag	Aantal	% van totaal
Finansiële wangedrag	1	20
Drostring	2	40
Ongemagtigde afwesigheid	1	20
Totaal	5	100

Tabel 3.12.4: Griewe ingestel, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Griewe ingestel	Aantal	% van totaal
Aantal griewe besleg	24	77.4
Aantal griewe nie besleg nie	7	22.6
Totale aantal griewe ingedien	31	100

Let wel: "Griewe ingestel" verwys na gevalle wat binne die verslagtydperk afgehandel is. "Griewe nie besleg nie" verwys na gevalle wat gefinaliseer is, maar waar die uitkoms nie ten gunste van die klaer was nie en die grief as ongegrond afgewys is.

Tabel 3.12.5: Dispute by rade ingedien, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Dispute by rade ingedien	Aantal	% van totaal
Aantal dispute gehandhaaf	1	100
Aantal dispute van die hand gewys	0	0
Totale aantal dispute ingestel	1	100

Let wel: "Rade" verwys na die Staatsdiens Koördinerende Bedingingsraad en die Algemene Staatsdienssektor-bedingingsraad.

Tabel 3.12.6: Stakingsaksies, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Stakingsaksies	Aantal
Totale aantal persoonwerksdae wat verlore is	0
Totale koste (R'000) van werksdae wat verlore is	0
Bedrag (R'000) verhaal as gevolg van geen werk, geen betaling nie	0

Tabel 3.12.7: Voorkomende skorsings, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Voorkomende skorsings	Aantal
Aantal mense geskors	0
Aantal mense wie se skorsing 30 dae oorskry het	0
Gemiddelde aantal dae geskors	0
Koste (R'000) van skorsings	0

Let wel: "Voorkomende skorsings" verwys na personeel wat met betaling geskors is terwyl die saak ondersoek is.

3.13 Vaardigheidsontwikkeling

Hierdie afdeling toon die werk van die DKES ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling. Tabel 3.13.1 bied 'n weergawe van die opleidingsbehoefte soos aan die begin van die oorsigtydperk, en tabel 3.13.2 die opleiding wat in werklikheid aangebied is.

Tabel 3.13.1: Opleidingsbehoefte geïdentifiseer, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Beroeps-kategorie	Geslag	Aantal werknemers soos op 1 April 2012	Opleidingsbehoefte geïdentifiseer aan begin van verslagtydperk			
			Leerder-skappe	Vaardighede-programme en ander kortkursusse	Ander vorms van opleiding	Totaal
Wetgewers, senior beamptes en bestuurders	Vroulik	4	0	11	0	11
	Manlik	8	0	6	0	6
Professioneel	Vroulik	54	0	202	0	202
	Manlik	51	0	193	0	193
Tegnici en verwante beroepe	Vroulik	76	0	249	0	249
	Manlik	66	0	156	0	156
Klerke	Vroulik	105	0	329	0	329
	Manlik	45	0	184	0	184
Diens- en verkoopswerkers	Vroulik	0	0	0	0	0
	Manlik	0	0	0	0	0
Vaardige landbou- en visserijwerkers	Vroulik	0	0	0	0	0
	Manlik	0	0	0	0	0
Handwerk- en verwante ambagwerkers	Vroulik	0	0	0	0	0
	Manlik	3	0	16	0	16
Toerusting- en masjienoperateurs en passers	Vroulik	0	0	0	0	0
	Manlik	16	0	51	0	51
Elementêre beroepe	Vroulik	45	0	83	0	83
	Manlik	97	0	168	0	168
Subtotaal	Vroulik	285	0	874	0	874
	Manlik	287	0	774	0	774
Totaal		572	0	1 648	0	1 648
Werknemers met gestremdhede	Vroulik	1	0	0	0	0
	Manlik	1	0	0	0	0

Let wel: Die tabel hierbo identifiseer die opleidingsbehoefte aan die begin van die verslagtydperk volgens die DKES-werkplekvaardigheidsplan.

Tabel 3.13.2: Opleiding verskaf, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Beroeps-kategorie	Geslag	Aantal werknemers soos op 1 April 2012	Opleidingsbehoefes aan begin van verslagtydperk geïdentifiseer			
			Leerderskappe	Vaardigheidsprogramme en ander kortkurse	Ander vorms van opleiding	Totaal
Wetgewers, senior beamptes en bestuurders	Vroulik	4	0	2	0	2
	Manlik	9	0	1	0	1
Professioneel	Vroulik	58	0	14	0	14
	Manlik	51	0	24	0	24
Tegnici en verwante beroepe	Vroulik	93	0	25	0	25
	Manlik	74	0	16	0	16
Klerke	Vroulik	63	0	56	0	56
	Manlik	29	0	43	0	43
Diens- en verkoopswerkers	Vroulik	0	0	0	0	0
	Manlik	0	0	0	0	0
Vaardige landbou- en visserywerkers	Vroulik	0	0	3	0	3
	Manlik	0	0	0	0	0
Handwerk- en verwante ambagwerkers	Vroulik	1	0	0	0	0
	Manlik	7	0	15	0	15
Toerusting- en masjienoperateurs en -passers	Vroulik	0	0	0	0	0
	Manlik	16	0	4	0	4
Elementêre beroepe	Vroulik	82	0	7	0	7
	Manlik	97	0	12	0	12
Subtotaal	Vroulik	308	0	107	0	107
	Manlik	287	0	115	0	115
Totaal		595	0	222	0	222
Werknemers met gestremdhede	Vroulik	6	0	0	0	0
	Manlik	4	0	0	0	0

Let wel: Die tabel hierbo identifiseer die opleidingsbehoefes aan die begin van die verslagtydperk volgens die DKES-werkplekvaardigheidsplan.

3.14 Besering in dienstryd

Tabel 3.14.1 bied basiese inligting omtrent besering tydens dienslewering.

Tabel 3.14.1: Besering in dienstryd, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Aard van besering in diens	Aantal	% van totaal
Het slegs basiese mediese aandag verlang	1	7.1
Tydlike gestremdheid	13	92.9
Permanente gestremdheid	0	0
Noodlottig	0	0
Totaal	14	100
Persentasie van totale indiensneming		1

3.15 Gebruik van konsultante

Tabel 3.15.1: Verslag oor aanstelling van konsultante met gebruik van begrote gelde, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Projektitel	Totale aantal konsultante wat aan die projek gewerk het	Duur: werksdae	Kontrakwaarde in Rand
-	-	-	-
Totale aantal projekte	Totale aantal indiwiduele konsultante	Totale duur: werksdae	Totale kontrakwaarde in Rand
-	-	-	-

Tabel 3.15.2: Ontleding van konsultantaanstellings deur gebruik van toegewese fondse, ten opsigte van histories benadeelde indiwidue (HBI'e), 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Projektitel	Persentasie eienaarskap deur HBI-groepe	Persentasie bestuur deur HBI-groepe	Aantal konsultante uit HBI-groepe wat aan die projek werk
-	-	-	-

Tabel 3.15.3: Verslag oor aanstelling van konsultante met gebruik van donateurgelde, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Projektitel	Totale aantal konsultante wat aan die projek gewerk het	Duur: Werksdae	Kontrakwaarde in Rand
-	-	-	-
Totale aantal projekte	Totale aantal indiwiduele konsultante	Totale duur: Werksdae	Totale kontrakwaarde in Rand
-	-	-	-

Tabel 3.15.4: Ontleding van aanstelling van konsultante met gebruik van donateurgelde ten opsigte van histories benadeelde indiwidue (HBI'e), 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

Projektitel	Persentasie eienaarskap deur HBI-groepe	Persentasie bestuur deur HBI-groepe	Aantal konsultante uit HBI-groepe wat aan die projek werk
-	-	-	-

Verslag van die Rekenpligtige Beampste

Verslag deur die Rekenpligtige Beampste aan die Uitvoerende Gesag en Provinsiale Wetgewer van die Wes-Kaap

1 ALGEMENE OORSIG VAN DIE STAND VAN FINANSIËLE SAKE

Verklaring van verantwoordelikheid vir prestasie-inligting vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

1 Beleidsbesluite en strategiese kwessies

Beleidsbesluite en strategiese sake

In ooreenstemming met die klemverskuiwing van die Wes-Kaapse Regering van maatskaplike samehorigheid na maatskaplike inklusiwiteit, het die Departement die visie van " 'n maatskaplik inklusiewe, aktiewe en skeppende Wes-Kaap" onder Provinsiale Strategiese Doelwit 8: Die vergroting van maatskaplike inklusiwiteit en die verligting van armoede verskerp. In hierdie opsig is besondere klem geplaas op die naskoolse program wat algemeen bekend staan as die MGO-program. Die deelname van jongmense aan die program het dit vir die Departement moontlik gemaak om die visie van 'n maatskaplik inklusiewe, skeppende en aktiewe provinsie in Suid-Afrika, te verwesenlik.

Tydens die oorsigtydperk is 'n museumbeleid opgestel wat 'n omvattende raamwerk vir die institusionele argitektuur van museums dwarsoor die Wes-Kaap sal bied.

Belangrike uitgawebesluite en strategiese sake waarmee die Departement te kampe het

Ten opsigte van die lewering van dienste is die Departement grootliks afhanklik van gelde wat via die Wet op die Verdeling van Inkomste se Voorwaardelike Toelaag ontvang is. Die Departement het van die Nasionale Tesourie 'n WVI-Voorwaardelike Toelaag ter waarde van R101 628 000 ontvang, bestaande uit R44 499 000 vir die Massadeelname- en Sportontwikkelingstoelaag, R56 129 000 vir die Gemeenskaps-biblioteekdiensstoelaag en R1 miljoen vir die Uitgebreide Openbare Werkeprogram se Geïntegreerde Toelaag vir Provinsies. Voorwaardelike Toelaagbefondsing het 26% van die Departement se totale uitgawe vir die oorsigjaar behels.

Betekenisvolle gebeure

In die oorsigjaar het die Departement verskeie gebeure in die Provinsie aangebied of daaraan saamgewerk. Dit het ingesluit:

- die Discovery Big Walk
- die Pick n Pay Argus Fietstoer
- die 2012 Kuns-, Kultuur-, Erfenis-, Museum-, Biblioteek- en Argieftoekennings
- die Wes-Kaapse Sporttoekennings
- die Sportlegende Toekennings
- die Plaaswerkersportdag
- die Beter Tesame Spele vir WKR-werknemers

Groot projekte

Die Departement het in die oorsigtydperk 'n belangrike bydrae tot kulturele toerisme en tot kuns- en kultuurfeeste gelewer deur die volgende geleenthede te steun:


- die Absa Klein Karoo Nasionale Kunstefees
- die Kaapstadse Karnaval
- die eerste Mosselbaaise Sportfees
- die Visfabriektoernooi
- Die Burger Suidoosterfees

- die Kaapstad Fees
- die Kaapstad Internasionale Jazzfees.

Daarbenewens het die Departement:

- 110 sportorganisasies in die Westelike Provinsie, Boland, Suidwestelike Distrikte en Weskus ondersteun
- 57 kultuurorganisasies ondersteun met projekte in die genres dans, musiek, skone kunste, drama en letterkunde
- 347 biblioteeksentrums ondersteun om 'n kultuur van lees en leer te bevorder
- die MGO-program by 181 terreine in werking gestel om jongmense in staat te stel om deel te neem aan naskoolse sport en kuns- en kultuurbedrywighede
- die landelike biblioteekverbindingprojek na 347 landelike gemeenskappe in die Wes-Kaap uitgebrei
- die omvang van die boektrollie-projek vergroot om aan landelike gebiede met gebrekkige dienste leesstof te verskaf
- die befondsingsproses van kultuurorganisasies, sportfederasies en -klubs vaartbely
- voortgegaan om steun aan die Wes-Kaapse Sportskool te bied.

Uitgawe-tendense



Vir die boekjaar 2012/13 is die Departement se oorspronklike begroting gedurende die 1ste aanpassingsberamingsproses van R390 761 000 tot R392 422 000 vergroot, 'n netto toename van R1 661 000 of 0,42%. Gedurende die 2de aanpassingsberamingsproses het die begroting afgeneem tot R392 274 000 weens die herprioritiserings deur Sport en Ontspanning Suid-Afrika van die Sport en Ontspanning Voorwaardelike Toelaag. Die aanpassings het bestaan uit:

- R1 500 000 (toename) vir die 8-nasies 0.20 Internasionale Jeugsokker-uitdaging in Kaapstad, deur die Provinsiale Tesourie gefinansier
- R400 000 (afname) verskuif na Begrotingspos 1 vir die Gedragsveranderingsprojek
- R561 000 (toename) inkomstebehoud vir biblioteekboeke
- R148 000 (afname) in die Sport en Ontspanning Voorwaardelike Toelaag.

Viremente

Virement-nr.	Uit Program	Ekonomiese Klassifikasie	R'000	Na Program	Ekonomiese Klassifikasie	R'000
1	Program 1	Vergoeding van werknemers	(275)	Program 4	Goedere en dienste	1,705
		Goedere en dienste	(3,076)		Oorplasinge en subsidie	1,041
		Masjinerie en toerusting	(109)		Masjinerie en toerusting	707
		Sagteware en ander nie-fasbare bates	(4)		Betaling vir finansiële bates	120
		Subtotaal	(3,464)		SUBTOTAAL	3,573
2	Program 2	Vergoeding van werknemers	(1,804)	Program 3	Goedere en dienste	3,322
		Goedere en dienste	(1,091)		Oorplasinge en subsidie	76
		Masjinerie en toerusting	(81)		Masjinerie en toerusting	27
		Bou- en ander vaste bates	(60)		Vergoeding van werknemers	(498)
		Subtotaal	(3,036)		Subtotaal	2,927
		GROOTTOTAAL	(6,500)		GROOTTOTAAL	6,500

Rede vir die viremente

Begrotingspos 13 het vanweë die lae en stadige vul van poste gelde onder vergoeding van werknemers geïdentifiseer. Bykomende sportverwante projekte is geïdentifiseer en uit personeelgelde befonds. Programbestuurders is versoek om voorstelle voor te lê wat uit die besparings befonds kan word. Die Departementshoof het in oorlegpleging met die LUR die finale toewysing van besparings goedgekeur. Die effek van die bykomende projekte het die algehele begroting vir Goedere en Dienste, Oorplasinge en Subsidie en Kapitaalbate vergroot.

Viremente in 'n hoofafdeling is deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur, terwyl viremente tussen hoofafdelings deur die Provinsiale Tesourie goedgekeur is. Dit is in ooreenstemming met die departement se virement-delegasies.

2 Dienste deur die Departement gelewer

Die dienste deur die Departement gelewer, word in Deel B van hierdie verslag bespreek.

Tariefbeleid

Alle tariewe word in 'n tariefregister aangeteken en word jaarliks hersien.

Gratis dienste

Alle dienste van die Departement is gratis vir die publiek.

3 Kapasiteitsbeperkings

Onbefondste mandate

Die Ordonnansie op die Provinsiale Biblioteekdiens, wat op 9 Oktober 1981 van krag geword het, saam met die Regulasies ten opsigte van 'n gratis Provinsiale Biblioteekdiens (Regulasie 689 van 1980) is die enigste twee stukke wetgewing wat nog die prestasie van biblioteke as 'n wetlike funksie reguleer.

Die doel van die Ordonnansie is om die Wet wat verband hou met die verskaf van gratis biblioteekgeriewe te konsolideer en te wysig en om voorsiening te maak vir bykomende sake. Die administrasie van die hele Ordonnansie is vanaf 1994, ingevolge Proklamasie 115 van 1994, gepubliseer in Staatskoerant 15813 van 17 Junie 1994, aan die Provinsie Wes-Kaap toegewys.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika bepaal egter dat alle biblioteke wat nie nasionale biblioteke is nie, provinsiale wetgewende bevoegdheid is. Die beskouing omtrent munisipaliteite is dat hulle geen finansiële verantwoordelikheid vir die lewering van biblioteekdienste het nie. Nóg die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), nóg die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) maak voorsiening vir openbare biblioteke en hul befondsing deur munisipaliteite. Om aandag te skenk aan die saak van die onbefondste mandaat, word die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Biblioteek- en Inligtingsdienste ontwikkel en het die Departement van Kuns en Kultuur 'n diensverskaffer aangestel om die koste van die Wetsontwerp te bereken. 'n Vername deurbraak ten opsigte van die befondsing van die openbare biblioteekdiens is in die boekjaar 2011/12 aangekondig, met 'n toewysing van R31 770 000 vir munisipale vervangingsbefondsing om aan die saak van onbefondste biblioteekmandate aandag te skenk. Hierdie befondsing is gedurende die aanpassingsbegroting in 2011 deur die Provinsiale Tesourie aan die DKES verskaf. Die 15 Kategorie-B13 (finansiële sukkelende) munisipaliteite in die Wes-Kaap is as die aanvanklike begunstigdes van hierdie munisipale vervangingsbefondsing geïdentifiseer. Die bedrae wat na hierdie munisipaliteite oorgeplaas gaan word, is gedurende die aanpassingsbegroting in die Staatskoerant gepubliseer en oorplasinge in Januarie 2012 gemaak. 'n Totale bedrag ter waarde van R31 268 000 is oorgeplaas.

Hierdie bedrae wat oorgeplaas is, sou tussen 96% en 100% vervang van dit waarvoor hierdie munisipaliteite in 2011/12 vir biblioteekpersoneelkoste begroot het, asook 'n kleiner persentasie van operasionele biblioteekkosse in party van die B3-munisipaliteite.

'n Doelgespesifieke afdeling is in die Biblioteekdiens ingestel om die munisipale vervangingsbefondsing in werking te stel, uit te brei, te bestuur en te monitor en om hierdie munisipaliteite te help om biblioteekdienste wat gelewer word, aan te vul. Drie personeellede het in die vierde kwartaal in die afdeling begin werk en een personeelid het in April 2012 begin. In 2012/13 was die toewysing vir B3-munisipaliteite R45 miljoen.

Menslike kapitaal

Die mikro-ontwerp van die organisatoriese struktuur van die Departement is in die laaste kwartaal van die boekjaar 2011/12 goedgekeur. Die inwerkingstelling van die nuwe struktuur het in die oorsigjaar 'n aanvang geneem. Dit word beskou as 'n vername stap in die rigting van die optimale verwezenliking van die Departement se funksionaliteit.

4 Benutting van skenkersgelde

Geen skenkersgelde is vir die boekjaar 2012/13 ontvang nie.

5 Handelsentiteite en openbare entiteite

Wes-Kaapse Taalkomitee

Die WKTK is ingevolge die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, tot stand gebring. Ingevolge artikel 47(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, het die Minister van Finansies met ingang van 1 Junie 2001 die WKTK as 'n Skedule 3C- provinsiale openbare entiteit gelys. Die doel van die Taalkomitee is om te verseker dat die drie amptelike tale van die Wes-Kaap gelyke status geniet en dat die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale van die Wes-Kaap aktief bevorder word. Oorplasingebetalings ter waarde van R190 000 is ingevolge die MTBR-toewysing aan die WKTK gemaak, en 'n bykomende bedrag van R50 000, waarvolgens artikel 38(1)(i) van die WOFB nagekom is, is na die Komitee oorgeplaas. Verskillende taalverwante projekte is gedurende die jaar uitgevoer.

Erfenis Wes-Kaap

Erfenis Wes-Kaap is in 2002 tot stand gebring. Die EWK-raad is ingevolge regulasies deur die LUR in Januarie 2003 gepubliseer, aangestel. Die organisasie se bestaan en mandaat berus op die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, en regulasies van hierdie Wet. Hul sleutelmandaat is om kultuurerfenishulpbronne van die Wes-Kaap te identifiseer, te beskerm en te bewaar. Erfenis Wes-Kaap skakel met die nasionale en plaaslike regering. Oorplasingebetalings ter waarde van R1 452 000 is aan EWK gemaak, waarvolgens artikel 38(1)(i) van die WOFB nagekom word.

Erfenis Wes-Kaap

Erfenis Wes-Kaap is in 2002 gestig ingevolge regulasies gepubliseer deur die LUR in Januarie 2003 en die aanstelling van die EWK-raad. Die organisasie se bestaan en mandaat is gegrond op die Wet op Wes-Kaapse Erfenishulpbronne, 1999 en regulasies ingevolge hierdie Wet. Hulle hoofmandaat is om kultuurerfenishulpbronne van die Wes-Kaap te identifiseer, beskerm en te bewaar. In hulle aktiwiteite skakel hulle met die nasionale en plaaslike regering. Oordragbetalings ten bedrae van R1 452 000 is aan EWK gemaak wat voldoen aan artikel 38(1)(j) van die WOFB.

6 Organisasies aan wie oorplasingbetalings gemaak is

Lyste entiteite aan wie oorplasingbetalings gemaak is en die oogmerk van daardie oorplasingbetalings word in Deel B van hierdie verslag verstrek.

7 Openbare-private vennootskappe (OPV'e)

Geen OPV-ooreenkomste is gedurende die boekjaar 2012/13 aangegaan nie.

8 Korporatiewe bestuursreëlings

8.1 Korporatiewe bestuur

Hierdie saak word in Deel C van hierdie verslag aangespreek.

8.2 Doeltreffendheid van Interne Oudit en Ouditkomitee

Interne Oudit is steeds onafhanklik gelewer deur die gedeelte Interne Oudit-aktiwiteit gesentraliseer in die Korporatiewe Dienstesentrum van die Departement van die Premier.

In ooreenstemming met die WOFB en King III bied die Interne Ouditbedrywigheid aan die Ouditkomitee en bestuur die versekering dat die interne beheermaatreëls wat met bestuurs-, risikobestuur- en beheerprosesse verband hou, voldoende en doeltreffend is. Ingevolge die WOFB en King III is 'n risikogebaseerde driejaar- Voortstuwende Strategiese en Jaarlikse Operasionele Ouditplan deur die Ouditkomitee goedgekeur, en het die Ouditkomitee die uitvoering van die operasionele plan en die bestuur se inwerkingstelling van regstellende optrede gemoniteer.

Geen verdere befondsing is vir die vergroting van Interne Oudit-kapasiteit beskikbaar gestel nie, en vanjaar was die klem op die optimale benutting van die bestaande hulpbronne.

Interne Oudit gaan voort om die rol te erken wat deur ander versekeringsvoorsiensers gespeel word en beoog 'n gekombineerde versekeringsbenadering vir die volgende jaar wat sal verseker dat Interne Oudit-hulpbronne op die mees toepaslike risikogebiede toegepas word.

Die Departement word deur die Maatskaplike Kluster se Ouditkomitee bedien, en alle lede is onafhanklike lede, deur die hoof van die Provinsiale Tesourie ná oorlegpleging met die tersaaklike uitvoerende owerhede aangestel. Die Ouditkomitee tree op ingevolge 'n Verwysingsraamwerk wat op 18 Julie 2012 goedgekeur is.

Die Ouditkomitee vergader minstens elke kwartaal om hul verantwoordelikhede ingevolge die goedgekeurde Verwysingsraamwerk na te kom. Wanneer nodig, vergader die Ouditkomitee ook in 'n private hoedanigheid met die Uitvoerende Gesag en Rekenpligtige Beampte om sake van belang te bespreek.

9 Geen afgelaste aktiwiteite/aktiwiteite wat afgelas gaan word nie

Aktiwiteite is gedurende die huidige boekjaar afgelas.

10 Nuwe/voorgestelde aktiwiteite

Die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek- en Inligtingsdienste is gedurende die oorsigjaar steeds bespreek. Die konsepwetsontwerp is in verskillende forums bespreek. Die nasionale Departement van Kuns en Kultuur het 'n diensverskaffer aangestel om die koste van die Wetsontwerp te bereken. Kosteberekening van die Wetsontwerp sal in die volgende boekjaar 'n aanvang neem.

Ten opsigte van die verskaffing van openbare biblioteekdienste bly die oponthoud oor die befondsing van openbare biblioteke 'n uitdaging. Gedurende die boekjaar 2011/12 is 'n voorstel vir die oplossing vir die kwessie

van die onbefondste mandaat aan die Provinsiale Tesourie en die Nasionale Tesourie voorgelê. Dit is opgevolg deur 'n belangrike aankondiging op 1 Maart 2011 deur die Wes-Kaapse LUR vir Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme ten opsigte van finansiële bystand aan finansiële sukkelende munisipaliteite wat in die boekjaar 2011/12 voorsien sou word. 'n Bedrag van R31 770 000 is in 2011/12 ontvang en R45 000 000 in die boekjaar 2012/13. In Augustus 2012 het die Hoof van Departement namens alle provinsies 'n voorlegging aan die Tegnieuse Komitee oor Finansies gemaak. Dit het tot 'n beduidende toename in voorwaardelike befondsing vir die boekjaar 2014/15 aanleiding gegee.

Gedurende die oorsigjaar is die MGO-programmodel verbeter en vennootskappe met ander staatsorganisasies gesluit om hierdie inisiatief te steun. Die MGO-sentrums se onmiddellike fokus is op die gehalteverbetering van die deelnemerservaring gerig.

11 Batebestuur

Al die bates in die Departement is van stafiekodes voorsien en opgeneem op LOGIS (die Logistieke Inligtingstelsel). 'n Batebestuurstrategie is ontwikkel en in werking gestel, en batebestuurders is aangestel om die behoorlike bestuur van bates te verseker. Gedurende die oorsigtydperk is 'n voorraadopname uitgevoer.

Die Nasionale Tesourie het 'n handleiding vir departemente uitgereik sodat hulle vanaf 1 April 2012 oor biblioteekmateriaal as bates verslag moet doen. Die verandering in die rekeningkundige raamwerk vir die bestuur van biblioteekmateriaal as bates het veranderinge in die DKES se prestasie-omgewing tot gevolg gehad. Dit het die opstel van 'n beleid en prosedures oor die bestuur van biblioteekmateriaal as bates genoodsaak. Daar moes ook 'n voorraadopname van meer as 6 miljoen items by 358 lokale dwarsoor die provinsie plaasvind en dit is gedurende die boekjaar 2011/12 uitgevoer om 'n geloofwaardige bateregister van biblioteekmateriaal te verseker. Hierdie totaal beslaan 340 biblioteeksentrums, 15 streke, 1 algemene versameling, die sentrale biblioteeklokaal en die filmbiblioteek. Veranderinge is aan die Standaardrekeningkaart (SRK) gemaak om vir hierdie nuwe verwickelinge ruimte te skep.

Periodieke voorraadopnames is in die 2012/13-boekjaar hervat.

12 Inventarisse

Die verslag oor inventarisse word in Bylae 4 van die Jaarlikse Finansiële State vervat.

13 Gebeure ná die verslagdatum

Op 23 April 2013 het die Departement ontdek dat oorplasingbetalings wat vir die munisipaliteit George bestem was, op bedrieglike wyse na 'n verkeerde bankrekening oorgeplaas is. Die saak is op 24 April 2013 vir verdere ondersoek by die WKR se Forensiese Ondersoekeenheid gerapporteer. Ingevolge die Departementele Bedrog- en Risikogids, hoofstuk 8, paragraaf 42, het die beweerde bedrog op die verslagdatum bestaan en behels dit gevolglik 'n "aanpassingsgebeurtenis ná die verslagdatum". Die DKES het dus die 2012/13 finansiële state aangepas om die korrekte openbaarmaking van die beweerde bedrog te verseker.

14 Inligting oor voorafbepaalde doelstellings

Prestasie-inligting word in deel B van hierdie verslag aangebied.

15 SKOOR-beslissings

Agtergrond/ Kommerwekkendhede	Beslissings	SKOOR-aksiedatum/Aksies deur die Departement ondernem
	13.1 Die Komitee het besluit dat:	
<p>Page: 63 van die Jaarverslag. Opskrif: "Interne Oudit" Beskrywing: Die Komitee deel in die besorgdheid wat deur die Ouditkomitee, die Minister en hoofde van alle departemente uitgespreek is dat verdere ouditdekking nodig is en dat daar 'n behoefte is aan bykomende kapasiteit, veral finansiële, om die vergrote dekking van hoërisikogebiede te steun. Die ouditdekking vir die boekjaar 2011/12 staan op 40%, vergeleke met die 39,39% vir die boekjaar 2010/11.</p>	13.1.1 die Minister en HvD moet voortgaan om hieroor met die Kabinet en die Provinsiale Tesourie in gesprek te tree sodat ouditdekking op die mediumtermyn beduidend kan vergroot, om die negatiewe uitwerking op toekomstige oudituitkomst, dienslewering en die bereik van voorafbepaalde doelstellings te verminder, veral in hoërisikogebiede;	Hierdie saak is by die Provinsiale Tesourie se Bestuur bespreek.

Agtergrond/ Kommerwekkendhede	Beslissings	SKOOR-aksiedatum/Aksies deur die Departement ondernem
<p>Bladsy: 72 van die Jaarverslag. Opskrif: "SKOOR-beslissings" Beskrywing: Die Komitee bedank die Departement daarvoor dat daar in die voorafgaande jaar aandag geskenk is aan die Komitee se besluite en dat dit by die jaarverslag vir die verslagtydperk ingesluit is.</p>	<p>13.1.2 'n Nuwe verslagtemplaot oor die Departement se aksies ná SKOOR-beslissing moet ontwerp word en die Departement moet die ou verslagtemplaot daarmee vervang, vanaf die 2012/13-jaarverslag en verder, sodra dit ontvang is;</p>	<p>Hierdie besluit is in werking gestel.</p>
<p>Bladsy: 72 van die Jaarverslag. Opskrif: "SKOOR-beslissings" Beskrywing: Gedurende die boekjaar 2010/11 het SKOOR besluit dat daar verbeteringe aan die openbaringsnotas gemaak moes word. Hierdie verbeteringe was nodig omdat bestaande rekeningkundige stelsels in die Departement nie die omvangrykheid van bedrae wat verklaar is, kon verseker nie. Verbintnisse en toenames wat nie openbaar gemaak is nie, hou verband met die Biblioteekdiens se SLIMS-stelsel wat in Januarie 2011 in werking gestel is. Die Komitee let daarop dat probleme ondervind is met die verkryging van finansiële inligting uit die stelsel, aangesien die stelsel nie met die inagneming van finansiële uitsette ontwerp is nie. Daar is van nie-IT-metodes gebruik gemaak om te verseker dat die inligting akkuraat geopenbaar word.</p>	<p>13.1.3 die Departement moet 'n voorlegging vir die Komitee voorberei oor die Departement se reaksie op die uitdagings wat met die SLIMS-stelsel geïdentifiseer is;</p>	<p>Sal deur SKOOR geskeduleer word.</p>
<p>Bladsy: 75 van die Jaarverslag. Opskrif: "Behaal van beplande teikens" (paragraaf 15) Beskrywing: Van die totale getal beplande teikens is 119 gedurende die verslagjaar behaal. Dit verteenwoordig 23,2% van die beplande teikens wat nie gedurende die verslagjaar bereik is nie. Dit was die gevolg van die feit dat die inrigting nie tersaaklike stelsels en bewysvereistes oorweeg het gedurende die jaarlikse strategiese beplanningsproses nie.</p>	<p>13.1.4 hierdie saak moet verwys word na die Staande Komitee op Gemeenskapsontwikkeling vir verdere monitering en evaluering;</p>	<p>Teen 15 April 2013. Die Departement het altesaam 173 programprestasie-aanduikers in die 2011/12 Jaarlikse Prestasieplan bekend gemaak. Die Ouditeur-generaal het saamgestem dat 155 PPA's as grondslag vir die bepaling van prestasie gebruik sou word. (Die oorblywende 18 PPA's is buite rekening gelaat omdat 12 'n teiken van nul het en 6 nie behaal is nie weens eksterne faktore buite die Departement se beheer) Die Departement het gedurende die strategiese beplanningsessie van Augustus 2012 die aanduiders en teikens vir die boekjaar 2013/14 hersien.</p>

Agtergrond/ Kommerwekkendhede	Beslissings	SKOOR-aksiedatum/Aksies deur die Departement ondernem
<p>Bladsy: 76 van die Jaarverslag. Opskrif: "Menslike Hulpbronbestuur" (paragraaf 17) Beskrywing: Die Komitee is besorg oor die feit dat werknemers aangestel is sonder dat 'n behoorlike proses gevolg is om die eise te verifieer wat by hul aanstelling gemaak is, ter oortreding van Staatsdiensregulasie 1/v11/D.8, en dat verlof rekords nie betyds verwerk is nie en dus nie in ag geneem word waar verlofvoorsiening bepaal word nie.</p>	<p>13.1.5 die Departement moet verseker dat beheermaatreëls ontwerp en in werking gestel word om te voorkom dat sodanige voorvalle weer voorkom;</p>	<p>Teen 15 April 2013 Hierdie besluit is in werking gestel. Geen nuwe aanstellings is goedgekeur voordat alle vlakke van verifiëring vir nuwe werknemers afgehandel is nie.</p>
<p>Bladsy: 97 van die Jaarverslag. Opskrif: "Rekeningkundige Beleid" Beskrywing: Die Komitee wens die Departement geluk met hul nakoming van algemeen aanvaarde krediteurbetalingstydperke en vereistes volgens wetgewing vir betaling van krediteure binne 30 dae vandat die faktuur ontvang word.</p>	<p>13.1.6 die Departement moet 'n klousule formuleer wat by die Rekeningkundige Beleid van die Departement ingevoeg moet word as verbintenis ter nakoming van algemeen aanvaarde krediteurbetalingstydperke en wettlike vereistes vir betaling van krediteure binne 30 dae vandat die faktuur ontvang word;</p>	<p>Teen 15 April 2013. Die klousule is by die Rekenpligtige Beampte se verslag ingesluit.</p>
<p>Bladsy: 115 van die Jaarverslag. Opskrif: "23: Onreëlmatige uitgawe" Beskrywing: Die Komitee neem met sorg kennis dat onreëlmatige uitgawe ter waarde van R1 217 000 deur die Departement aangegaan is as gevolg van nie-nakoming van wette en regulasies ten opsigte van verkryging en kontraktuele bestuur. Geen onreëlmatige uitgawe is deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur in die huidige of vorige jare ten opsigte van voorafgaande tydperke nie. R394 000 van die onreëlmatige uitgawe wat in 2011/12 aangegaan is, is in die huidige jaar deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur.</p>	<p>13.1.7 die Departement ontwerp en implementeer voldoende voorkomings- en naspornings-beheermaatreëls om te verseker dat onreëlmatige uitgawe nie voorkom nie;</p>	<p>Teen 15 April 2013. Die Departement het 'n gehalte-versekeringseenheid in die subdirektoraat VKB tot stand gebring om te verseker dat alle VKB-vereistes nagekom word voordat die bestelling geplaas word en dat betaling ná aflewering gemaak word.</p>
<p>Bladsy: 117 van die Jaarverslag. Opskrif: "Roerende Tasbare Kapitaalbate" (Nota 26) Beskrywing: Die Komitee is besorg oor die feit dat Departement en die Kantoor van die LUR oor geen beleid of register beskik waarvolgens erfenisbates geïdentifiseer, bevorder, beskerm, bewaar en waarde toegeëien word nie.</p>	<p>13.1.8 die Departement moet, in samewerking met die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement en waar nodig, Erfenis Wes-Kaap, sodanige erfenisbatebeleid en register opstel. Die komitee het voorts beslis dat die Departement alle bewegings ten opsigte van erfenisbates opspoor en moniteer, met inbegrip van besonderhede, met kostes van verkryging, skade, wegdoening en verlies van erfenisbates, en dat alle besonderhede in toekomstige jaarverslae ingesluit moet word;</p>	<p>Teen 15 April 2013. Antwoord op vereiste datum aan SKOOR voorgelê.</p>

Agtergrond/ Kommerwekkendhede	Beslissings	SKOOR-aksiedatum/Aksies deur die Departement ondernem
<p>Bladsy: 130 van die Jaarverslag.</p> <p>Opskrif: "Verklaring van geskenke, skenkings en borgskappe" (Bylae 1G).</p> <p>Beskrywing: Die Komitee is besorgd oor die feit dat die Departement nie 'n beleid het wat die ontvangs, evaluering en toekenning of weiering van aansoeke om geskenke, skenkings en borgskappe wat aangebied gaan word, rig nie.</p>	<p>13.1.9 die Departement moet 'n beleid opstel en aanvaar wat leiding bied aan die HvD ten opsigte van die ontvangs, evaluering en toekenning of weiering van aansoeke om geskenke, skenkings en borgskappe, en dat die departement dit aan die Komitee voorlê vir oorlegpleging; voorts, dat die Departement meer besonderhede hieroor in toekomstige jaarverslae insluit;</p>	<p>Teen 15 April 2013.</p>
<p>Inligtingstelsels en Ouditbevindings</p> <p>Die Komitee deel in die kommer getoon in die Ouditeur-generaal se verslag en in die inligtingsdokumente aan die Komitee voorgelê. Hierdie dokumente is gebaseer op die finale bestuursverslag aan die Departement wat onder meer dui op die ontwerp en inwerkingstelling van 'n IT-bestuursraamwerk, amptelike beheer oor IT-stelsels, IT-dienskontinuiteit, gebruikerstoegangbeheer, programveranderingbestuur en veiligheidsbestuur om die betroubaarheid van die stelsels en die beskikbaarheid, akkuraatheid en beskerming van inligting te verseker.</p>	<p>13.1.10 die Departement moet ten nouste saamwerk met die Departement van die Premier (Direktoraat: SE-I) om die implementering te verseker van meganismes wat aandag skenk aan die genoemde sake; en</p>	<p>Teen 15 April 2013.</p>
	<p>13.1.12 die Departement moet 'n plan voorlê om aandag te skenk aan die sake deur die Ouditeur-Generaal vermeld.</p>	<p>Sal deur SKOOR geskeduleer word.</p>

16 Voorafgaande wysiging aan ouditverslae

Geen.

17 Vrystellings en afwykings ontvang van die Nasionale Tesourie

Geen.

18 Interim finansiële state

Vir die oorsigtydperk het die Departement kwartaallikse interim finansiële state uitgereik. Interim finansiële state vir die tydperke tot op 30 Junie 2012, 30 September 2012, 31 Desember 2012 en 31 Maart 2013 is vir evaluering aan die Provinsiale Tesourie voorgelê.

19 Ander

Die Departement is daartoe verbind om te verseker dat diensverskaffers binne die vereiste 30 dae-tydperk betaal word. 'n Opvolginstrument word tans ontwikkel om die Departement te help om aan hierdie vereiste te voldoen.

20 Goedkeuring

Die Jaarlikse Finansiële State uiteengesit op bladsye 139 tot 186, is deur die Rekenpligtige Beamppte goedgekeur.



Brent Walters (Rekenpligtige Beamppte)

31 Mei 2013

VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT OOR BEGROTINGSREDE NR. 13 DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT

VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STATE

Inleiding

1. Ek het 'n oudit gedoen van die finansiële state van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport, verstrekkend op bladsye 139 tot 176, waaronder die toewysingstaat, die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2013, die staat van finansiële prestasie, die staat van veranderinge in nettobates en die kontantvloeistaat vir die jaar toe geëindig, en die notas, wat insluit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleidsrigtings en ander verduidelikende inligting.

Rekenpligtige beampte se verantwoordelikheid vir die finansiële state

2. Die rekenpligtige beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van hierdie finansiële state in ooreenstemming met die Departementele finansiële verslaggewingsraamwerk, voorgeskryf deur die Nasionale Tesourie en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur van Suid-Afrika, 1999 (Wet nr. 1 van 1999) (WOFB) en die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2012 (Wet nr. 5 van 2012) (WVI) en vir sodanige interne beheer soos deur die rekenpligtige beampte geag as noodsaaklik vir die voorbereiding van finansiële state wat sonder materiële wanvoorstelling, toe te skryf aan bedrog of fout, is.

Ouditeur-Generaal se verantwoordelikheid

3. My verantwoordelikheid is om, gebaseer op my oudit, 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ek het die oudit in ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, 2004 (Wet nr. 25 van 2004) (WOO), die algemene kennisgewing daarvolgens uitgereik en die Internasionale Ouditstandaarde. Hierdie standaard vereis dat ek aan die etiese vereistes voldoen en die oudit beplan en uitvoer om redelike versekering te verkry dat die finansiële state vry van materiële wanvoorstelling is.
4. 'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditgetuienis oor die bedrae en bekendmakings in die finansiële state te verkry. Die gekose prosedures hang van die ouditeur se oordeel af, waaronder die assessering van die risiko's van materiële wanvoorstelling van die finansiële state, wat weens bedrog of fout kan voorkom. In die doen van hierdie risiko-assesserings oorweeg die Ouditeur-Generaal interne beheer wat toepaslik is vir die entiteit se voorbereiding van die finansiële state sodat onder die omstandighede die mees geskikte ouditprosedures uitgevoer kan word, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die doeltreffendheid van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook in die evaluering van die geskiktheid van die rekeningkundige beleidsrigtings wat gebruik word en die redelikheid van rekeningkundige beramings wat deur bestuur gemaak is, asook om die omvattende aanbieding van die finansiële state te evalueer.
5. Ek glo dat die ouditgetuienis tot my beskikking voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir my ouditmening te vorm.

Mening

6. Na my mening toon die finansiële state in alle wesenslike opsigte 'n billike weergawe van die finansiële posisie van die Departement van Kultuursake en Sport soos op 31 Maart 2013, en die finansiële prestasie en kontantvloeistroom vir die jaar toe beëindig in ooreenstemming met die Departementele finansiële verslaggewingsraamwerk deur die Nasionale Tesourie voorgeskryf en met die vereistes van die WOFB en die WVI.

Beklemtoning van saak

7. Ek vestig die aandag op die saak hieronder. My mening ten opsigte van hierdie saak is nie gewysig nie.

Verandering in rekeningkundige beleid

8. Soos bekendgemaak in rekeningkundige nota 4.7 en 24 by die Finansiële State, is die biblioteekmateriaal wat vir verspreiding aangekoop is, vir die oorsigjaar as klein bates aangedui. Hierdie materiaal is voorheen as inventaris in die ongeouditeerde bylaes tot die finansiële state aangedui.

Bykomende sake

9. Ek vestig die aandag op die sake hieronder. Ten opsigte van hierdie sake is my mening nie gewysig nie.

Ongeouditeerde bykomende skedules

10. Die bykomende inligting uiteengesit op bladsye 177 tot 186 vorm nie deel van die finansiële state nie en word as bykomende inligting aangebied. Ek het nie hierdie skedules geoudit nie en gevolglik spreek ek geen mening daarvoor uit nie.

Finansiële verslaggewingsraamwerk

11. Die finansiële verslaggewingsraamwerk deur die Nasionale Tesourie voorgeskryf en deur die Departement toegepas, is 'n voldoeningsraamwerk. Die bewoording van my mening oor 'n voldoeningsraamwerk behoort weer te gee dat die finansiële state in ooreenstemming met hierdie raamwerk voorberei is en

nie dat hulle 'n "billike weergawe" bied nie. Artikel 20 (2)(a) van die WOO vereis egter dat ek 'n mening uitspreek oor die billike weergawe van die finansiële state. Die bewoording van my mening weerspieël dus my nakoming van hierdie vereiste.

VERSLAG OOR ANDER REGS- EN REGULATORIESE VEREISTES

12. In ooreenstemming met die WOO en die algemene kennisgewing daarvolgens uitgereik, rapporteer ek die volgende bevindinge wat van toepassing is op die prestasie teen voorafbepaalde doelwitte, voldoening aan wetgewing en regulasies en interne beheer, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek nie.

Voorafbepaalde doelwitte

13. Ek het prosedures uitgevoer om inligting in te win oor die nut en betroubaarheid van die inligting in die Jaarlikse Prestasieverlag soos uiteengesit op bladsye 29 tot 60 van die Jaarverslag
14. Die genoemde prestasie teen voorafbepaalde doelwitte is geëvalueer teen die oorhoofse kriteria van nut en betroubaarheid vir die ouditeringsprogramme geselekteer. Die nut van inligting in die Jaarlikse Prestasieverlag dui aan of dit in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie se jaarverslagsbeginsels is en of die gerapporteerde prestasie in ooreenstemming met die beplande doelwitte is. Die inligting is verder nuttig, deurdat dit aandui of aanduiders en teikens meetbaar is (d.i. goed gedefinieer, verifieerbaar, spesifiek, meetbaar en tydsgebonde) en toepaslik soos vereis deur die Nasionale Tesourie se Raamwerk vir programprestasie-inligtingsbestuur.

Die betroubaarheid van die inligting ten opsigte van die verkose doelwitte word geassesseer om te bepaal of dit die feite voldoende weerspieël (d.i. of dit geldig, akkuraat en volledig is).
15. Daar was geen wesenlike bevindinge oor die Jaarlikse Prestasieverlag ten opsigte van die nut en betroubaarheid van die inligting nie.

Voldoening aan wetgewing en regulasies

16. Ek het prosedures uitgevoer om getuienis te verkry dat die entiteit voldoen het aan toepaslike wetgewing en regulasies ten opsigte van finansiële sake, finansiële bestuur en ander verwante sake
17. Ek het geen voorbeelde van wesenlike nie-voldoening aan spesifieke sake in kerntoepaslike wetgewing en regulasies, soos verstrekkend in die algemene kennisgewing wat ingevolge die WOO uitgereik is, geïdentifiseer nie.

Interne beheer

18. Ek het interne beheer van toepassing op my oudit van die finansiële state, jaarprestasieverlag en voldoening aan wetgewing en regulasies oorweeg
19. Ek het geen tekortkominge in die interne beheer wat as beduidend genoeg vir insluiting in hierdie verslag geag is, geïdentifiseer nie.

ANDER VERSLAE

Ondersoeke

20. 'n Ondersoek is geloods met betrekking tot die moontlike wanbetaling van munisipale toelaagfondse aan 'n ander party. Hierdie transaksie is gedurende 2012-13 voltrek, maar is slegs na 31 Maart 2013 ontdek. Die ondersoek is op die datum van hierdie verslag nog nie afgehandel nie.

Auditor - General

Kaapstad
31 Julie 2013



AUDITOR-GENERAL
SOUTH AFRICA

Auditing to build public confidence

TOEËIENINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

Toeëiening per program

Toeëiening- staat	2012/13							2011/12	
	Aange- paste toeëien- ing	Ver- skuiwing van gelde	Vire- ment	Finale toeëien- ing	Werklike uitgawe	Af- wyk- ing	Uitgawe as % van finale toeëien- ing	Finale toeëien- ing	Werklike uitgawe
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000
1. ADMINISTRASIE									
Huidige betalings	42,999	(1,975)	(3,351)	37,673	37,394	279	99.3%	34,266	33,919
Oorplasing en subsidies	29	19	-	48	48	-	100.0%	-	-
Betaling vir kapitaalbates	330	1,944	(113)	2,161	2,161	-	100.0%	2,312	2,311
Betaling vir finansiële bates	-	12	-	12	12	-	100.0%	11	11
	43,358	-	(3,464)	39,894	39,615	279		36,589	36,241
2. KULTUURSAKE									
Huidige betalings	63,397	(6,001)	(2,895)	54,501	54,129	372	99.3%	53,593	53,561
Oorplasing en subsidies	19,112	4,634	-	23,746	23,746	-	100.0%	19,535	19,535
Betaling vir kapitaalbates	421	1,298	(141)	1,578	1,577	1	99.9%	1,727	1,725
Betaling vir finansiële bates	-	69	-	69	69	-	100.0%	5	5
	82,930	-	(3,036)	79,894	79,521	373		74,860	74,826
3. BIBLIOTEK- EN ARGIEFDIENSTE									
Huidige betalings	87,105	(1,914)	2,824	88,015	87,851	164	99.8%	81,571	81,565
Oorplasing en subsidies	91,231	57	-	91,288	90,385	903	99.0%	72,672	72,672
Betaling vir kapitaalbates	1,863	1,800	76	3,739	3,738	1	100.0%	3,421	3,420
Betaling vir finansiële bates	-	57	27	84	84	-	100.0%	6	6
	180,199	-	2,927	183,126	182,058	1,068		157,670	157,663
4. SPORT EN ONTSPANNING									
Huidige betalings	72,020	(1,450)	1,705	72,275	72,271	4	100.0%	60,998	60,795
Oorplasing en subsidies	13,531	691	1,041	15,263	15,263	-	100.0%	20,075	20,075
Betaling vir kapitaalbates	236	709	707	1,652	1,652	-	100.0%	2,230	2,230
Betaling vir finansiële bates	-	50	120	170	170	-	100.0%	58	58
	85,787	-	3,573	89,360	89,356	4		83,361	83,158
TOTAAL	392,274	-	-	392,274	390,550	1,724	99.6%	352,480	351,888

	2012/13		2011/12	
	Finale toeëiening	Werklike uitgawe	Finale toeëiening	Werklike uitgawe
	R'000	R'000	R'000	R'000
TOTAAL (oorgebring)			352,480	
Rekonsiliasie met staat van finansiële prestasie				
VOEG BY				
Departementele kwitansies	192		1,121	
Werklike bedrae per staat van finansiële prestasie (totale inkomste)	394,466		353,601	
Werklike bedrae per staat van finansiële prestasie (totale uitgawe)		390,550		351,888

Let Wel:

Ter nakoming van artikel 18 van die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2012, soos gewysig, het die nasionale departement Sport en Ontspanning Suid-Afrika die oorpasing van gelde na die Wes-Kaap (R0,148 miljoen) vir die Massadeelname- en Sportontwikkelingsgtoelae gestaak, na hersiene toewysings deur die nasionale departement Sport en Ontspanning Suid-Afrika, Dit vorm deel van die tweede bykomende aanpassingsberaming.

TOEËIENINGSTAAT									
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013									
Toeëiening per ekonomiese klassifikasie									
	2012/13							2011/12	
	Aangepasteaanwending	Ver-skuiwing van gelde	Virement	Finale toeëiening	Werklike uitgawe	Af-wyking	Uitgawe as % van finale toeëiening	Finale toeëiening	Werklike uitgawe
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	142,676	(2,057)	(2,577)	138,042	137,226	816	99.4%	126,056	125,700
Goedere en dienste	122,845	(9,283)	860	114,422	114,419	3	100.0%	104,372	104,140
Oordrag en subsidies									
Provinsies en munisipaliteite	93,221	-	-	93,221	92,318	903	99.0%	74,466	74,466
Departementele agentskappe en rekeninge	2,017	218	-	2,235	2,235	-	100.0%	1,892	1,892
Instellings sonder winsoogmerk	28,583	4,873	1,041	34,497	34,497	-	100.0%	35,565	35,565
Huishoudings	82	310	-	392	392	-	100.0%	359	359
Betalings vir kapitaalbate									
Geboue en ander vaste strukture	60	-	(60)	-	-	-		-	-
Masjinerie en toerusting	2,763	5,760	593	9,116	9,114	2	100.0%	9,669	9,665
Sagteware en ander nie-tasbare bate	27	(9)	(4)	14	14	-	100.0%	21	21
Betalings vir finansiële bate	-	188	147	335	335	-	100.0%	80	80
TOTAAL	392,274	-	-	392,274	390,550	1,724	99.6%	352,480	351,888

TOEËIENINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

Besonderhede per subprogram Program 1: Administrasie	2012/13							2011/12	
	Aangepaste toeëiening	Ver-skuiwing van gelde	Vire-ment	Finale toeëiening	Werklike uitgawe	Af-wyk-ing	Uitgawe as % van finale toeëiening	Finale toeëiening	Werklike uitgawe
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
1.1 KANTOOR VAN DIE PROVINSIALE MINISTER VAN KULTUURSAKE, SPORT EN ONTSPANNING									
Lopende betalings	5,330	248	(242)	5,336	5,336	–	100.0%	4,463	4,448
Betaling vir kapitaalbates	–	196	–	196	196	–	100.0%	243	243
Betaling vir finansiële bates	–	8	–	8	8	–	100.0%	3	3
1.2 KORPORATIEWE DIENSTE									
Lopende betalings	20,642	(961)	(1,206)	18,475	18,471	4	100.0%	17,041	17,041
Betaling vir kapitaalbates	29	1,580	–	1,609	1,609	–	100.0%	1,826	1,825
Betaling vir finansiële bates	–	4	–	4	4	–	100.0%	7	7
1.3 BESTUURSDIENSTE									
Lopende bates	17,027	(1,262)	(1,903)	13,862	13,587	275	98.0%	12,762	12,430
Oorplasinge en subsidies	29	19	–	48	48	–	100.0%	–	–
Betaling vir kapitaalbates	301	168	(113)	356	356	–	100.0%	243	243
Betaling vir finansiële bates	–	–	–	–	–	–		1	1
TOTAAL	43,358	–	(3,464)	39,894	39,615	279	99.3%	36,589	36,241

TOEËIENINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

Program 1 per Ekonomiese Klassifikasie: Administrasie	2012/13							2011/12	
	Aangepaste toeëiening	Verskuiwing van gelde	Virement	Finale toeëiening	Werklike uitgawe	Afwyking	Uitgawe as % van finale toeëiening	Finale toeëiening	Werklike uitgawe
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	29,954	(608)	(275)	29,071	28,792	279	99.0%	25,946	25,662
Goedere en dienste	13,045	(1,367)	(3,076)	8,602	8,602	–	100.0%	8,320	8,257
Oorplasinge en subsidie aan:									
Departementele agentskappe en rekeninge	25	–	–	25	25	–	100.0%	–	–
Huishoudings	4	19	–	23	23	–	100.0%	–	–
Betalings vir kapitaalbate									
Masjinerie en toerusting	315	1,955	(109)	2,161	2,161	–	100.0%	2,312	2,311
Sagteware en ander nie-tasbare bate	15	(11)	(4)	–	–	–		–	–
Betalings vir finansiële bate	–	12	–	12	12	–	100.0%	11	11
TOTAAL	43,358	–	(3,464)	39,894	39,615	279	99.3%	36,589	36,241

TOEËIENINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

Besonderhede per subprogram Program 2: Kultuursake	2012/13							2011/12	
	Aangepaste toeëiening	Verskuiwing van gelde	Virement	Finale toeëiening	Werklike uitgawe	Afwyking	Uitgawe as % van finale toeëiening	Finale toeëiening	Finale toeëiening
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
2.1 BESTUUR									
Lopende betalings	5,535	(1,516)	(9)	4,010	4,010	–	100.0%	3,720	3,717
Oorplasinge en subsidies	400	1,560	–	1,960	1,960	–	100.0%	1,787	1,787
Betaling vir kapitaalbates	–	139	–	139	139	–	100.0%	373	372
Betaling vir finansiële bates	–	3	–	3	3	–	100.0%	–	–
2.2 KUNS EN KULTUUR									
Lopende betalings	11,007	(572)	(94)	10,341	10,204	137	98.7%	11,399	11,381
Oorplasinge en subsidies	13,650	(112)	–	13,538	13,538	–	100.0%	12,583	12,583
Betaling vir kapitaalbates	–	524	–	524	524	–	100.0%	516	515
Betaling vir finansiële bates	–	30	–	30	30	–	100.0%	3	3
2.3 MUSEUMDIENS									
Lopende betalings	38,548	(3,809)	(2,498)	32,241	32,179	62	99.8%	31,341	31,341
Oorplasinge en subsidies	3,420	3,136	–	6,556	6,556	–	100.0%	3,547	3,547
Betaling vir kapitaalbates	421	593	(141)	873	872	1	99.9%	769	769
Betaling vir finansiële bates	–	30	–	30	30	–	100.0%	2	2
2.4 ERFENISHULPBRONDIENS									
Lopende betalings	4,598	20	(221)	4,397	4,276	121	97.2%	3,961	3,961
Oorplasinge en subsidies	1,452	–	–	1,452	1,452	–	100.0%	1,380	1,380
Betaling vir kapitaalbates	–	12	–	12	12	–	100.0%	16	16
Betaling vir finansiële bates	–	6	–	6	6	–	100.0%	–	–
2.5 TAALDIENS									
Lopende betalings	3,709	(124)	(73)	3,512	3,460	52	98.5%	3,172	3,161
Oorplasinge en subsidies	190	50	–	240	240	–	100.0%	238	238
Betalings vir kapitaalbates	–	30	–	30	30	–	100.0%	53	53
TOTAAL	82,930	–	(3,036)	79,894	79,521	373	99.5%	74,860	74,826

TOEËIENINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

Program 2 per Ekonomiese Klassifikasie: Kultuursake	2012/13							2011/12	
	Aangepaste toeëiening	Ver- skuiwing van gelde	Vire- ment	Finale toeëien- ing	Werklike uitgawe	Af- wyk- ing	Uitgawe as % van finale toeëien- ing	Finale toeëien- ing	Finale toeëien- ing
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	48,089	(833)	(1,804)	45,452	45,080	372	99.2%	42,550	42,521
Goedere en dienste	15,308	(5,168)	(1,091)	9,049	9,049	–	100.0%	11,043	11,040
Oorplasinge en subsidie aan:									
Departementele agentskappe en rekeninge	1,992	218	–	2,210	2,210	–	100.0%	1,892	1,892
Instellings sonder winsoogmerk	17,054	4,228	–	21,282	21,282	–	100.0%	17,485	17,485
Huishoudings	66	188	–	254	254	–	100.0%	158	158
Betalings vir kapitaalbate									
Geboue en ander vaste strukture	60	–	(60)	–	–	–	–	–	–
Masjinerie en toerusting	349	1,296	(81)	1,564	1,563	1	99.9%	1,727	1,725
Sagteware en ander nie-tasbare bate	12	2	–	14	14	–	100.0%	–	–
Betalings vir finansiële bate	–	69	–	69	69	–	100.0%	5	5
TOTAAL	82,930	–	(3,036)	79,894	79,521	373	99.5%	74,860	74,826

TOEËENINGSTAAT									
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013									
Besonderhede per subprogram Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste	2012/13							2011/12	
	Aangepaste toeëiening	Verskuiving van gelde	Virement	Finale toeëiening	Werklike uitgawe	Afwyking	Uitgawe as % van finale toeëiening	Finale toeëiening	Finale toeëiening
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
3.1 BESTUUR									
Lopende betalings	1,449	134	(48)	1,535	1,535	–	100.0%	1,100	1,098
Betaling vir finansiële bates	–	1	–	1	1	–	100.0%	–	–
3.2 BIBLIOTEEKDIENS									
Lopende betalings	75,472	(1,353)	3,322	77,441	77,408	33	100.0%	71,707	71,703
Oorplasinge en subsidie	91,231	47	–	91,278	90,375	903	99.0%	72,651	72,651
Betaling vir kapitaalbate	1,756	1,720	76	3,552	3,552	–	100.0%	3,262	3,261
Betaling vir finansiële bates	–	56	27	83	83	–	100.0%	6	6
3.3 ARGIEF									
Lopende betalings	10,184	(695)	(450)	9,039	8,908	131	98.6%	8,764	8,764
Oorplasinge en subsidie	–	10	–	10	10	–	100.0%	21	21
Betaling vir kapitaalbate	107	80	–	187	186	1	99.5%	159	159
TOTAAL	180,199	–	2,927	183,126	182,057	1,068	99.4%	157,670	157,663

TOEËENINGSTAAT									
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013									
Program 3 per Ekonomiese Klassifikasie: Biblioteek- en Argiefdienste	2012/13							2011/12	
	Aangepaste toeëiening	Verskuiving van gelde	Virement	Finale toeëiening	Finale toeëiening	Werklike uitgawe	Afwyking	Uitgawe as % van Finale toeëiening	Finale toeëiening
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	44,394	(1,180)	(498)	42,716	42,552	164	99.6%	38,451	38,449
Goedere en dienste	42,711	(734)	3,322	45,299	45,299	–	100.0%	43,120	43,116
Oorplasinge en subsidie aan:									
Provinsies en munisipaliteite	91,221	–	–	91,221	90,318	903	99.0%	72,466	72,466
Instellings sonder winsoogmerk	–	–	–	–	–	–	–	5	5
Huishoudings	10	57	–	67	67	–	100.0%	201	201
Betaling vir kapitaalbate									
Masjinerie en toerusting	1,863	1,800	76	3,739	3,738	1	100.0%	3,400	3,399
Sagteware en ander nie-tasbare bates	–	–	–	–	–	–	–	21	21
Betalings vir finansiële bates	–	57	27	84	84	–	100.0%	6	6
TOTAAL	180,199	–	2,927	183,126	182,058	1,068	99.4%	157,670	157,663

TOEËIENINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

Besonderhede per subprogram Program 4: Sport en Ontspanning	2012/13							2011/12	
	Aangepaste toeëiening	Verskuiwing van gelde	Virement	Finale toeëiening	Werklike uitgawe	Afwyking	Uitgawe as % van finale toeëiening	Finale toeëiening	Werklike uitgawe
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
4.1 BESTUUR									
Lopende betalings	3,589	555	440	4,584	4,584	–	100.0%	3,982	3,982
Oorplasinge en subsidie	–	7	–	7	7	–	100.0%	230	230
Betalings vir kapitaalbates	–	–	–	–	–	–		15	15
Betaling vir finansiële bates	–	11	1	12	12	–	100.0%	–	–
4.2 SPORT									
Lopende betalings	21,714	(461)	565	21,818	21,815	3	100.0%	29,332	29,133
Oorplasinge en subsidie	5,931	673	941	7,545	7,545	–	100.0%	6,875	6,875
Betalings vir kapitaalbates	72	70	636	778	778	–	100.0%	1,213	1,213
Betaling vir finansiële bates	–	2	3	5	5	–	100.0%	21	21
4.3 ONTSPANNING									
Lopende betalings	14,331	136	–	14,467	14,467	–	100.0%	13,521	13,518
Oorplasinge en subsidie	–	2	–	2	2	–	100.0%	–	–
Betalings vir kapitaalbates	164	81	71	316	316	–	100.0%	413	413
Betaling vir finansiële bates	–	9	51	60	60	–	100.0%	6	6
4.4 SKOOLSPORT									
Lopende betalings	32,386	(1,680)	700	31,406	31,405	1	100.0%	14,163	14,162
Oorplasinge en subsidie	7,600	9	100	7,709	7,709	–	100.0%	12,970	12,970
Betalings vir kapitaalbates	–	558	–	558	558	–	100.0%	589	589
Betaling vir finansiële bates	–	28	65	93	93	–	100.0%	31	31
TOTAAL	85,787	–	3,573	89,360	89,356	4	100.0%	83,361	83,158

TOEËENINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

Program 4 per Ekonomiese Klassifikasie: Sport en Ontspanning	2012/13							2011/12	
	Aangepaste toeëiening	Verskuiwing van gelde	Virement	Finale toeëiening	Werklike uitgawe	Afwyking	Uitgawe as % van finale toeëiening	Finale toeëiening	Werklike uitgawe
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	%	R'000	R'000
Lopende betalings									
Vergoeding van werknemers	20,239	564	-	20,803	20,802	1	100.0%	19,109	19,068
Goedere en dienste	51,781	(2,014)	1,705	51,472	51,469	3	100.0%	41,889	41,727
Oorplasinge en subsidie aan:									
Provinsies en munisipaliteite	2,000	-	-	2,000	2,000	-	100.0%	2,000	2,000
Instellings sonder winsoogmerk	11,529	645	1,041	13,215	13,215	-	100.0%	18,075	18,075
Huishoudings	2	46	-	48	48	-	100.0%	-	-
Betalings vir kapitaalbate									
Masjinerie en toerusting	236	709	707	1,652	1,652	-	100.0%	2,230	2,230
Betalings vir finansiële bate	-	50	120	170	170	-	100.0%	58	58
TOTAAL	85,787	-	3,573	89,360	89,356	4	100.0%	83,361	83,158

NOTAS BY DIE TOEËENINGSTAAT
Vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

1. BESONDERHEDE VAN OORPLASINGS EN SUBSIDIES SOOS PER BEGROTINGSWET (NÁ VIREMENT):

Besonderhede van hierdie transaksies is beskikbaar in nota 6 (Oorplasinge en subsidie) en Bylae 1 (A tot E) in die Jaarlikse Finansiële State.

2. BESONDERHEDE VAN SPESIEK EN EKSKLUSIEF AANGEWENDE BEDRAE TOEGEKEN (NÁ VIREMENT):

Besonderhede van hierdie transaksies is beskikbaar in nota 1 (Jaarlikse Toeëiening) tot die Jaarlikse Finansiële State.

3. BESONDERHEDE OOR BETALINGS VIR FINANSIËLE BATES

Besonderhede van hierdie transaksies per program is beskikbaar in nota 5 (Finansiële transaksies in bates en laste) tot die Jaarlikse Finansiële State.

4. VERDUIDELIKINGS VAN MATERIËLE AFWYKINGS UIT BEDRAE BEWILLIG (NÁ VIREMENT):

	Finale toeëiening	Werklike uitgawe	Afwyking	Afwyking as % van finale toeëiening
	R'000	R'000	R'000	R'000
4.1 PER PROGRAM				
Administrasie	39,894	39,615	279	0.70%
Kultuursake	79,894	79,521	373	0.47%
Biblioteek- en Argiefdienste	183,126	182,058	1,068	0.58%
Sport en Ontspanning	89,360	89,356	4	0.00%
4.2 PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE				
Lopende betalings:				
Vergoeding van werknemers	138,042	137,226	816	0.59%
Goedere en dienste	114,422	114,419	3	0.00%
Oorplasinge en subsidie				
Provinsies en munisipaliteite	93,221	92,318	903	0.97%
Departementele agentskappe en rekeninge	2,235	2,235	–	0.00%
Instellings sonder winsoogmerk	34,497	34,497	–	0.00%
Huishoudings	392	392	–	0.00%
Betalings vir kapitaalbate				
Masjinerie en toerusting	9,116	9,114	2	0.02%
Sagteware en ander nie-tasbare bates	14	14	–	0.00%
Betalings vir finansiële bates	335	335	–	0.00%
4.3 PER VOORWAARDELIKE TOELAAG				
Kuns en Kultuur				
Gemeenskapsbiblioteekdienstoelaag	56,129	55,226	903	1.61%
Openbare Werke				
Uitgebreide Openbare Werkeprogram	1,000	1,000	–	0.00%
Sport en Ontspanning Suid-Afrika				
Massasport- en Ontspanningsdeelnameprogram	44,496	44,494	2	0.00%

STAAT VAN FINANSIËLE PRESTASIE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2013

	Nota	2012/13 R'000	2011/12 R'000
INKOMSTE			
Jaarlikse toeëiening	1	392,274	352,480
Departementele inkomste	2	192	1,121
Totale inkomste		392,466	353,601
UITGAWE			
Lopende uitgawe			
Vergoeding van werknemers	3	137,226	125,700
Goedere en dienste	4	114,419	104,140
Totale lopende uitgawe		251,645	229,840
Oorplasinge en subsidies			
Oorplasinge en subsidies	6	129,442	112,282
Totale oorplasinge en subsidies		129,442	112,282
Uitgawe op kapitaalbates			
Tasbare kapitaalbates	7	9,114	9,665
Sagte ware en ander nie-tasbare bates	7	14	21
Totale uitgawe op kapitaalbates		9,128	9,686
Betalings vir finansiële bates	5	335	80
TOTALE UITGAWE		390,550	351,888
SURPLUS VIR DIE JAAR		1,916	1,713
Rekonsiliasie van netto surplus vir die jaar			
Bewilligde gelde	11	1,724	592
Departementele inkomste	2	192	1,121
SURPLUS VIR DIE JAAR		1,916	1,713

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 31 MAART 2013

	Nota	2012/13 R'000	2011/12 R'000
BATES			
Lopende bates		1,815	691
Kontant en kontantekwivalente	8	432	135
Voorafbetalings en voorskotte	9	-	32
Ontvangbares	10	1,383	524
TOTALE BATES		1,815	691
LASTE			
Lopende laste		1,810	667
Bewilligde gelde wat aan die Inkomstefonds oorgegee moet word	11	1,724	637
Departementele inkomste en NIF-kwitansies wat aan die Inkomstefonds oorgegee moet word	12	86	30
TOTALE LASTE		1,810	667
NETTO BATES		5	24
Verteenwoordig deur:			
Verhaalbare inkomste		5	24
TOTAAL		5	24

STAAT VAN VERANDERINGE IN NETTO BATES VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2013

	Nota	2012/13 R'000	2011/12 R'000
Verhaalbare inkomste			
Openingsaldo		24	4
Oorplasinge:		(19)	20
Skulde verhaal (ingesluit in departementele kwitansies)		(36)	(7)
Skulde verkry		17	27
Eindsaldo		5	24
TOTAAL		5	24

KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2013

	Nota	2012/13 R'000	2011/12 R'000
KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIVITEITE			
Kwitansies		393,291	358,566
Jaarlikse toegeëiende gelde ontvang	1.1	392,274	352,480
Departementele inkomste ontvang	2	1,017	6,086
Netto (toename)/ afname in bedryfskapitaal		(827)	(60)
Oorgegee aan Inkomstefonds		(1,598)	(6,703)
Lopende betalings		(251,645)	(229,840)
Betalings vir finansiële bates		(335)	(80)
Oorplasinge en subsidie betaal		(129,442)	(112,282)
Netto kontantvloei beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	13	9,444	9,601
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIVITEITE			
Betalings vir kapitaalbate	7	(9,128)	(9,686)
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		(9,128)	(9,686)
KONTANTVLOEI UIT BEFONDSINGSAKTIVITEITE			
Toename/(afname) in netto bates		(19)	20
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		(19)	20
Netto toename /(afname) in kontant en kontant-ekwivalente		297	(65)
Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk		135	200
Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk	14	432	135

Die Finansiële State is voorberei ooreenkomstig die beleidsrigtings hieronder, wat in alle materiële opsigte konsekwent toegepas is, tensy anders aangedui. Waar van toepassing en sinvol, is alle bykomende inligting verklaar om die nut van die finansiële state aan te vul en om aan die statutêre vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999, soos gewysig deur Wet 29 van 1999) en die Tesourieregulasies, uitgereik ingevolge die Wet en die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2012 (Wet 5 van 2012) te voldoen.

1. VOORLEGGING VAN DIE FINANSIËLE STATE

1.1 Grondslag vir voorbereiding

Die finansiële state is op 'n aangepaste rekeningkundige kontantgrondslag voorberei. Hiervolgens word die uitwerking van transaksies en ander gebeure in die finansiële rekords erken wanneer die voortspruitende kontant ontvang of betaal word. Die "wysiging" spruit voort uit die erkenning van sekere naby-kontantbalanse in die finansiële state, asook die herwaardering van buitelandse beleggings en lenings en die erkenning van gevolglike hervalueringwinsten en -verliese.

Daarbenewens word aanvullende inligting in die openbaringsnotas by die finansiële state verskaf waar dit as nuttig vir die gebruikers van die finansiële state geag word.

1.2 Aanbiedingsvaluta

Alle bedrae word in die valuta van die Suid-Afrikaanse Rand (R) gebied, wat ook die funksionerende valuta van die Departement is.

1.3 Afronding

Tensy anders aangedui, is alle finansiële syfers afgerond tot die naaste eenduisend Rand (R'000).

1.4 Vergelykende syfers

Vergelykende inligting vir die voorafgaande tydperk word in die huidige jaar se finansiële state aangebied. Waar nodig, is syfers uit die voorafgaande tydperk se finansiële state herklassifiseer om te verseker dat die formaat waarin die inligting aangebied word, konsekwent met die formaat van die huidige jaar se finansiële state is.

1.5 Vergelykende syfers – toeëieningstaat

'n Vergelyking tussen werklike bedrae en finale aanpassing per hoofklassifikasie van uitgawe word by die Toeëieningstaat ingesluit.

2. INKOMSTE

2.1 Toegeëiende gelde

Toegeëiende gelde bestaan uit departementele toewysings asook regstreekse koste teenoor die Inkomstefonds (d.w.s. statutêre toeëiening).

Toegeëiende gelde word erken in die finansiële rekords op die datum dat die toeëiening van krag word. Aanpassings wat ingevolge die aanpassings-begrotingsproses gemaak is, word in die finansiële rekords erken op die datum dat die toeëiening van krag word.

Onbestede toegeëiende gelde word aan die Provinsiale Inkomstefonds oorgegee. Enige bedrae wat aan die einde van die boekjaar aan die Provinsiale Inkomstefonds verskuldig is, word in die staat van finansiële posisie as betaalbaar erken.

Enige bedrag wat aan die einde van die boekjaar uit die Provinsiale Inkomstefonds verskuldig is, word in die staat van finansiële posisie as ontvangbaar erken.

2.2 Departementele inkomste

Alle departementele inkomste word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer dit ontvang word en word daarna in die Provinsiale Inkomstefonds oorbetal, tensy anders vermeld.

Enige bedrag verskuldig aan die Provinsiale Inkomstefonds word as 'n betaalbare in die staat van finansiële posisie erken.

Geen aangroeiing word vir bedrae ontvangbaar gemaak vanaf die laaste ontvangsdatum tot die einde van die verslagtydperk nie. Hierdie bedrae word egter geopenbaar in die openbaringsnota by die Jaarlikse Finansiële State.

2.3 Regstreekse Skatkiskwitasies

Alle regstreekse Skatkiskwitasies word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer die kontant ontvang word en daarna oorbetal in die Provinsiale Inkomstefonds, tensy anders vermeld.

Enige bedrag verskuldig aan die Provinsiale Inkomstefonds aan die einde van die boekjaar word as 'n betaalbare in die staat van finansiële prestasie erken.

2.4 Regstreekse Skatkisbetalings

Alle regstreekse Skatkisbetalings word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer finale magtiging vir betaling op die stelsel uitgevoer is (teen nie later nie as 31 Maart elke jaar).

2.5 Hulpbystand

Hulpbystand word as inkomste erken wanneer dit ontvang word.

Alle in natura-hulpbystand word in die bylaes tot die jaarlikse finansiële state teen billike waarde op die datum van ontvangs geopenbaar.

Die kontantbetalings wat gedurende die jaar gemaak is ten opsigte van hulpbystandprojekte word as uitgawe in die staat van finansiële prestasie erken wanneer finale magtiging vir betaling op die stelsel uitgevoer word (teen nie later nie as 31 Maart elke jaar).

Die waarde van die bystand wat as geheel afgeskryf is voor die ontvangs van gelde word as 'n ontvangbare in die staat van finansiële posisie erken.

Ontoepaslik afgeskryfde bedrae wat gebruik maak van hulpbystand en enige ongebruikte bedrae word as betaalbares in die staat van finansiële posisie erken.

Alle CARA-gelde wat ontvang is, moet as inkomste aangedui word wanneer gelde ontvang word. Die kontantbetalings wat gedurende die jaar ten opsigte van CARA-geormerkte projekte gemaak is, word as uitgawe in die staat van finansiële prestasie erken wanneer finale magtiging vir betalings op die stelsel uitgevoer word (teen nie later nie as 31 Maart elke jaar).

Ontoepaslik afgeskryfde bedrae wat van CARA-gelde gebruik maak, word as betaalbares in die staat van finansiële posisie erken. Enige onbenutte bedrae word oorgedra na retensiefondse, omdat dit nie aan die inkomstefonds oorhandig word nie.

3. UITGAWE

3.1 Vergoeding van werknemers

3.1.1 Salarisse en lone

Salarisse en lone word as geheel afgeskryf in die staat van finansiële prestasie wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel uitgevoer word (teen nie later nie as 31 Maart elke jaar).

Ander werknemersvoordele wat tot 'n bestaande wettige of konstruktiewe verpligting aanleiding gee, word in die openbaringsnotas by die finansiële state teen die sigwaarde daarvan geopenbaar en word nie in die staat van finansiële prestasie of posisie erken nie.

Werknemerskoste word teen die koste van 'n kapitaalprojek gekapitaliseer wanneer 'n werknemer meer as 50% van sy of haar tyd aan die projek bestee. Hierdie betalings word in die staat van finansiële prestasie as uitgawe aan kapitaalbate aangedui.

3.1.2 Maatskaplike bydraes

Werkgewersbydraes tot na-indiensnemingsvoordeelplanne ten opsigte van huidige werknemers word as geheel afgeskryf in die staat van finansiële prestasie wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel uitgevoer word (teen nie later nie as 31 Maart van elke jaar).

Geen voorsiening word vir aftredingsvoordele in die finansiële state van die Departement gemaak nie. Enige potensiele laste word in die finansiële state van die Provinsiale Inkomstefonds geopenbaar en nie in die finansiële state van die werkgewersdepartement nie.

Werkgewersbydraes (soos mediese voordele) wat deur die Departement vir sommige van die voormalige werknemers gemaak is, word in die staat van finansiële prestasie as "oorplasing na huishoudings" geklassifiseer.

3.2 Goedere en dienste

Betalings wat gedurende die jaar vir goedere en/of dienste gemaak is, word as 'n uitgawe in die staat van finansiële prestasie erken wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel uitgevoer word (teen nie later nie as 31 Maart van elke jaar).

Die uitgawe word as kapitaal geklassifiseer indien die goedere en/of dienste vir 'n kapitaalprojek verkry is, of indien die totale uitgawe die kapitaliseringsdrempel (tans R5 000) oorskry. Alle ander uitgawes word as lopend geklassifiseer.

Huurgeld wat vir die gebruik van geboue of ander vaste strukture betaal is, word as goedere en dienste geklassifiseer en nie as huur op grond nie.

3.3 Rente en huur op grond

Rente en huurbetalings word as 'n uitgawe in die staat van finansiële prestasie erken wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel uitgevoer word (teen nie later nie as 31 Maart elke jaar). Hierdie item sluit nie huurgeld vir die gebruik van geboue of ander vaste strukture in nie. Indien dit nie moontlik is om te onderskei tussen betaling vir die gebruik van grond en die vaste strukture daarop nie, behoort die hele bedrag onder goedere en dienste aangeteken te word.

3.4 Betalings vir finansiële bate

Skulde word afgeskryf wanneer dit as onverhaalbaar geïdentifiseer word. Skulde wat afgeskryf is, word beperk tot die bedrag van besparings en/of onderbesteding van aangewende gelde. Die afskrywing vind teen jaareindes plaas of wanneer gelde beskikbaar is. Geen voorsiening word gemaak vir onverhaalbare bedrae nie, maar 'n beraming word by die openbaringsnotas by die finansiële staatbedrae ingesluit.

Alle ander verliese word erken wanneer magtiging vir die erkenning daarvan verleen is.

3.5 Oorbetalings en subsidies

Oorbetalings en subsidies word as 'n uitgawe erken wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel uitgevoer word (teen nie later nie as 31 Maart van elke jaar).

3.6 Ongemagtigde uitgawe

Bevestigde ongemagtigde uitgawe word as 'n bate in die staat van finansiële posisie erken tot tyd en wyl die uitgawe óf goedgekeur word deur die toepaslike gesag, óf van die verantwoordelike persoon verhaal word, óf as onverhaalbaar in die staat van finansiële prestasie afgeskryf word.

Ongemagtigde uitgawe wat met befondsing goedgekeur is, word de-erken in die staat van finansiële posisie wanneer die ongemagtigde uitgawe goedgekeur word en die betrokke gelde ontvang word.

Waar die bedrag sonder befondsing goedgekeur word, word dit as uitgawe in die staat van finansiële prestasie op die goedkeuringsdatum erken.

3.7 Vrugtelose en verkwistende uitgawe

Vrugtelose en verkwistende uitgawe word volgens die aard van die betaling in die staat van finansiële prestasie as uitgawe erken en nie as 'n afsonderlike lynitem op sig van die staat nie. Indien die uitgawe verhaalbaar is, word dit as 'n bate behandel totdat dit van die verantwoordelike persoon verhaal word, of as onverhaalbaar in die staat van finansiële prestasie afgeskryf word.

3.8 Onreëlmatige uitgawe

Onreëlmatige uitgawe word as uitgawe in die staat van finansiële prestasie erken. Indien die uitgawe nie deur die toepaslike gesag gekondoneer word nie, word dit as 'n bate behandel, totdat dit verhaal word, of as onverhaalbaar afgeskryf word.

4. BATES

4.1 Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente word teen koste in die staat van finansiële posisie gedra.

Oortrokke bankrekeninge word afsonderlik op sig van die staat van finansiële posisie aangedui.

Vir die doeleinde van die kontantvloeistaat, bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande, deposito's wat gehou word, ander korttermyn hoogs likiede beleggings en bankoortrekkings.

4.2 Ander finansiële bates

Ander finansiële bates word teen koste in die staat van finansiële posisie gedra.

4.3 Voorafbetalings en voorskotte

Bedrae wat vooraf betaal is of voorgeskiet is, word erken in die staat van finansiële posisie waar betalings gemaak word, en de-erken wanneer goedere/dienste ontvang word of die fondse benut word.

Voorafbetalings en voorskotte wat aan die einde van die jaar uitstaande is, word in die staat van finansiële posisie teen koste gedra.

4.4 Ontvangbares

Ontvangbares wat in die staat van finansiële posisie ingesluit is, ontstaan uit kontantbetalings wat verhaalbaar is van 'n ander party (met inbegrip van departementele werknemers) en word de-erken by verhaling of afskrywing.

Ontvangbares wat teen jaareinde uitstaande is, word in die staat van finansiële posisie teen koste plus enige opgelopen rente gedra. Bedrae wat potensieel onverhaalbaar is, word by die openbaringsnotas ingesluit.

4.5 Beleggings

Gekapitaliseerde beleggings word teen koste in die staat van finansiële posisie aangedui. Beleggings word vir 'n waardedalingsverlies getoets wanneer gebeure of veranderinge in omstandighede aandui dat die belegging se waarde moontlik gedaal het. Enige belemmeringsverlies word by die openbaringsnotas ingesluit.

4.6 Lenings

Lenings word in die staat van finansiële posisie erken wanneer die kontant aan die begunstigde betaal word. Lenings wat teen jaareinde uitstaande is, word teen koste plus opgelopen rente in die staat van finansiële posisie gedra.

Bedrae wat potensieel onverhaalbaar is, word by die openbaringsnotas ingesluit.

4.7 Inventaris

Inventarisse wat vir erkenning kwalifiseer, moet aanvanklik teen koste weergegee word. Waar inventarisse teen 'geen koste', of teen 'n nominale bedrag verkry word, moet hul koste hul billike waarde op die verkrygingsdatum wees.

Alle inventaris-items word teen jaareinde weergegee deur van die geweegde gemiddelde koste of die EIEU-kosteformule gebruik te maak.

Vir die verslagtydperk word biblioteekboeke/-materiaal wat vir verspreiding aangekoop is, as geringe bates aangeteken.

4.8 Kapitaalbates

4.8.1 Roerende bates

Aanvanklike erkenning

'n Kapitaalbate word by ontvangs van die item teen koste aangeteken. Koste van 'n bate word gedefinieer as die totale koste van verkryging. Waar die koste nie akkuraat bepaal kan word nie, word die roerende kapitaalbate teen billike waarde aangedui. Waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die kapitaalbate in die bateregister teen R1 ingesluit.

Alle bates verkry voor 1 April 2002 word in die register teen R1 ingesluit.

Daaropvolgende erkenning

Daaropvolgende uitgawe van 'n kapitaalaard word in die staat van finansiële prestasie as "uitgawe vir kapitaalbate" aangegee en word in die bateregister by voltooiing van die projek gekapitaliseer.

Herstelwerk en instandhouding word as geheel as lopende "goedere en dienste" in die staat van finansiële prestasie afgeskryf.

4.8.2 Nie-roerende bates

Aanvanklike erkenning

'n Kapitaalbate word by ontvangs van die item teen koste aangedui. Die koste van 'n bate word as die totale koste van verkryging gedefinieer. Waar die koste nie akkuraat bepaal kan word nie, word die nie-roerende kapitaalbate as R1 aangegee, tensy die billike waarde vir die bate betroubaar beraam is.

Daaropvolgende erkenning

Onvoltooide werk van 'n kapitaalaard word in die staat van finansiële prestasie as "uitgawe vir kapitaalbate" aangedui. By voltooiing word die totale koste van die projek in die bateregister van die departement wat regens die bate besit, of in die bateregister van die provinsiale/nasionale Departement van Openbare Werke ingesluit.

Herstelwerk en instandhouding as geheel word in die staat van finansiële prestasie as lopende "goedere en dienste" afgeskryf.

4.8.3 Nie-tasbare bates

Aanvanklike erkenning

'n Nie-tasbare bate word teen koste in die bateregister by ontvangs van die item aangedui. Die koste van 'n nie-tasbare item word gedefinieer as die totale koste van verkryging. Waar die koste nie akkuraat bepaal kan word nie, word die nie-tasbare bate teen billike waarde aangegee. Waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die nie-tasbare bate teen R1 by die bateregister ingesluit.

Alle nie-tasbare bates voor 1 April 2002 verkry, kan teen R1 by die bateregister ingesluit word.

Daaropvolgende erkenning

